

# Burgerskap, Openbare deelname en Demokrasie



Enigste studiegids vir  
**CPD1501**

Universiteit van Suid-Afrika,  
Pretoria

© 2013 Universiteit van Suid-Afrika

Alle regte voorbehou

Gedruk en uitgegee deur die  
Universiteit van Suid-Afrika  
Muckleneuk, Pretoria

CPD1501/1/2014–2016

70083088

InDesign

# INHOUDSOPGAWE

<b>VOORWOORD</b>	iv
<b>DEEL A: Burgerreg</b>	<b>1</b>
<b>WOORDELYS VAN SLEUTELTERME</b>	<b>1</b>
<b>STUDIE-EENHEID 1: Wetgewende geskiedenis van Suid-Afrikaanse burgerreg en die verkryging van burgerskap</b>	<b>3</b>
<b>STUDIE-EENHEID 2: Verlies, gevolge van verlies en die herneming van Suid-Afrikaanse burgerskap</b>	<b>20</b>
<b>STUDIE-EENHEID 3: Burgerregte, voorregte en voordele en die beperking van burgerregte</b>	<b>34</b>
<b>STUDIE-EENHEID 4: Immigrante, migrante en vlugteling</b>	<b>40</b>
<b>VERWYSINGS</b>	<b>54</b>
<b>DEEL B: Demokrasie en openbare deelname</b>	<b>57</b>
<b>INLEIDING</b>	<b>57</b>
<b>WOORDELYS VAN SLEUTELTERME</b>	<b>58</b>
<b>STUDIE-EENHEID 5: Demokrasie en openbare deelname</b>	<b>60</b>
<b>STUDIE-EENHEID 6: Regering in 'n Suid-Afrikaanse demokrasie</b>	<b>75</b>
<b>STUDIE-EENHEID 7: Openbare deelname aan nasionale regering</b>	<b>96</b>
<b>STUDIE-EENHEID 8: Openbare deelname aan provinsiale en plaaslike regering</b>	<b>104</b>
<b>VERWYSINGS</b>	<b>117</b>

# VOORWOORD

## INLEIDING EN ORIËNTASIE

Welkom by hierdie module in Burgerskap, Demokrasie en Openbare deelname – en goed gedaan! Jy wonder seker waarom ons sê “goed gedaan”. Ons dink jy het ’n goeie besluit geneem om te belê. Inderdaad, deur vir hierdie module in te skryf maak jy ’n wonderlike belegging. Opvoeding, kennis en bevoegdheid kan nie van jou weggeneem word nie.

Hoe meer mens leer en ’n aktiewe poging aanwend om te leer, hoe groter is die kans dat ons dinge kan verbeter deur aktief te werk aan ’n beter lewenskwaliteit vir onself en vir diegene na aan ons. Daar is so baie maniere waarop, en situasies waaruit ons kan leer. Die feit dat jy vir hierdie module ingeskryf het, is een manier wat van kritieke belang is om formeel betrokke te raak by die een of ander vorm van leer en ontwikkeling.

Ons is besig om fundamente in meer as een sin te lê. Hopelik sal jy na voltooiing van hierdie module ’n stewige fondament hê waarop jy die pararegsgebied kan betree met meer vertroue en ’n begeerte om jou regstudie voort te sit. Die pararegsdiploma sal jou in staat stel om doeltreffend in die pararegsgewing te werk, of jy nou in die openbare sektor, in ’n gemeenskapgebaseerde advieskantoor of selfs in ’n privaat praktyk werk.

Hierdie module is een van dié wat jy moet voltooi en slaag ten einde die pararegsdiploma te verwerf waarvoor jy ingeskryf het. Ons is seker dat jy hierdie vak sal geniet, aangesien dit ’n redelik nuwe afdeling van die Suid-Afrikaanse reg is weens die feit dat Suid-Afrika in 1994 ’n demokrasie geword het. Ons het hierdie Studiegids op ’n duidelike en bondige wyse saamgestel sodat jy dit relatief maklik sal vind om dit te bestudeer.

## DIE DOEL VAN HIERDIE MODULE

Die doel van hierdie module is om jou in staat te stel om die begrippe ten aansien van burgerskap, demokrasie en die Grondwet te verstaan en te identifiseer, en ook om te evalueer wat hulle rol in die samelewing is deur te beskryf hoe die publiek aan ’n demokratiese staat soos Suid-Afrika moet deelneem.

Hierdie module sal jou dus toerus met voldoende teoretiese kennis, vaardighede en bevoegdhede om situasies of gevallestudies oor burgerskap

en demokrasie in Suid-Afrika te ontleed en te evalueer. Jy behoort 'n kliënt se behoeftes te kan ontleed en oplossings te kan voorstel.

Studente wat hierdie module afgehandel het, sal demokratiese beginsels op praktiese situasies kan toepas wat moontlik in die praktyk kan ontstaan.

Die module sal hulle verder in staat stel om doeltreffend in die para-regsgewing te werk en behoort nuttig te wees vir diegene wat in die openbare sektor, 'n gemeenskapgebaseerde advieskantoor of by 'n privaat praktyk werk of van voorneme is om daar te werk.

## VOORGESKREWE HANDBOEK

Daar is geen voorgeskrewe handboek vir hierdie module nie; jy het net hierdie studiegids nodig. Die hofsake en artikels in bepaalde wette wat in die studiegids genoem word, is voldoende vir die eksamen en jy hoef nie enige verdere navorsing op jou eie te doen nie. As jy meer lees oor 'n onderwerp, sal dit jou help om sekere begrippe in meer besonderhede te verstaan. Ons moedig jou aan om in jou eie belang soveel moontlik te lees en om jou kennis uit te bou.

**Jy sal beslis 'n kopie van die 1996-Grondwet nodig hê. Jy kan ook die sakboekuitgawe van die Grondwet gebruik wat 'n paar jaar gelede gratis by poskantore uitgedeel is of jy kan die Grondwet van die webtuiste van die Konstitusionele Hof by [www.constitutionalcourt.org.za](http://www.constitutionalcourt.org.za) aflaai. Jy kan ook die Grondwet in die ander amptelike tale op hierdie webtuiste kry.**

## STUDIEGIDS

Hierdie studiegids lei jou deur die voorgeskrewe leerplan, en as jy sukses wil behaal in hierdie module, moet jy verstaan hoe die studiegids werk.

Soos jy sal sien, is hierdie module in twee dele verdeel, **Deel A** en **Deel B**.







**Deel A**, wat oor burgerreg handel, bevat vier studie-eenhede. Aan die einde van elke studie-eenheid is daar aktiwiteite wat jy moet voltooi. Jy moet daarna jou antwoorde vergelyk met die terugvoering wat gegee word. Ten einde te bepaal hoeveel jy nog in elke eenheid moet studeer, moet jy asseblief seker maak dat jy die aktiwiteite self aandurf voordat jy dit met die terugvoering op elke aktiwiteit vergelyk.

**Deel B**, wat oor openbare deelname en demokrasie handel, bevat ook vier studie-eenhede. Soos by deel A is daar in deel B ook aktiwiteite aan die einde van elke studie-eenheid wat jy moet voltooi. Soos ons reeds in deel A aangedui het, is dit belangrik om eers self die aktiwiteite aan

te durf voordat jy dit met die terugvoering op elke aktiwiteit vergelyk. Sodoende kan jy bepaal hoeveel jy nog in elke studie-eenheid moet leer.

Jy moet die hele studiegids deeglik deurwerk en seker maak dat jy kennis neem van die leeruitkomste aan die begin van elke studie-eenheid en die aktiwiteite of selfevaluasie-oefeninge doen. Hierdie aktiwiteite is baie belangrik, aangesien die doel daarmee is om die werk wat jy in elke studie-eenheid bestudeer het met die res van die module te integreer.

Die volgende “padtekens” is regdeur die studiegids gebruik om jou te help om jou weg te vind.

Icoon	Beskrywing
	<p><b>Leeruitkomste.</b> Hierdie ikoon toon aan watter aspekte van die bepaalde onderwerp jy moet bemeester en verstaan.</p>
	<p><b>Aktiwiteit.</b> Hierdie ikoon toon die aktiwiteite aan wat jy moet doen om 'n dieper begrip van die studiemateriaal te ontwikkel.</p>
	<p><b>Selfassessering.</b> Hierdie ikoon toon aan dat jy jou kennis, begrip en toepassing van die materiaal moet toets wat jy bestudeer het.</p>
	<p><b>Terugvoering.</b> Hierdie ikoon toon aan dat jy terugvoering sal ontvang op jou antwoorde op die selfassesseringsaktiwiteite en -vrae.</p>
	<p><b>Lees.</b> As ons aan die hand doen dat jy 'n sekere artikel moet lees, moet jy kennis neem van die inhoud, omdat daardie artikel nuttige agtergrondinligting bevat of 'n ander perspektief of verdere voorbeelde bied.</p>
	<p><b>Bestudeer.</b> Hierdie ikoon dui aan watter aspekte van die studiemateriaal jy moet bestudeer en internaliseer.</p>

## UITKOMSTE VAN MODULES EN STUDIE-EENHEDE

Aan die begin van elke studie-eenheid word die uitkomste uiteengesit. Die uitkomste gee jou 'n idee van wat verwag word dat jy moet ken nadat jy elke studie-eenheid bestudeer het. Lees altyd vlugtig deur hierdie studie-eenheid-uitkomste voor jy begin om elke studie-eenheid

deeglik te lees. Die uitkomstes sal ook die gebiede aandui waarop jy moet konsentreer.

Daar is sewe uitkomstes vir hierdie module.

Die uitkomstes in **DEEL A** wat oor burgerreg handel, sal dit vir jou maklik maak om die volgende module se uitkomstes te verstaan:

- (i) Jy moet die wetgewende geskiedenis van burgerreg in Suid-Afrika kan bespreek en die metodes vir die verkryging van burgerskap kan toepas.
- (ii) Jy moet kan aantoon dat jy die verlies van burgerskap, die gevolg van die verlies van burgerskap asook die herneming van burgerskap in Suid-Afrika kan bespreek en op praktiese situasies kan toepas.
- (iii) Jy moet die reg ten aansien van die regte, voorregte en voordele van burgerskap in Suid-Afrika kan toepas en die beperking van burgers se regte in Suid-Afrika kan beskryf.
- (iv) Jy moet kan aantoon dat jy die wette ten aansien van immigrasie, migrasie en vlugteling in Suid-Afrika op praktiese situasies kan toepas.
- (v) In **DEEL B** van hierdie module fokus ons op die volgende komponente wat dit vir jou maklik sal maak om die uitkomstes te verstaan: ontleed die beginsels van demokrasie en openbare deelname in Suid-Afrika en pas dit op praktiese situasies toe; ondersoek die rol wat die regering in 'n Suid-Afrikaanse demokrasie speel.
- (vi) Bespreek die publiek se rol in nasionale, provinsiale en plaaslike regering.

## AKTIWITEITE EN TERUGVOERING OP AKTIWITEITE

Elke studie-eenheid sluit aktiwiteite en terugvoering op daardie aktiwiteite in. Die doel van hierdie aktiwiteite is nie alleen om jou van teoretiese kennis te voorsien nie, maar ook om te bepaal of jy voldoende kennis van burgerreg opgedoen het om dit op praktiese situasies te kan toepas. Die aktiwiteite is belangrik, aangesien hulle jou 'n aanduiding sal gee van die tipe vrae wat jy in die eksamen kan verwag. Soos voorheen genoem, is dit belangrik dat jy eers probeer om die aktiwiteite self te doen voor jy die terugvoering op die aktiwiteite raadpleeg. Dit sal jou 'n aanduiding gee hoeveel ekstra studie jy nog moet doen.

**Alle sukses met jou studie van burgerreg, openbare deelname en demokrasie.**





# DEEL A

## Burgerreg

### Beste Leerder

**Ruim asseblief die tyd in om deur hierdie inleiding te lees voordat jy enige werk in die studiegids aandurf.**

Deel A, wat oor burgerreg handel, rus jou met genoeg teoretiese kennis, vaardighede en bevoegdhede toe om situasies wat op burgerreg in Suid-Afrika van toepassing is te ontleed en te evalueer. Vir die doeleindes van hierdie module vereis burgerreg van jou om op die hoogte te wees van die wetgewende geskiedenis van Suid-Afrikaanse burgerreg, die verkryging van burgerskap, verlies daarvan, gevolge van die verlies en herneming van Suid-Afrikaanse burgerskap, burgerregte, voorregte en voordele, die beperking van burgers se regte en wetgewing rakende immigrante, migrante en vlugteling. Deel A bestaan uit vier studie-eenhede, wat soos volg voorgestel word:

### WOORDELYS MET SLEUTELTERME

Hierdie woordelys bevat definisies van sleutelbegrippe of -woorde wat jy sal teëkom wanneer jy 'n bepaalde studie-eenheid bestudeer. Dit is belangrik, aangesien jy al hierdie woorde behoorlik moet verstaan. Lees die woordelys deur voor jy begin studeer en raadpleeg dit elke keer as jy 'n woord in die studiegids teëkom wat jy nie verstaan nie.

<b>TERM</b>	<b>DEFINISIE</b>
Wet	Wetgewing, byvoorbeeld die Wet op Burgerskap 88 van 1995
Burgerskap Grondwet	Regsverhouding tussen 'n persoon en 'n staat Stelsel van fundamentele beginsels waarvolgens 'n volk regeer word
Afkoms Uitlewering	Afstamming van voorgeslagte Die oorhandiging van 'n persoon wat 'n beweerde voortvlugtige van die gereg is of van 'n misdadiger deur een staat aan 'n ander staat
Ibid	Vir die doel van hierdie gids beteken dit dieselfde outeur en dieselfde bladsy waarna bo verwys is

Naturalisasie	Om aan 'n buitelanders dieselfde regte en voorregte van 'n burger toe te ken
TBVC-state	Voormalige onafhanklike tuislande: Transkei, Bophuthatswana, Venda en Ciskei

# Studie-eenheid 1

## Wetgewende geskiedenis van Suid-Afrikaanse burgerreg en die verkryging van burgerskap

### Inhoud

---

- 1.1 Inleiding
  - 1.2 Wetgewende geskiedenis van Suid-Afrikaanse burgerreg
  - 1.3 Metodes vir die verkryging van burgerskap ingevolge die wet op herlewing en uitbreiding van Suid-Afrikaanse Burgerskap 88 van 1995
  - 1.4 Dokumente wat ingedien moet word saam met 'n aansoek om burgerskap deur naturalisasie
  - 1.5 Metodes vir die verkryging van burgerskap kragtens die Wysigingswet op Suid-Afrikaanse Burgerskap 17 van 2010
  - 1.6 Samevatting
- 



### Leeruitkomste

---

Nadat jy hierdie studie-eenheid bestudeer het, behoort jy

- die wetgewende geskiedenis van burgerreg in Suid-Afrika te kan bespreek
  - die metodes vir die verkryging van burgerskap op praktiese situasies te kan toepas
- 

## 1.1 INLEIDING

In hierdie studie-eenheid ontleed ons die kort wetgewende geskiedenis van Suid-Afrikaanse burgerreg. Die doel van die wetgewende geskiedenis is om jou te help om te verstaan hoe burgerreg oor die jare ontwikkel het. Dit sal jou ook 'n dieper insig gee in die belangrikheid van burgerreg, aangesien dit nie alleen iemand se status bepaal nie, maar ook die regsverhouding tussen 'n persoon en die staat skep. Jy moet altyd onthou dat daar kragtens die Wet op Suid-Afrikaanse Burgerskap 88 van 1995 (hierna genoem die Wet op Burgerskap 1995) drie verskillende maniere is waarop mens Suid-Afrikaanse burgerskap kan verkry. Hierdie maniere word bespreek.

Dit is die moeite werd om daarop te let dat die reg oor die verskillende maniere waarop burgerskap verkry kan word effens kan verander wanneer die Wysigingswet op Suid-Afrikaanse Burgerskap 17 van 2010 (hierna genoem die Wysigingswet op Burgerskap 2010) in werking tree. Dit het

Suid-Afrika meer as 15 jaar geneem om die Wet op Burgerskap van 1995 te wysig en die resultaat is die Wysigingswet op Burgerskap 2010. Dit is interessant om vas te stel of die Wysigingswet op Burgerskap 2010 enige veranderings teweeggebring het aan die wyse waarop burgerskap verkry word. Vir jou belang ontleed hierdie studie-eenheid ook die verkryging van burgerskap ingevolge die Wysigingswet van 2010. Jy moet egter onthou dat hierdie Wysigingswet nog nie in werking getree het nie. Jy moet dus met die oog op die **eksamen** konsentreer op die verkryging van burgerskap ingevolge die Wet op Burgerskap 1995, soos gewysig deur die Wysigingswet op Suid-Afrikaanse Burgerskap 69 van 1997.

## 1.2 WETGEWENDE GESKIEDENIS VAN SUID-AFRIKAANSE BURGERREG

*Wetgewende  
geskiedenis van  
Suid-Afrikaanse  
burgerreg*



**Figuur 1:** Piramide

Vir die doel van hierdie skrywe, Studiegids, fokus die geskiedenis van Suid-Afrikaanse burgerskap op 'n kort wetgewende geskiedenis van burgerskap, eerder as op die geskiedkundige konteks. Dit beteken dat ons net die wetgewende geskiedenis ontleed en nie ander geskiedkundige konteks wat betrekking het op burgerreg nie. Hierdie wetgewende geskiedenis kan so ver terug as 1949 teruggevoer word toe die Wet op Suid-Afrikaanse Burgerskap 49 van 1949 uitgevaardig is. Dit is belangrik dat jy daarop let dat daar voor die Wet op Suid-Afrikaanse Burgerskap van 1949 geen Suid-Afrikaanse burgers was nie, maar net Britse onderdane en Unieburgers (Klaaren 2000:223).

Die status van Suid-Afrikaanse burgerskap het eers in 1949 tot stand gekom toe die Wet op Suid-Afrikaanse Burgerskap 49 van 1949 in werking getree het (*ibid*, met verwysing na a 38 van die Wet op Burgerskap van 1949 wat bepaal dat 'n verwysing in ander wetgewing na Unienasionaliteit beskou moet word as 'n verwysing na Suid-Afrikaanse burgerskap). Suid-Afrikaanse burgerskap ingevolge hierdie 1949-Wet was nie net tot Suid-Afrikaners beperk nie, aangesien hierdie Wet Suid-Afrikaanse burgerskap ook uitgebrei het na Statebondslande deur hulle toe te laat om te registreer vir en daardeur Suid-Afrikaanse burgerskap te bekom (*ibid*). Hierdie manier waarop Suid-Afrikaanse burgerskap tot burgers van Statebondslande uitgebrei is, het nie lank geduur nie, aangesien hierdie registrasiebepaling geskrap is 'n jaar nadat Suid-Afrika in 1961 tot Republiek verklaar is (*ibid*, met verwysing na a 19 van die Wet op Statebondsbetrekkinge van 1962).

Jy moet altyd onthou dat Suid-Afrikaanse burgerreg ingevolge die Wet op Burgerskap van 1949 nie stemreg aan elke Suid-Afrikaanse burger verleen het nie, aangesien dit deur ras bepaal is (Klaaren 2000:224). Swart mense het byvoorbeeld nie die volle regte van burgerlike en politieke deelname geniet nie. Selfs die Wet op Swart Tuisland Burgerskap van 1970 het nie hierdie situasie waardeur swart mense stemreg ontnem is, opgelos nie. Al wat die Wet op Swart Tuisland Burgerskap van 1970 teweeggebring het, was om bykomende burgerskapstatus te verleen op grond van 'n verband met een van die aangewese tuislande deur taal, kultuur of ras (*ibid*, met verwysing na a 2(4) van die Wet op Swart Tuisland Burgerskap). Artikel 2(4) van die Wet op Swart Tuisland Burgerskap het gedeeltelik as volg bepaal: 'n burger van 'n territoriale gesagsgebied (tuisland) word nie as vreemdelinge in die Republiek beskou nie en bly vir alle doeleindes 'n burger van die Republiek en volle beskerming word deur die Republiek aan hom of haar verleen ingevolge die volkereg. Dit beteken dat Suid-Afrikaanse burgerskap aan swart mense slegs volle beskerming ingevolge die volkereg verleen het.

Mense wat burgers van die Bantoetuislande was, het hul Suid-Afrikaanse burgerskap slegs verloor toe onafhanklikheid aan hul tuislande verleen is (*ibid*). Burgerskap van TBVC-burgers wat permanent in Suid-Afrika woonagtig was, is eers in 1986 deur die Wet op Herverlening van Suid-Afrikaanse Burgerskap 73 van 1986 herstel (Klaaren 2000:226). Herverlening van Suid-Afrikaanse burgerskap aan TBVC-burgers is verder bevestig deur die Wet op die Herverlening en Uitbreiding van Suid-Afrikaanse Burgerskap 196 van 1993 (Klaaren 2000:228). Dit beteken dat Suid-Afrikaanse burgerskap voor die aanvang van grondwetlike demokrasie nie alleen op wetgewing gegrond was nie, maar ook nie veel beteken het nie (Klaaren 2010: 94).

Die Grondwet van 1993 is daarna aanvaar, waarvolgens burgerskap volgens wet tot alle Suid-Afrikaners uitgebrei is. Dit het beklemtoon dat elke persoon wat 'n Suid-Afrikaanse burger is ingevolge hierdie Grondwet daarop geregtig sal wees om alle regte, voorregte en voordele van Suid-Afrikaanse burgerskap te geniet. Bowenal het hierdie Grondwet stemreg aan alle Suid-Afrikaanse burgers verleen en alle mense het ingevolge 'n


parlementswet die reg gehad om hul stemreg uit te oefen. Dit het ook gelei tot die herroeping van voormalige tuislandburgerskapwetgewing ingevolge die Wet op Suid-Afrikaanse Burgerskap 88 van 1995 (Klaaren 2010:95). Die tussentydse Grondwet van 1993 is later vervang deur die Grondwet van 1996, wat ook die belangrikheid van gelykheid ten opsigte van die regte, voorregte en voordele van burgerskap beklemtoon het (a 3). Soos die tussentydse Grondwet beklemtoon die Grondwet van 1996 burgerskap vir alle Suid-Afrikaners. Dit is egter interessant om daarop te let dat die Grondwet van 1996 die stemreg tot burgers beperk.

Dit is ook die moeite werd om daarop te let dat die feit dat die Suid-Afrikaanse Grondwet die term "burgerskap" gebruik, terwyl ander lande "nasionaliteit" gebruik, nie ander implikasies inhou nie, aangesien hierdie terme in die praktyk dieselfde betekenis het (Rautenbach 2008:57).

Hiermee sluit ons hierdie baie kort wetgewende geskiedenis van Suid-Afrikaanse burgerreg af.

### 1.3 METODES VIR DIE VERKRYGING VAN BURGERSKAP INGEVOLGE DIE WET OP DIE HERVERLENING EN UITBREIDING VAN SUID-AFRIKAANSE BURGERSKAP 88 VAN 1995

Soos reeds genoem, het die Wet op die Herverlening en Uitbreiding van Suid-Afrikaanse Burgerskap 88 van 1995 ná die tussentydse Grondwet in werking getree. Die Wet op die Herverlening en Uitbreiding van Suid-Afrikaanse Burgerskap 88 van 1995 maak voorsiening vir drie maniere waarop 'n persoon 'n burger van Suid-Afrika kan word. Hierdie drie maniere waarop burgerskap verkry kan word, is burgerskap deur geboorte, deur afkoms of deur naturalisasie. Dit is uiters belangrik dat jy nie net hierdie verskillende manier vir die verkryging van burgerskap verstaan nie, maar hulle ook op praktiese situasies kan toepas.



### 1.3.1 Burgerskap deur geboorte

Enigiemand wat in Suid-Afrika gebore is, verkry burgerskap deur geboorte. Dit sluit in enigiemand wat in enige van die nege provinsies van Suid-Afrika of op die Prince Edward-eilande gebore is (a 24 van die Wet op Burgerskap 1995).

Kom ons ontleed nou die verskillende maniere waarop burgerskap deur geboorte in Suid-Afrika verkry kan word.

- (1) 'n Persoon kwalifiseer vir die verkryging van Suid-Afrikaanse burgerskap deur geboorte indien hy of sy 'n Suid-Afrikaanse burger deur geboorte was onmiddellik voor die inwerkingtreddingsdatum van die Wet op Burgerskap 1995 of indien hy of sy in die Republiek gebore is op of ná die datum van inwerkingtreding van die Wet op die Burgerskap 1995.
- (2) 'n Persoon kan ook vir burgerskap deur geboorte kwalifiseer selfs al is hy of sy nie in Suid-Afrika gebore op of ná die inwerkingtreddingsdatum van die Wet op Burgerskap 1995 nie. So 'n persoon sal alleen vir burgerskap deur geboorte kwalifiseer indien sy of haar ouers of sy of haar moeder (indien hy of sy buite-egtelik is)
  - (a) in diens van die regering van die Republiek van Suid-Afrika was of
  - (b) die verteenwoordiger of die werknemer was van 'n persoon of vereniging van persone wat in die Republiek woonagtig of ingestel was of
  - (c) in diens was van 'n internasionale organisasie waarvan die regering van die Republiek toe 'n lid was

Hoewel dit gewoonlik waar is dat iemand wat in die Republiek gebore is op of ná die inwerkingtreding van die Wet op Burgerskap 1995 vir burgerskap deur geboorte kwalifiseer, is daar gevalle waar sodanige persoon nie vir burgerskap deur geboorte in Suid-Afrika kwalifiseer nie. Hierdie gevalle is:

Indien een van sy of haar ouers by sy of haar geboorte –

- (a) 'n persoon was wat in die Republiek diplomatieke immunititeit geniet het of 'n beroepsverteenvoordiger van die regering van 'n ander land was, of 'n persoon in diens in die ambassade of gesantskap van so 'n regering of die kantoor van so 'n beroepsverteenvoordiger was, of 'n lid van die huisgesin of 'n werknemer van enige sodanige persoon was of
- (b) nie wettig tot die Republiek vir permanente verblyf daarin toegelaat was nie, en sy of haar ander ouer nie 'n Suid-Afrikaanse burger was nie.

- (3) **'n Persoon wat gebore is uit sodanige ouers** kwalifiseer vir burgerskap deur geboorte indien (a) hy of sy wettig deur 'n Suid-Afrikaanse burger aangeneem word of (b) (i) hy of sy nie die burgerskap of nasionaliteit van 'n ander land het nie of nie op sodanige burgerskap of nasionaliteit geregtig is nie en (ii) sy of haar geboorte ooreenkomstig die bepalings van die Wet op die Registrasie van Geboortes en Sterftes 51 van 1992 in die Republiek geregistreer is.

Geen persoon is 'n Suid-Afrikaanse burger deur geboorte indien hy of sy, nadat hy of sy opgehou het om 'n Suid-Afrikaanse burger te wees, Suid-Afrikaanse burgerskap deur naturalisasie in die Republiek verkry het nie.



### Aktiwiteit

---

Die doel van hierdie aktiwiteit is om te bepaal of jy jou kennis van die verkryging van burgerskap deur geboorte kan toepas en om vas te stel of jy die kort wetgewende geskiedenis van burgerskap in Suid-Afrika verstaan. Jy moet die volgende vrae beantwoord om hierdie aktiwiteit te voltooi:

- (1) Peter is op 5 Junie 1998 buite die huwelik gebore en sy moeder was ten tyde van sy geboorte nie in diens van die regering van die Republiek nie. Kwalifiseer Peter vir burgerskap deur geboorte? Adviseer hom.
- (2) Themba is op 5 Junie 1998 in die Republiek gebore. Sy vader was 'n beroepsvertegenwoordiger van die regering van Zambië. Kwalifiseer Themba vir burgerskap deur geboorte in Suid-Afrika? Gee 'n rede/redes vir u antwoord.
- (3) Verduidelik die gevalle waarvolgens Themba wel vir burgerskap deur geboorte in Suid-Afrika kan kwalifiseer.
- (4) Verduidelik kortliks die wetgewende geskiedenis van Suid-Afrikaanse burgerreg.



### Terugvoer

---

- (1) *Hierdie vraag vereis dat jy eerstens die reg moet uiteensit en dit dan op gegewe feite moet toepas. Jou antwoord moet dus as volg lyk: 'n Persoon wat buite die Republiek gebore is, kwalifiseer onder andere vir burgerskap deur geboorte op of ná die inwerkingtredingsdatum van die Wet op Burgerskap 1995 as sy of haar ouers of sy moeder (indien hy buite die huwelik gebore is) in diens van die regering van die Republiek was. Aangesien Peter se moeder nie in diens van die Suid-Afrikaanse regering was ten tyde van Peter se geboorte nie, kwalifiseer Peter nie vir burgerskap deur geboorte in Suid-Afrika nie.*
- (2) *Hierdie vraag vereis ook dat jy eerstens die reg moet uiteensit en dit dan op die gegewe feite moet toepas. Jou antwoord moet dus as volg lyk: Suid-Afrikaanse burgerskap deur geboorte word nie uitgebrei na 'n persoon wat in die Republiek gebore is op of ná die inwerkingtredingsdatum van die Wet op Burgerskap 1995 indien een van sy of haar ouers ten tyde van sy of haar geboorte 'n beroepsvertegenwoordiger van die regering van 'n ander land was nie. Aangesien Themba se vader 'n beroepsvertegenwoordiger van Zambië was, kwalifiseer Themba dus nie vir burgerskap deur geboorte in Suid-Afrika nie.*
- (3) *Themba sal alleen vir burgerskap deur geboorte kwalifiseer indien:*
  - (a) *hy wettig deur 'n Suid-Afrikaanse burger aangeneem is of*



- (b) *hy nie die burgerskap of nasionaliteit van 'n ander land het nie of nie 'n reg op sodanige burgerskap of nasionaliteit het nie; en*
  - (c) *sy geboorte in die Republiek geregistreer is in ooreenstemming met die Wet op die Registrasie van Geboortes en Sterftes 51 van 1992*
- (4) *Jou antwoord moet verwysings na die volgende wette insluit: eerstens die Wet op Suid-Afrikaanse Burgerskap 49 van 1949, dan die Wet op Statebondsbetrekinge 69 van 1962, die Wet op Swart Tuisland Burgerskap van 1970, die Wet op die Herverlening van Suid-Afrikaanse Burgerskap 73 van 1986, die Wet op die Herverlening en Uitbreiding van Suid-Afrikaanse Burgerskap 196 van 1993, die tussentydse Grondwet en die 1996-Grondwet.*
- 

### *Burgerskap deur afkoms*

## 1.3.2 Burgerskap deur afkoms

Anders as burgerskap deur geboorte, behels burgerskap deur afkoms die verkryging van burgerskap deur jou voorouers. Burgerskap deur afkoms word gereël deur artikel 3 van die Wet op Burgerskap 88 van 1995, soos gewysig deur artikel 2 van die Wysigingswet op Suid-Afrikaanse Burgerskap 69 van 1997.

Daar is verskillende maniere waarop mens burgerskap deur afkoms kan verkry. Kan jy aan enige maniere dink?

Dit kan op een van die volgende maniere verkry word:

**Eerstens** kwalifiseer 'n persoon vir die verkryging van Suid-Afrikaanse burgerskap deur afkoms as hy of sy 'n Suid-Afrikaanse burger deur afkoms was onmiddellik voor die datum waarop die Wet op Burgerskap 1995 in werking getree het.

**Tweedens** kwalifiseer iemand ook vir burgerskap deur afkoms indien hy of sy buite die Republiek gebore is en sy of haar geboorte geregistreer is ingevolge die bepalings van artikel 13 van die Wet op die Registrasie van Geboortes en Sterftes 51 van 1992 en een van sy of haar ouers op die tydstip van sy of haar 'n geboorte 'n Suid-Afrikaanse burger was of sy of haar verantwoordelike ouer uitgereik is met 'n sertifikaat van herneming van vorige Suid-Afrikaanse burgerskap.

Dit is belangrik om daarop te let dat bykomend by bogenoemde tweede vereiste, 'n kind aan die volgende vereistes sal moet voldoen ten einde vir burgerskap deur afkoms te kwalifiseer:

- (a) *Hy of sy moes die Republiek binnegekome het voor hy of sy meerderjarig geword het en sy of haar geboorte moes binne een jaar na die uitreiking van sodanige sertifikaat plaasgevind het of sodanige langer tydperk soos deur die Minister in die spesiale omstandighede van die saak kan goedkeur; of*

- (b) hy of sy moet 'n kind wees wat wettig aangeneem is deur 'n Suid-Afrikaanse burger en sy of haar geboorte moes geregistreer gewees het ingevolge artikel 13 van die Wet op die Registrasie van Geboortes en Sterftes 51 van 1992.

'n Persoon wat burgerskap deur naturalisasie verkry nadat hy of sy opgehou het om 'n Suid-Afrikaanse burger te wees, word verbied om vir burgerskap deur afkoms te kwalifiseer.

Die volgende dokumente is noodsaaklik vir 'n aansoek om burgerskap deur afkoms:

- Vorm DHA-24, om jou geboorte ingevolge die Wet op die Registrasie van Geboortes en Sterftes van 1992 te registreer. As jy buite die huwelik gebore is, moet albei ouers die geboorteregistrasievorm BI-24 onderteken om ouerskap te bevestig.
- Vorm DHA-529 (voltooi deur jou en jou Suid-Afrikaanse ouers)
- Jou volledige buitelandse geboortesertifikaat
- Jou en jou ouers se huweliksertifikaat (indien van toepassing) en afskrifte daarvan
- Indien 15 jaar of ouer, 'n aansoek om 'n identiteitsdokument (**DHA-9**) met twee **identiteitsdokumentfoto's** wat voldoen aan die paspoort- en ID-fotospesifikasies
- Bewys van jou Suid-Afrikaanse ouer(s) se buitelandse burgerskap (indien hulle sodanige burgerskap verkry het) en afskrifte daarvan
- Bewys van identiteit van jou Suid-Afrikaanse ouer(s)
- Indien jy deur 'n Suid-Afrikaanse burger aangeneem is, moet 'n afskrif van die aannemingsbevel ingedien word (Departement van Binne-landse Sake – beskikbaar by <http://www.home-affairs.gov.za/> soos op 8/04/2011).

### 1.3.3 Burgerskap deur naturalisasie

*Burgerskap deur naturalisasie*

**Burgerskap deur naturalisasie kom voor** wanneer 'n buitelandse 'n sertifikaat van naturalisasie ontvang wat aan hom of haar die regte en voorregte van 'n burger gee.

Dit word gewaarborg deur artikel 4 van die Wet op Burgerskap 1995, soos gewysig deur artikel 3 van die Wysigingswet op Suid-Afrikaanse Burgerskap 1997.

**Burgerskap deur naturalisasie kan op een van die volgende twee maniere verkry word:**

'n Buitelandse kwalifiseer vir burgerskap deur naturalisasie as

- (1) hy of sy 'n Suid-Afrikaanse burger deur naturalisasie was onmiddellik voor die datum van inwerking van die Wet op Burgerskap 1995; of

- (2) 'n **sertifikaat van naturalisasie** aan hom of haar as 'n Suid-Afrikaanse burger toegestaan is op of ná die datum van inwerking-treding van die Wet op Burgerskap 1995

### 1.3.3.1 *Sertifikaat van naturalisasie*

#### *Sertifikaat van naturalisasie*

'n Sertifikaat van naturalisasie word uitgereik ingevolge artikel 5 van die Wet op Burgerskap 1995, soos gewysig deur artikel 4 van die Wysigingswet op Burgerskap 69 van 1997.

Voor 'n sertifikaat van naturalisasie aan 'n buitelandse uitgereik kan word, moet hy of sy aan sekere vereistes voldoen.

Dit is van die uiterste belang dat jy hierdie vereistes baie goed verstaan sodat jy advies sal kan gee oor die uitreiking van 'n sertifikaat van naturalisasie, waar nodig.

Die vereistes waaraan 'n buitelandse moet voldoen voordat 'n sertifikaat van naturalisasie aan hom of haar uitgereik sal word, is die volgende:

- (a) Hy of sy moet bewys dat hy of sy nie 'n minderjarige is nie (die Minister het egter 'n diskresie om 'n sertifikaat van naturalisasie aan 'n minderjarige uit te reik wanneer sy of haar ouers of voog daarom aansoek doen – a 5(4) van die Wet op Burgerskap 1995).
- (b) Hy of sy moet ook bewys dat hy of sy wettig tot die Republiek vir permanente verblyf toegelaat is en
- (c) Dat hy of sy gewoonlik in die Republiek woonagtig is en op dié wyse woonagtig was vir 'n onafgebroke tydperk van nie minder nie as een jaar onmiddellik voor die datum van sy of haar aansoek en daarby in die Republiek woonagtig was vir 'n verdere tydperk van nie minder nie as vier jaar gedurende die agt jaar onmiddellik voor die datum van sy of haar aansoek.
- (d) Hy of sy moet ook bewys dat hy of sy van goeie inbors is.
- (e) Hy of sy moet ook voornemens wees om in die Republiek te woon of om voort te gaan in diens van die regering van die Republiek of van 'n internasionale organisasie waarvan die regering van die Republiek 'n lid is of 'n persoon woonagtig in die Republiek of van 'n vereniging wat in die Republiek gevestig is.
- (f) Hy of sy moet ook kan kommunikeer in enigeen van die amptelike tale van die Republiek ter bevrediging van die Minister.
- (g) Hy of sy moet voldoende kennis dra van die verantwoordelikhede en voorregte van Suid-Afrikaanse burgerskap en
- (h) Hy of sy moes 'n verklaring van getrouheid afgelê het (a 5(6) van die Wet op Burgerskap 1995).

Ten einde behoorlike raad te kan gee, is dit belangrik om te verstaan wat die tydperk van verblyf of gewone verblyf insluit met die doel om te bepaal of 'n sertifikaat van naturalisasie aan 'n buitelanders toegestaan kan word. Ingevolge die Wet op Burgerskap 1995 sluit 'n tydperk van verblyf of gewone verblyf die volgende in:

- (1) enige tydperk waarin 'n aansoeker buite die Republiek in diens was van die regering van die Republiek of op 'n skip of lugvaartuig of 'n openbare vervoermiddel wat in die Republiek geregistreer of gelisensieer is en vandaar bestuur word
- (2) enige tydperk waartydens 'n aansoeker buite die Republiek saam met sy of haar gade woonagtig was terwyl laasgenoemde aldus in diens was en
- (3) enige tydperk na goeddunke deur die Minister, in sy of haar diskresie beskou as 'n tydperk van verblyf of gewone verblyf indien sodanige skip, lugvaartuig of openbare vervoermiddel nie in die Republiek geregistreer of gelisensieer is nie.

Dit is belangrik om daarop te let dat daar tydperke van verblyf is wat nie beskou word as 'n tydperk van verblyf met die oog op die uitreiking van 'n sertifikaat van naturalisasie nie. Daardie tydperke van verblyf is die volgende:

- (1) 'n Tydperk waartydens 'n buitelanders in 'n gevangenis of in 'n ander plek van aanhouding in die Republiek aangehou is, word nie as 'n tydperk van verblyf beskou nie of
- (2) 'n tydperk waartydens 'n buitelanders voorwaardelik, tydelik of in stryd met enige wet wat in die Republiek van krag is in die Republiek vertoef het, word ook nie as tydperk van verblyf beskou nie.

#### *1.3.3.2 Sertifikaat van naturalisasie in buitengewone omstandighede*

**'n Sertifikaat van naturalisasie in buitengewone omstandighede** word deur die Minister aan 'n applikant toegeken wat nie aan die tydperk van verblyf of gewone verblyf in die Republiek voldoen nie.

Dit beteken dat 'n buitelanders aansoek kan doen om, en 'n sertifikaat van naturalisasie kan ontvang, selfs al voldoen hy of sy nie aan die tydperk van verblyf of gewone verblyf nie. Wanneer jy in die praktyk staan, moet jy onthou dat jy 'n buitelanders kan adviseer om aansoek te doen om 'n sertifikaat van naturalisasie, selfs al voldoen hy of sy nie aan die tydperk van verblyf nie.

As die Minister 'n sertifikaat van naturalisasie in buitengewone omstandighede toegeken het, word daar van hom of haar vereis om elke jaar binne 14 dae ná die begin van die parlamentsitting die name van

enige persone in die parlement ter tafel te lê aan wie 'n sertifikaat van naturalisasie toegeken is in die jaar wat onmiddellik voorafgegaan het, asook die redes waarom sodanige sertifikaat toegeken is (a 5(9) van die Wet op Burgerskap 1995, soos gewysig deur a 4 van die Wysigingswet op Suid-Afrikaanse Burgerskap 69 van 1997).

#### 1.3.3.3 *Sertifikaat van naturalisasie ten opsigte van 'n minderjarige*

*Sertifikaat van naturalisasie ten opsigte van 'n minderjarige*

**'n Sertifikaat van naturalisasie ten opsigte van 'n minderjarige word alleen uitgereik as die minderjarige deur 'n meerderjarige bygestaan word in sy of haar aansoek om 'n sertifikaat van naturalisasie.**

**Die Wet op Burgerskap 1995 vereis dat 'n minderjarige bygestaan moet word** deur 'n verantwoordelike ouer of voog wanneer hy of sy aansoek doen om 'n sertifikaat van naturalisasie.

Jy moet altyd in gedagte hou dat 'n minderjarige, afgesien van die kwessie van bystand, permanent en wettig in die Republiek woonagtig moet wees voordat 'n sertifikaat van naturalisasie aan hom of haar uitgereik sal word.

#### 1.3.3.4 *Sertifikaat van naturalisasie ten opsigte van 'n buitelandse wat 'n gade of oorlewende gade van 'n Suid-Afrikaanse burger is*

*Sertifikaat van naturalisasie ten opsigte van 'n buitelandse wat 'n gade of oorlewende gade van 'n Suid-Afrikaanse burger is*

Die volgende voorwaardes is van toepassing voor 'n gade of oorlewende gade vir 'n sertifikaat van naturalisasie kwalifiseer:

- (1) Hy of sy moet wettig tot die Republiek toegelaat wees vir permanente verblyf en moes in die Republiek woonagtig gewees het vir 'n tydperk van nie minder nie as twee jaar onmiddellik voor die datum van sy of haar aansoek en ná die datum van sy of haar huwelik met sodanige burger of
- (2) hy of sy moet die gade wees van 'n Suid-Afrikaanse burger, en moes ingevolge enige wet ten aansien van die toelatingsbeheer van vreemdelinge toestemming verkry het om die Republiek binne te kom vir permanente verblyf en moes saam met sy of haar gade in die Republiek gewoon het of
- (3) indien sy of haar gade in diens van die regering van die Republiek buite die Republiek was, moes hy of sy saam met sy of haar gade gewoon het vir 'n tydperk van nie minder nie as twee jaar.



#### Aktiwiteit

Die doel van hierdie aktiwiteit is om vas te stel of jy jou kennis oor die verkryging van burgerskap deur naturalisasie op praktiese situasies kan toepas. Jy moet die volgende vrae beantwoord om hierdie aktiwiteit te voltooi:

- Siphon, 'n buitelandse, is skuldig bevind aan verkragting en is in 2001 tot nege jaar gevangenisstraf gevonniss. Hy het hierdie nege jaar in die Pretoria-gevangenis uitgedien. Hy nader jou om advies en sê vir jou dat hy aansoek wil doen om 'n sertifikaat van naturalisasie nadat hy tien jaar in Suid-Afrika was. Sal 'n sertifikaat van naturalisasie aan hom uitgereik word? Adviseer hom.



### Terugvoer

---

*Jy moet vasstel of 'n tydperk wat 'n buitelandse in 'n gevangenis uitgedien het as 'n tydperk van verblyf of gewone verblyf met die oog op die uitreiking van 'n sertifikaat van naturalisasie beskou word. Jou antwoord hierop behoort "nee" te wees, omdat Siphon nege jaar in 'n gevangenis deurgebring het. Die Minister sal in hierdie geval ook nie bereid wees om sy diskresie te gebruik om 'n sertifikaat van naturalisasie in buitengewone omstandighede toe te ken nie. Siphon sal dus nie vir 'n sertifikaat van naturalisasie kwalifiseer nie.*

---

## 1.4 DOKUMENTE WAT INGEDIEN MOET WORD SAAM MET 'N AANSOEK OM BURGERSKAP DEUR NATURALISASIE

- Vorm DHA 63 (**Vorms DHA-63 en DHA-757**), voltooi deur die applikant
- Die applikant se SA nieburgeridentiteitsdokument en 'n afskrif daarvan
- Die applikant se huweliksertifikaat (indien van toepassing) en 'n afskrif daarvan – indien geskei, die egskeidingsbevel en 'n afskrif daarvan
- 'n Aansoek om die heruitreiking van die applikant se identiteitsdokument, tesame met twee identiteitsdokument**foto's** wat voldoen aan die spesifikasies vir paspoort- en ID-foto's
- Die voorgeskrewe geld vir die heruitreiking van die applikant se identiteitsdokument
- Bewys van permanente verblyf/vrystelling en 'n afskrif daarvan
- Vorm SAP 91 met 'n volledige stel vingerafdrukke ten einde 'n polisieklaringsverslag te bekom vir applikante wat 18 jaar en ouer is
- Die applikant se ouers of wettige voog moet die aansoekvorm (BI-63) teken as die applikant jonger as 18 is.
- Betaling van die voorgeskrewe tarief van R300,00 ingevolge Regulasie 2 van die Veertiende Wysiging van die Regulasies gemaak kragtens die Wet op Suid-Afrikaanse Burgerskap van 1995 (Departement van Binnelandse Sake – beskikbaar by <http://www.home-affairs.gov.za/soos op 8/04/2011>).

As jy die aktiwiteite in hierdie studie-eenheid moeilik gevind het, raai ons jou aan om die studie-eenheid weer deeglik te bestudeer en weer te probeer om die vrae te beantwoord voor jy met die volgende studie-eenheid aangaan.

## 1.5 METODEDES VIR DIE VERKRYGING VAN BURGERSKAP KRAGTENS DIE WYSIGINGSWET OP SUID-AFRIKAANSE BURGERSKAP 17 VAN 2010

Soos reeds aangetoon, sal jy nie eksamen skryf oor hierdie gedeelte wat handel oor die verkryging van burgerskap ingevolge die Wysigingswet op Suid-Afrikaanse Burgerskap van 2010 nie. Dit is ingesluit om jou op die hoogte te hou met die reg indien hierdie Wet in werking sou tree voor hierdie studiegids hersien moet word. Daar is dus geen aktiwiteite oor hierdie metodes vir die verkryging van burgerskap ingevolge die Wysigingswetswet op Burgerskap van 2010 ingesluit nie.

Sodra die Wysigingswet in werking tree, sal 'n studiebrief aan jou gestuur word om jou hieroor in te lig. Op die oomblik stel die Wysigingswet van 2010 jou bloot in staat om te sien of daar enige verskille bestaan tussen die Wet op Burgerskap 1995 en die Wysigingswet 2010.

### 1.5.1 Verkryging van burgerskap deur geboorte

Soos reeds genoem, verkry enigeen wat in Suid-Afrika gebore is burgerskap by geboorte. Ingevolge die Wysigingswet van 2010 word burgerskap deur geboorte gereël deur artikel 2 van die Wysigingswet op Suid-Afrikaanse Burgerskap 17 van 2010. Kom ons ontleed nou die verskillende maniere waarop burgerskap deur geboorte ingevolge die Wysigingswet van 2010 verkry kan word.

**Eerstens** kwalifiseer iemand vir die verkryging van Suid-Afrikaanse burgerskap deur geboorte as hy of sy 'n Suid-Afrikaanse burger deur geboorte was onmiddellik voor die datum waarop die Wysigingswet op Burgerskap 2010 in werking tree, of iemand is wat binne of buite die Republiek gebore is en een van sy of haar ouers 'n Suid-Afrikaanse burger ten tyde van sy of haar geboorte was.

**Tweedens** kwalifiseer 'n persoon wat in die Republiek gebore is vir burgerskap selfs al is een van sy of haar ouers nie 'n Suid-Afrikaanse burger nie, as hy of sy nie burgerskap of nasionaliteit van enige ander land het nie, of geen reg op sodanige burgerskap of nasionaliteit het nie en sy of haar geboorte in die Republiek geregistreer is in ooreenstemming met die Wet op die Registrasie van Geboortes en Sterftes 51 van 1992.

**Derdens** kwalifiseer 'n persoon ook vir burgerskap deur geboorte as hy of sy in Suid-Afrika gebore is en sy of haar ouers is nie Suid-Afrikaanse burgers nie, maar vir permanente verblyf tot die Republiek toegelaat is. In daardie geval moet so 'n kind in die Republiek woon vanaf die datum van sy of haar geboorte tot op die datum waarop hy of sy meerderjarig (18) word en sy of haar geboorte moet in die Republiek geregistreer

wees in ooreenstemming met die Wet op die Registrasie van Geboortes en Sterftes 51 van 1992.

Volgens Watters (South African citizenship and the 2010 Citizenship Amendment Bill, available at <http://www.polity.org.za/article/south-african-citizenship-and-the-2010-citizenship-amendment-bill-2010-07-08>) gee die woorde “toegelaat tot die Republiek vir permanente verblyf” te kenne dat die bedoeling is om slegs daardie kinders te bevoordeel wie se ouers Suid-Afrika wettig binnegekom het of wie se verblyf behoorlik gereël is. Dit beteken dat kinders wie se ouers die land onwettig binnegekom het, nie sal kwalifiseer vir burgerskap nie selfs al bereik hulle die ouderdom van 18 jaar (ibid).

Let op dat 'n meerderjarige kind ingevolge die Wysigingswet op Burgerskap 2010 'n kind is wat die ouderdom van 18 jaar bereik het en ingevolge die Wet op Burgerskap 1995 'n kind is wat die ouderdom van 21 jaar bereik het.

### 1.5.2 Burgerskap deur afkoms

**Soos voorheen genoem, behels burgerskap deur afkoms dat mens burgerskap verkry deur jou voorsate.** Dit word gereël deur artikel 3 van die Wysigingswet op Burgerskap 2010.

'n Persoon kwalifiseer vir die verkryging van Suid-Afrikaanse burgerskap deur afkoms as hy of sy 'n Suid-Afrikaanse burger deur afkoms was onmiddellik voor die datum waarop die Wysigingswet op Burgerskap 2010 in werking tree.

Burgerskap deur afkoms kan ook verkry word deur iemand wat wettig deur 'n Suid-Afrikaanse burger aangeneem is en wie se geboorte ingevolge artikel 13 van die Wet op die Registrasie van Geboortes en Sterftes 51 van 1992 geregistreer is.

### 1.5.3 Burgerskap deur naturalisasie

Burgerskap deur naturalisasie, soos voorheen aangetoon, kom voor wanneer 'n buitelandse 'n sertifikaat van naturalisasie ontvang wat aan hom of haar die regte en voorregte van 'n burger verleen.

**Burgerskap deur naturalisasie word gereël deur artikel 4 van die Wysigingswet op Suid-Afrikaanse Burgerskap 17 van 2010. Die verskillende maniere waarop burgerskap deur naturalisasie verkry kan word ingevolge die Wysigingswet 2010 is die volgende:**

- **Eerstens** kwalifiseer 'n persoon vir die verkryging van Suid-Afrikaanse burgerskap deur naturalisasie as hy of sy 'n Suid-Afrikaanse burger



deur naturalisasie was onmiddellik voor die datum waarop die Wysigingswet op Burgerskap van 2010 in werking getree het.

- **Tweedens** kwalifiseer iemand ook vir burgerskap deur naturalisasie as 'n sertifikaat van naturalisasie as 'n Suid-Afrikaanse burger aan hom of haar toegeken is ingevolge artikel 5, op of ná die datum waarop die Wysigingswet op Burgerskap 2010 in werking getree het.
- **Derdens**, in die geval van kinders – 'n meerderjarige kind van ouers wat nie Suid-Afrikaanse burgers is nie of wat nie vir permanente verblyf tot die Republiek toegelaat is nie, kwalifiseer vir burgerskap deur natura-lisasie indien
  - (1) hy of sy in die Republiek gewoon het vanaf die datum van sy of haar geboorte tot op die datum waarop hy of sy meerderjarig geword het; en
  - (2) sy of haar geboorte geregistreer is in ooreenstemming met die bepalings van die Wet op die Registrasie van Geboortes en Sterftes 51 van 2002.

#### *1.5.3.1 Sertifikaat van naturalisasie ingevolge die Wysigingswet 2010*

'n Sertifikaat van naturalisasie word uitgereik ingevolge artikel 5 van die Wet op Burgerskap 88 van 1995, soos gewysig deur artikel 4 van die Wysigingswet 69 van 1997 en vervang deur artikel 5 van die Wysigingswet 17 van 2010.

Die vereistes van die Wet op Burgerskap 1995 waaraan 'n buitelanders moet voldoen voordat 'n sertifikaat van naturalisasie aan hom of haar uitgereik sal word, sal steeds van toepassing wees wanneer hierdie Wet in werking tree.

Die enigste verskille ingevolge die Wysigingswet 2010 is die volgende:

Die applikant kwalifiseer ook vir 'n sertifikaat van naturalisasie as hy of sy vir permanente verblyf tot die Republiek toegelaat is en hy of sy gewoonlik in die Republiek woonagtig is en op hierdie wyse woonagtig was vir 'n ononderbroke tydperk van nie minder nie as **vyf jaar** onmiddellik voor die datum van sy of haar aansoek en daarby moet hy of sy in die Republiek woonagtig wees vir 'n verdere tydperk van nie minder nie as **vier jaar** gedurende die agt jaar onmiddellik voor die datum van sy of haar aansoek. Sien artikel 5(1)(b) van die Wysigingswet 2010.

In die geval van 'n applikant met **dubbele burgerskap**, kwalifiseer hy of sy vir 'n sertifikaat van naturalisasie as hy of sy 'n burger is van 'n land wat dubbele burgerskap toelaat, maar as hy of sy van 'n land kom waar dubbele burgerskap nie toegelaat word nie, moet hy of sy eers afstand doen van burgerskap van daardie land en die Minister voorsien van

die voorgeskrewe bewys van sodanige afstanddoening voor sy of haar aansoek om 'n sertifikaat van naturalisasie oorweeg sal word (a 5(1)(d) van die Wysigingswet 2010). Volgens Chris Watters (2010) is die probleme met hierdie vereiste die volgende:

- (i) Dit sal moeilik wees vir vlugteling uit oorloggeteisterde lande met onstabiele regerings om Suid-Afrikaanse burgerskap te bekom, omdat dit van buitelanders vereis om dokumentasie voor te lê wat bewys dat hulle afstand gedoen het van burgerskap van hul land van oorsprong.
- (ii) Dit sal byna onmoontlik wees vir mense uit lande soos Somalië om sulke dokumente voor te lê, omdat hulle nie die infrastruktuur het om paspoorte, of selfs reisdokumente te verskaf nie (*Dual citizenship clamp*, beskikbaar by <http://www.timeslive.co.za/local/article666776.ece/Dual-citizenship-clamp>, soos op 6/04/2011).

'n Tydperk van verblyf of gewone verblyf behels dat voldoen word aan die vereistes genoem onder die Wet op Burgerskap 1995, soos hierbo bespreek.

'n Tydperk van verblyf sal nie as 'n tydperk van verblyf beskou word nie as die omstandighede van toepassing is wat onder die Wet op Burgerskap 1995 genoem word, soos hierbo bespreek.

#### *1.5.3.2 Sertifikaat van naturalisasie in buitengewone omstandighede*

Soos die Wet op Burgerskap van 1995 verleen die Wysigingswet van 2010 ook aan die Minister die bevoegdheid om 'n sertifikaat van naturalisasie te verleen aan 'n applikant wat nie aan die vereistes van verblyf of gewone verblyf in die Republiek voldoen nie (a 5(9) van die Wet op Burgerskap van 1995, soos gewysig deur a 4 van die Wysigingswet op Suid-Afrikaanse Burgerskap 69 van 1997 en vervang deur artikel 5(1)(g) van die Wysigingswet van 2010).

#### *1.5.3.3 Sertifikaat van naturalisasie ten opsigte van 'n minderjarige*

Soos in die geval van die Wet op Burgerskap van 1995 kwalifiseer 'n minderjarige alleen vir 'n sertifikaat van naturalisasie indien hy of sy bygestaan word deur 'n meerderjarige wanneer sodanige aansoek gedoen word.

Soos aangetoon, sal 'n sertifikaat van naturalisasie aan 'n minderjarige toegeken word as hy of sy permanent en wettig in die Republiek woonagtig is (a 5(4) van die Wet op Burgerskap 1995, soos vervang deur a 5(1)(e) van die Wysigingswet 2010).

*1.5.3.4 Sertifikaat van naturalisasie ten opsigte van 'n buitelanders wat 'n gade of oorlewende gade van 'n Suid-Afrikaanse burger is*

Soos aangetoon, behels 'n sertifikaat van naturalisasie ten opsigte van 'n buitelanders wat 'n gade of oorlewende gade van 'n Suid-Afrikaanse burger is eenvoudig dat gades of oorlewende gades van Suid-Afrikaanse burgers Suid-Afrikaanse burgerskap deur naturalisasie kan verkry.

Hierdie sertifikaat word toegestaan as die gade of oorlewende gade

- (a) tot die Republiek toegelaat is vir permanente verblyf
- (b) gewone verblyf in die Republiek het vir 'n voorgeskrewe tydperk; en
- (c) met sodanige burger getroud is gedurende die tydperk beoog in paragraaf b (a 5(5) van die Wet op Burgerskap 1995, soos vervang deur a 5(1)(f) van die Wysigingswet 2010).

**NB: Wat 'n voorgeskrewe verblyftydperk betref, kyk artikel 5(1)(b) van die Wysigingswet 2010, soos hierbo bespreek.**

## 1.6 SAMEVATTING

In hierdie studie-eenheid het ons die wetgewende geskiedenis van Suid-Afrikaanse burgerreg ontleed. Ons het ook die manier bespreek waarop mens Suid-Afrikaanse burgerskap kan verkry ingevolge sowel die Wet op Burgerskap 1995 as die Wysigingswet op Burgerskap 2010. In die volgende studie-eenheid ontleed ons die verlies, gevolge van verlies en die herneming van Suid-Afrikaanse burgerskap.

# Studie-eenheid 2

## Verlies, gevolge van verlies en herneming van Suid-Afrikaanse burgerskap

### Inhoud

---

- 2.1 Inleiding
  - 2.2 Maniere waarop mens Suid-Afrikaanse burgerskap ingevolge die Wet op Burgerskap van 1995 kan verloor
  - 2.3 Gevolge van verlies van Suid-Afrikaanse burgerskap
  - 2.4 Herneming van Suid-Afrikaanse burgerskap ingevolge die Wet op Burgerskap 1995
  - 2.5 Dokumente wat ingedien moet word tesame met 'n aansoek om herneming van burgerskap
  - 2.6 Metodes waarop Suid-Afrikaanse burgerskap verloor kan word ingevolge die Wysigingswet op Burgerskap 2010
  - 2.7 Gevolge van die verlies van Suid-Afrikaanse burgerskap ingevolge die Wysigingswet 2010
  - 2.8 Herneming van burgerskap ingevolge die Wysigingswet 2010
  - 2.9 Samevatting
- 



### Leeruitkomste

---

Nadat jy hierdie studie-eenheid bestudeer het, behoort jy

- te kan onderskei tussen die verskillende metodes/maniere waarop mens Suid-Afrikaanse burgerskap kan verloor
  - die verlies van burgerskap, die gevolge van die verlies van burgerskap asook die herneming van burgerskap in Suid-Afrika te kan beskryf en op praktiese situasies te kan toepas
- 

## 2.1 INLEIDING


In studie-eenheid 1 het ons die wetgewende geskiedenis van burgerreg en die verskillende metodes waarop mens Suid-Afrikaanse burgerskap kan verkry, ontleed. In hierdie studie-eenheid ontleed ons die verskillende metodes waarop mens Suid-Afrikaanse burgerskap kan verloor, naamlik deur outomatiese statutêre werking, afstanddoening en ontneming. Dit is veral belangrik om te let op die gronde waarop mens jou burgerskap ontnem kan word, aangesien artikel 20 van die Grondwet duidelik die

ontneming van burgerskap verbied. Hierdie studie-eenheid ontleed ook die gevolge van die verlies van Suid-Afrikaanse burgerskap en die herneming van Suid-Afrikaanse burgerskap.

Soos studie-eenheid 1, ontleed hierdie studie-eenheid ook die metodes waarop mens Suid-Afrikaanse burgerskap kan verloor, die gevolge van die verlies van burgerskap en die manier waarop burgerskap herneem kan word ingevolge die Wysigingswet op Burgerskap 2010. Onthou dat jy nie die Wysigingswet op Burgerskap 2010 vir die eksamen hoef te bestudeer nie, aangesien hierdie Wet nog nie in werking getree het nie. Die ontleding van hierdie Wysigingswet sal jou net help as die Wysigingswet in werking tree voor hierdie studiegids hersien word. Konsentreer dus asseblief **vir die eksamen** op die ontleding van die Wet op Burgerskap 88 van 1995, soos gewysig deur die Wysigingswet op Burgerskap 69 van 1997 en die Wysigingswet op Suid-Afrikaanse Burgerskap 17 van 2004.

## 2.2 MANIERE WAAROP MENS SUID-AFRIKAANSE BURGERSKAP INGEVOLGE DIE WET OP BURGERSKAP 1995 KAN VERLOOR

In studie-eenheid 1 het ons gelet op die verskillende maniere waarop burgerskap verkry kan word. Dit is nou belangrik dat jy die verskillende maniere waarop burgerskap verloor kan word, verstaan en op praktiese situasies kan toepas. Die drie maniere waarop mens Suid-Afrikaanse burgerskap kan verloor ingevolge die Wet op Burgerskap 1995 is outomatiese statutêre werking, afstanddoening of ontneming.



Ons ontleed hierdie metodes waarop mens burgerskap kan verloor hieronder in besonderhede.

## 2.2.1 Outomatiese statutêre werking

Die verskillende maniere waarop mens burgerskap as gevolg van statutêre werking kan verloor, word gereël deur artikel 6 van die Wet op Burgerskap 1995.

### **Sorg dat jy die volgende maniere ken waarop mens burgerskap as gevolg van statutêre werking kan verloor:**

- (1) 'n Persoon hou op om 'n Suid-Afrikaanse burger te wees indien hy of sy, terwyl hy of sy nie 'n minderjarige is nie, die burgerskap of nasionaliteit van 'n ander land verkry deur die een of ander **vrywillige en formele handeling**, buiten 'n huwelik.
- (2) 'n Persoon hou ook op om 'n Suid-Afrikaanse burger te wees indien hy of sy die burgerskap of nasionaliteit van 'n ander land het en in die weermag van daardie land diens doen terwyl daardie land in 'n staat van oorlog met die Republiek verkeer.

'n Persoon kan ook, voor die verlies van sy of haar Suid-Afrikaanse burgerskap, aansoek doen by die Minister om sy of haar Suid-Afrikaanse burgerskap te behou en die Minister kan, indien hy of sy dit dienlik ag, sodanige behoud beveel (a 6(2) van die Wet op Burgerskap 1995).

'n Aansoek om die behoud van Suid-Afrikaanse burgerskap vereis dat mens die voorgeskrewe bedrag van R300,00 betaal kragtens Regulasie 2 van die Veertiende Wysigings van die Regulasies (No. R.695 gedateer 13 Augustus 2010), uitgereik ingevolge die Wet op Suid-Afrikaanse Burgerskap 1995.

## 2.2.2 Afstanddoening van burgerskap

Afstanddoening van burgerskap word gereël deur artikel 7 van die Wet op Burgerskap 1995 en behels 'n situasie waar iemand doelbewus sy of haar burgerskap kanselleer.

Jy moet die volgende bepalings van die Wet ken wat betrekking het op die afstanddoening van burgerskap sodat jy goeie raad in hierdie verband kan gee:

- (a) Afstanddoening van burgerskap volg basies wanneer iemand van sy of haar burgerskap afstand doen deur 'n verklaring af te lê waarin hy of sy afstand doen van sy of haar burgerskap, omdat hy of sy van voorneme is om die burgerskap of nasionaliteit van 'n ander land te aanvaar of omdat hy of sy reeds die burgerskap of nasionaliteit van 'n ander land besit.
- (b) Kinders onder die ouderdom van 18 jaar wat die kinders is van 'n ouer wat van sy of haar burgerskap afstand gedoen het, verloor ook hul Suid-Afrikaanse burgerskap as die ander ouer van sodanige kinders nie 'n Suid-Afrikaanse burger bly nie.

### 2.2.3 Ontneming van burgerskap

Rautenbach redeneer dat aangesien artikel 20 van die Grondwet ont-neming van Suid-Afrikaanse burgerskap verbied, kom ontneming van burgerskap neer op 'n beperking van 'n burger se reg op burgerskap wat moet voldoen aan die algemene beperkingsklousule in artikel 36 (Rautenbach 2008:60).

Maatreëls om iemand se burgerskap te ontnem, moet met ander woorde ingestel word ingevolge 'n algemeen geldende regsvoorskrif en moet redelik en regverdigbaar wees in 'n oop en demokratiese samelewing gegrond op menswaardigheid, gelykheid en vryheid. Dit beteken dat mens jou burgerskap slegs ontnem kan word indien dit grondwetlik is om dit te doen.

Kom ons ontleed nou die ontneming van burgerskap, soos gereël deur artikel 8 van die Wet op Burgerskap 1995.

- (1) Die Wet vereis dat iemand wat sy of haar burgerskap deur naturalisasie verkry het sy of haar burgerskap ontnem kan word indien
  - (a) hy of sy 'n sertifikaat van naturalisasie deur middel van bedrog, valse voorwendsels of die verswyging van 'n wesentliche feit verkry het of
  - (b) sodanige sertifikaat in stryd met die bepalings van hierdie Wet of 'n vorige wet toegeken is.
- (2) 'n Persoon kan ook sy of haar burgerskap ontnem word as hy of sy die burgerskap van 'n ander land het (dubbele burgerskap). Sodanige ontneming sal alleen geskied indien
  - (a) sodanige burger te eniger tyd in enige land gevonnissen is tot 'n tydperk van gevangenisstraf van nie minder as 12 maande weens 'n misdryf wat ook in die Republiek op 'n misdryf sou neergekom het of
  - (b) die Minister oortuig is dat dit in die **openbare belang** is dat sodanige burger ophou om 'n Suid-Afrikaanse burger te wees.

Let asseblief op dat dit 'n misdad strafbaar met 'n boete of gevangenisstraf is as 'n persoon met dubbele burgerskap

- (a) Suid-Afrika binnekom of verlaat deur gebruik te maak van die paspoort van 'n ander land
- (b) terwyl hy of sy in Suid-Afrika is, gebruik maak van sy of haar burgerskap van 'n ander land om voordeel te bekom of om 'n plig te ontduik (a 26B van die Wet op Burgerskap 1995, soos ingevoeg deur a 2 van die Wysigingswet op Suid-Afrikaanse Burgerskap 17 van 2004).

Dit beteken dat 'n persoon met dubbele burgerskap sy of haar buitelandse paspoort buite die Republiek van Suid-Afrika kan gebruik, maar nie wanneer hulle Suid-Afrika binnekom of verlaat nie. Wanneer hulle Suid-Afrika binnekom of verlaat, moet die persoon sy of haar Suid-Afrikaanse paspoort gebruik.

### 2.2.3.1 Ontneming van burgerskap in geval van kinders

*Ontneming van burgerskap in geval van kinders*

Ontneming van burgerskap in geval van kinders word behandel in artikel 10 van die Wet op Burgerskap 1995.

Kinders onder die ouderdom van 18 en wat buite die Republiek gebore is, kan hul burgerskap ontnem word indien hul ouers opgehou het om Suid-Afrikaanse burgers te wees deur vrywillig die burgerskap van 'n ander land te bekom sonder die versoek om hul Suid-Afrikaanse burgerskap te behou of as gevolg van ontneming.



#### Aktiwiteit

---

Die doel van hierdie aktiwiteit is om te bepaal of jy die reg ten aansien van die verlies van Suid-Afrikaanse burgerskap op praktiese situasies kan toepas. Om hierdie aktiwiteit te doen, moet jy die volgende vrae beantwoord:

Sipho het sowel Suid-Afrikaanse as Kanadese burgerskap. Hy het pas verneem dat hy sy Suid-Afrikaanse burgerskap ontnem is. Hy nader jou om advies – hy vertel jou dat hy sy burgerskap ontnem is, omdat hy in Kanada skuldig bevind en tot vyf jaar gevangenisstraf gevonnissen is weens bankroof. Hy wil weet of die ontneming van sy burgerskap in ooreenstemming met die reg is. Adviseer hom.



#### Terugvoer

---

*Jy moet bevestigend hierop antwoord. Sipho is sy burgerskap regmatig ontnem. Die rede hiervoor is dat die Wet op Burgerskap toelaat dat iemand sy of haar burgerskap ontnem word as hy of sy dubbele burgerskap het en hy of sy skuldig bevind is aan 'n misdad in 'n ander land vir 'n tydperk van nie minder nie as 12 maande vir 'n misdad wat ook in Suid-Afrika as 'n misdad beskou word.*

---

## 2.3 GEVOLGE VAN VERLIES VAN SUID-AFRIKAANSE BURGERSKAP

*Gevolge van verlies van Suid-Afrikaanse burgerskap*

Die gevolge van die verlies van Suid-Afrikaanse Burgerskap word gereël deur artikel 11 en 12 van die Wet op Burgerskap 1995 en lui as volg:



- (1) Wanneer 'n persoon ophou om 'n Suid-Afrikaanse burger te wees, word hy of sy geag die burgerskap of nasionaliteit te besit wat hy of sy gehad het voor hy of sy 'n Suid-Afrikaanse burger geword het.
- (2) Wanneer 'n persoon wat burgerskap deur naturalisasie verkry het, ophou om 'n Suid-Afrikaanse burger te wees uit hoofde van die bepalings van enige wet of omdat hy of sy burgerskap van 'n ander land verkry het, doen hy of sy afstand van sy of haar burgerskap of omdat hy of sy van sy of haar burgerskap ontnem is of in geval van 'n kind wat sy of haar burgerskap verloor het uit hoofde van artikel 10 (hierbo genoem), word hy of sy geag 'n vreemdeling te wees wat nie
  - (a) in besit is van of nie beskou word in besit te wees nie van 'n permit soos na verwys in artikel 25 of 26 van die Wet op Vreemdelingebeheer 96 van 1991, soos vervang deur artikel 10(2) of 25(2) van die Immigration Act 13 van 2002; of
  - (b) ingevolge artikel 28(2) van die Wet op Vreemdelingebeheer (vervang deur a 31(2)(a) van die Immigration Act 13 van 2002) vrygestel is of geag vrygestel te wees van die verbod in artikel 23(a) van die Wet op Vreemdelingebeheer (vervang deur a 10(1) van die Immigration Act 13 van 2002) wat buitelanders verbied om die Republiek binne te kom of hier te vertoef met die bedoeling om permanent hier te vertoef indien hulle nie permanente verblyfpermitte het nie (a 11(3) van die Wet op Burgerskap, soos vervang deur a 6 van die Wysigingswet op Burgerskap 69 van 1997).

Dit is ook belangrik om daarop te let dat 'n persoon wat opgehou het om 'n Suid-Afrikaanse burger te wees nie daardeur van enige verpligting, plig of aanspreeklikheid onthef word in verband met enige handeling aangegaan voor hy of sy opgehou het om 'n Suid-Afrikaanse burger te wees nie (a 12 van die Wet op Burgerskap 1995).

Volgens Currie en De Waal (2005:470) kan die ontneming van burgerskap ook lei tot

- die verlies van alle regte, voorregte en voordele wat vir burgers voorbehou word
- tot "staatloosheid", die verlies van internasionale diplomatieke beskerming en van die reg op 'n paspoort

### 2.3.1 Gevolge van die verlies van Suid-Afrikaanse burgerskap in geval van 'n minderjarige

*Gevolge van die verlies van Suid-Afrikaanse burgerskap in geval van 'n minderjarige*

Kinders wat buite die Republiek gebore is en wat hul burgerskap ontnem is, omdat hulle opgehou het om Suid-Afrikaanse burgers te wees deur vrywillig die burgerskap van 'n ander land te bekom sonder om te versoek dat hulle hul Suid-Afrikaanse burgerskap behou of as gevolg

van ontneming, word geag die burgerskap of nasionaliteit te behou wat hulle gehad het voor hulle Suid-Afrikaans burgers geword het.

As sulke kinders geen ander burgerskap of nasionaliteit gehad het voor hulle Suid-Afrikaanse burgers geword het nie, word hulle geag die burgerskap of nasionaliteit van hul verantwoordelike ouers te hê.

Voor ons aangaan met die herneming van Suid-Afrikaanse burgerskap, moet jy asseblief probeer om die volgende vrae op jou eie te beantwoord:



### Aktiwiteit

---

Om hierdie aktiwiteit te voltooi, moet jy die volgende vrae beantwoord:

- (1) Verduidelik die gevolge van die verlies van burgerskap deur kinders wat hul burgerskap ontnem is, omdat hul ouers opgehou het om Suid-Afrikaanse burgers te wees deur vrywillig die burgerskap van 'n ander land te bekom sonder om te versoek dat hulle hul Suid-Afrikaanse burgerskap behou of as gevolg van ontneming.
- (2) Wat is die gevolge van die verlies van Suid-Afrikaanse burgerskap deur 'n persoon wat burgerskap deur naturalisasie verkry het en opgehou het om 'n Suid-Afrikaanse burger te wees, omdat hy of sy afstand gedoen het van sy of haar burgerskap?



### Terugvoer

---

- (1) *Kinders wat buite die Republiek gebore is en wat hul burgerskap ontnem is, omdat hul ouers opgehou het om Suid-Afrikaanse burgers te wees deur vrywillig burgerskap van 'n ander land te bekom sonder om te versoek dat hulle hul Suid-Afrikaanse burgerskap behou, of as gevolg van ontneming, word geag die burgerskap of nasionaliteit te hê wat hulle gehad het voor hulle Suid-Afrikaanse burgers geword het. As sodanige kinders geen ander burgerskap of nasionaliteit gehad het voor hulle Suid-Afrikaanse burgers geword het nie, word hulle geag die burgerskap of nasionaliteit van hul verantwoordelike ouers te hê.*
- (2) *As iemand wat burgerskap deur naturalisasie verkry het, ophou om 'n Suid-Afrikaanse burger te wees, omdat hy of sy afstand gedoen het van sy of haar burgerskap, word hy of sy geag 'n buitelandse te wees wat nie*
  - (i) *in besit is nie, of nie geag in besit te wees nie van 'n permit waarna verwys word in artikel 25 of 26 van die Wet op Vreemdelingebeheer 96 van 1991, soos vervang deur artikel 10(2) of 25(2) van die Immigration Act 13 van 2002; of*
  - (ii) *ingevolge artikel 28(2) van die Wet op Vreemdelingebeheer (vervang deur a 31(2)(a) van die Immigration Act 13 van 2002 vrygestel of geag vrygestel te wees van die verbod in a 23(a) van die Wet op Vreemdelingebeheer (vervang deur a 10(1) van die Immigration Act 13 van 2002) wat buitelanders verbied om die Republiek binne te kom of om hier te vertoef met die bedoeling om permanent hier te bly as hulle nie permanente verblyfpermitte het nie (a 11(3) van die Wet op Burgerskap 1995, soos vervang deur a 6 van die Wysigingswet op Burgerskap 69 van 1997).*

## 2.4 HERNEMING VAN SUID-AFRIKAANSE BURGERSKAP INGEVOLGE DIE WET OP BURGERSKAP 1995

### 2.4.1 Herneming van Suid-Afrikaanse burgerskap deur 'n minderjarige

*Herneming of Suid-Afrikaanse burgerskap deur 'n minderjarige*

Herneming van Suid-Afrikaanse burgerskap deur 'n minderjarige word gereël deur artikel 13 van die Wet op Burgerskap 1995.

Kinders wat buite die Republiek gebore is en wat hul burgerskap ontnem is, omdat hul ouers opgehou het om Suid-Afrikaanse burgers te wees deur vrywillig die burgerskap van 'n ander land te bekom sonder om te versoek dat hulle hul Suid-Afrikaanse burgerskap behou of as gevolg van ontneming, of omdat hulle enige herroepe wet oortree het, kan hul burgerskap herneem indien

- (1) hulle in die Republiek woonagtig is of na die Republiek vir permanente verblyf teruggekeer het en
- (2) die ouderdom van 18 jaar bereik het

Hierdie voordele is alleen beskikbaar vir persone tussen die ouderdom van 18 en 21 jaar, aangesien die bepaling handel oor "'n minderjarige".

### 2.4.2 Herneming of Suid-Afrikaanse burgerskap deur volwassenes

*Herneming of Suid-Afrikaanse burgerskap deur volwassenes*

Die herneming van Suid-Afrikaanse burgerskap deur volwassenes word gereël deur artikel 13 van die Wet op Burgerskap 1995, soos gewysig deur artikel 7 van die Wysigingswet op Suid-Afrikaanse Burgerskap 69 van 1997.

'n Volwasse persoon wat sy of haar burgerskap verloor het, omdat hy of sy burgerskap van 'n ander land bekom het sonder om te versoek dat hy of sy of haar Suid-Afrikaanse burgerskap behou, of omdat hy of sy afstand gedoen het van sy of haar burgerskap of omdat hy of sy of haar burgerskap ontnem is, kan sy of haar burgerskap herneem indien –

- (1) hy of sy nie 'n buitelanders is wat nie in besit van, of geag in besit te wees van 'n permit waarna verwys word in artikel 25 of 26 van die Wet op Vreemdelingebeheer, soos vervang deur artikel 10(2) of 25(2) van die Immigration Act 13 van 2002; of wat nie vrygestel is van of geag word vrygestel te wees van die verbod in artikel 23(a) van die Wet op Vreemdelingebeheer (vervang deur a 10(1) van die Immigration Act) wat buitelanders verbied om die Republiek binne te kom of hier te vertoef met die bedoeling om permanent hier te bly indien hulle nie 'n permanente verblyfpermit het nie. Daarby moet hy of sy permanent in die Republiek woon of na die Republiek terugkeer vir permanente verblyf of

- (2) indien hy of sy 'n buitelanders is wat nie in besit is van of geag word in besit te wees van 'n permit waarna hierbo verwys word nie, of as hy of sy 'n buitelanders is wat nie vrygestel is van of nie geag word vrygestel te wees van die verbod in artikel 23(a) van die Wet op Vreemdelingebeheer nie (vervang deur a 10(1) van die Immigration Act) waarna hierbo verwys word – as hy of sy sodanige buitelanders is, moes 'n permit vir permanente verblyf, waarna in artikel 25 van die Wet op Vreemdelingebeheer 96 van 1991 verwys word (vervang deur a 10(2) van die Immigration Act) aan hom of haar uitgereik gewees het.

Dit is belangrik om daarop te let dat 'n persoon ook sy of haar burgerskap kan herneem as die **Minister** tevrede is dat die gronde vir die verlies of ontneming van sy of haar Suid-Afrikaanse burgerskap nie meer bestaan nie (a 13(b) van die Wet op Burgerskap 1995).



### Aktiwiteit

---

Nadat jy die herneming van burgerskap deur 'n minderjarige bestudeer het, behoort jy die volgende vraag te kan beantwoord. Om hierdie aktiwiteit te voltooi, moet jy die volgende vraag beantwoord:

Themba is 19 jaar oud en is Kanyi se kind. Hy is in Senegal gebore en woon nou in Suid-Afrika. Hy het sy Suid-Afrikaanse burgerskap in 2009 verloor toe hy 17 jaar oud was. Die rede waarom hy sy burgerskap verloor het, is omdat Kanyi (sy moeder) in 2009 opgehou het om 'n Suid-Afrikaanse burger te wees toe sy vrywillig die burgerskap van Senegal bekom het sonder om te versoek dat sy haar Suid-Afrikaanse burgerskap behou. Themba nader jou in November 2011 om advies. Hy wil weet of dit moontlik is om sy Suid-Afrikaanse burgerskap te herneem. Adviseer hom.



### Terugvoer

---

**Onthou dat die herneming van Suid-Afrikaanse burgerskap gereël word deur artikel 13(2) van die Wet op Burgerskap 1995. Jou antwoord behoort as volg te lyk: 'n Kind wat buite die Republiek gebore is en wat sy of haar burgerskap ontnem is, omdat sy of haar ouers opgehou het om Suid-Afrikaanse burgers te wees deur vrywillig die burgerskap van 'n ander land te bekom sonder om te versoek dat hulle hul Suid-Afrikaanse burgerskap behou, kan sy of haar burgerskap herneem indien**

- (1) *hy of sy in die Republiek woonagtig is of na die Republiek vir permanente verblyf teruggekeer het; en*
- (2) *die ouderdom van 18 jaar bereik het*

*Dit is dus vir Themba moontlik om sy Suid-Afrikaanse burgerskap te herneem, omdat hy in Suid-Afrika woonagtig is en die ouderdom van 18 jaar bereik het.*

## 2.5 DOKUMENTE WAT INGEDIEN MOET WORD TESAME MET 'N AANSOEK OM HERNEMING VAN BURGERSKAP


Om aansoek te doen om herneming, moet jy die **volgende doen**:

- Vul vorm DHA-175 (**Vorms DHA-175 en DHA-52**) in.
- Voltooi 'n aansoek om 'n identiteitsdokument (Vorm DHA-9) in.
- Dien twee identiteitsdokuments**foto's** in wat voldoen aan die paspoort- en ID-foto-spesifikasies.
- Dien bewys in dat jy permanent in Suid-Afrika woonagtig is (municipale rekening, ens) en 'n afskrif daarvan.
- Dien jou huweliksertifikaat in (indien van toepassing) en 'n afskrif daarvan.
- Betaal die voorgeskrewe tarief van R300,00 ingevolge Regulasie 2 van die Veertiende Wysiging van die Regulasies gemaak ingevolge die Wet op Burgerskap 1995 (Departement van Binnelandse Sake – beskikbaar by <http://www.home-affairs.gov.za/>, soos op 8/04/2011).

Let asseblief op dat die Hoë Hof by magte is om enige besluit deur die Minister ingevolge hierdie Wet te hersien (a 25(1) van die Wet op Burgerskap 1995).

## 2.6 METODES WAAROP SUID-AFRIKAANSE BURGERSKAP VERLOOR KAN WORD INGEVOLGE DIE WYSIGINGSWET OP BURGERSKAP 2010

Soos aangetoon, skryf jy nie eksamen oor die gedeelte wat handel oor die metodes waarop mens Suid-Afrikaanse burgerskap kan verloor, die gevolge van die verlies van Suid-Afrikaanse burgerskap en die herneming van burgerskap ingevolge die Wysigingswet op Burgerskap 2010 nie. Dit is ingesluit om jou op die hoogte hou van die reg indien hierdie Wet in werking sou tree voor hierdie gids hersien word. Jy sal eksamen skryf oor hierdie gedeelte indien die Wysigingswet 2010 in werking sou tree. Jy kan in jou eie belang hierdie metodes ingevolge die Wet op Burgerskap 1995 en die Wysigingswet 2010 met mekaar vergelyk sodat jy die verskille sal ken sodra die Wysigingswet in werking tree.



### 2.6.1 Statutêre werking ingevolge die Wysigingswet op Burgerskap 2010

Artikel 6(1)(a) en (b) en subartikel (2) van die Wet op Burgerskap 1995, soos hierbo bespreek, is steeds van toepassing, aangesien hulle nog nie deur die Wysigingswet 2010 verander is nie.

Die Wysigingswet op Burgerskap 2010 het net artikel 6 (3) bygevoeg wat vereis dat 'n persoon wat burgerskap deur naturalisasie verkry het, se burgerskap beëindig word as hy of sy betrokke raak by 'n oorlog onder die vlag van 'n land wat nie die regering van die Republiek ondersteun nie.

### 2.6.2 Afstanddoening van burgerskap

Daar is geen bepalings oor afstanddoening van burgerskap ingevolge die Wysigingswet 2010 nie. Die bepalings van die Wet op Burgerskap 1995 ten aansien van afstanddoening sal dus steeds van toepassing wees ná die inwerkingtreding van die Wysigingswet 2010.

### 2.6.3 Ontneming van burgerskap

Die bepalings van artikel 8 van die Wet op Burgerskap 1995, soos hierbo bespreek, oor die ontneming van burgerskap, sal nog steeds van toepassing wees selfs nadat die Wysigingswet 2010 in werking getree het.

Artikel 26B van die Wet op Burgerskap 1995, soos ingevoeg deur 2 van die Wysigingswet op Suid-Afrikaanse Burgerskap 17 van 2004, sal ook nog van toepassing wees ná die inwerkingtreding van die Wysigingswet.

#### 2.6.3.1 *Ontneming van burgerskap in die geval van kinders*

**Ontneming van burgerskap in die geval van kinders word gereël deur artikel 10 van die Wet op Burgerskap 1995, soos vervang deur artikel 8 van die Wysigingswet 2010.**

Daar is geen wesentliche verskil tussen artikel 10 van die Wet op Burgerskap 1995 en artikel 8 van die Wysigingswet op Burgerskap 2010 nie. Die verskil is dat artikel 10 van die Wet op Burgerskap 1995 vereis dat die Minister die bepalings van die vorige Wet op Voogdyskap 192 van 1992 moet oorweeg voor 'n kind sy of haar burgerskap ontnem word en artikel 8 vereis dat die Minister die bepalings van die Kinderwet van 2005 oorweeg voor 'n kind sy of haar burgerskap ontnem word. Met ander woorde, die volgende bepaling van artikel 10 van die Wet op Burgerskap 1995 is steeds van toepassing:

Kinders onder die ouderdom van 18 wat buite die Republiek gebore is, kan hul burgerskap ontnem word indien hul ouers opgehou het om Suid-Afrikaanse burgers te wees deur vrywillig burgerskap van 'n ander land te bekom sonder om te versoek dat hulle hul Suid-Afrikaanse burgerskap behou of as gevolg van ontneming.

## 2.7 GEVOLGE VAN DIE VERLIES VAN SUID-AFRIKAANSE BURGERSKAP INGEVOLGE DIE WYSIGINGSWET 2010

Die bepalings van artikel 11 en 12 van die Wet op Burgerskap 1995, soos hierbo bespreek, sal steeds van toepassing wees selfs nadat bogenoemde Wet in werking getree het.

Die enigste verskil is dat indien iemand wat burgerskap deur naturalisasie bekom het, ophou om 'n Suid-Afrikaanse burger te wees weens enige regsverandering, of omdat hy of sy burgerskap van 'n ander land het of afstand gedoen het van sy of haar burgerskap of omdat hy of sy sy of haar burgerskap ontnem is, of in die geval van 'n kind, omdat hy of sy sy of haar burgerskap ingevolge artikel 10 (soos hierbo genoem) verloor het, geag word dat hy of sy 'n buitelandse is wat nie

- (a) in besit is van of geag word in besit te wees van 'n permit, soos na verwys in artikel 10(2) of 25(2) van die **Immigration Act 13 van 2002**, in plaas van artikel 25 of 26 van die **Wet op Vreemdelingebeheer 96 van 1991**; of
- (b) ingevolge artikel 31(2)(a) van die **Immigration Act 13 van 2002**, in plaas van artikel 28(2) van die **Wet op Vreemdelingebeheer**, vrygestel is van of geag word vrygestel te wees van die verbod op artikel 10(1) van die Immigration Act 13 van 2002 (was voorheen a 23(a) van die Wet op Vreemdelingebeheer) wat buitelanders verbied om die Republiek binne te kom of hier te vertoef met die bedoeling om permanent te bly as hulle nie 'n permanente verblyfpermit het nie (a 11(3) van die Wet op Burgerskap 1995, soos vervang deur a 6 van die Wysigingswet op Burgerskap 69 van 1997, soos vervang deur a 9 van die Wysigingswet 2010).

Dit beteken dat wat betref die verlies van Suid-Afrikaanse burgerskap, die Wysigingswet 2010 eenvoudig die Wet op Vreemdelingebeheer van 1991 vervang het deur die Immigration Act 13 van 2002, aangesien die Wet op Vreemdelingebeheer 96 van 1991 in 2002 deur die Immigration Act herroep is.

## 2.8 HERNEMING VAN BURGERSKAP INGEVOLGE DIE WYSIGINGSWET 2010

### 2.8.1 Herneming van Suid-Afrikaanse burgerskap deur 'n minderjarige

Artikel 13(2) van die Wet op Burgerskap 1995, wat handel oor die herneming van burgerskap deur 'n minderjarige, sal steeds van toepassing wees nadat die Wysigingswet in werking getree het.

### 2.8.2 Herneming van Suid-Afrikaanse burgerskap deur 'n volwassene

Die herneming van Suid-Afrikaanse burgerskap deur 'n volwassene word gereël deur artikel 13 van die Wet op Burgerskap 1995, soos gewysig deur artikel 7 van die Wysigingswet op Suid-Afrikaanse Burgerskap 69 van 1997 en vervang deur artikel 10(b) van die Wysigingswet 17 van 2010.

Die Wysigingswet 2010 laat 'n volwasse persoon toe wat sy of haar burgerskap verloor het, omdat hy of sy die burgerskap van 'n ander land bekom het sonder 'n versoek om sy of haar Suid-Afrikaanse burgerskap te behou, of wat afstand gedoen het van sy of haar burgerskap of omdat hy of sy sy of haar burgerskap ontnem is, om sy of haar burgerskap te herneem indien –

- (a) hy of sy nie 'n buitelanders is wat nie in besit is van, of geag word in besit te wees van 'n permit waarna verwys word in artikel 10(2) of 25(2) van die Immigration Act 13 van 2002 (**was voorheen a 25 of 26 van die Wet op Vreemdelingebeheer 96 van 1991**); of indien hy of sy nie 'n buitelanders is wat nie vrygestel is van of geag word vrygestel te wees van die verbod in artikel 10(1) van die Immigration Act 13 van 2002 – wat artikel 23(a) van die Wet op Vreemdelingebeheer vervang het – wat buitelanders verbied om Suid-Afrika binne te kom of hier te vertoef met die bedoeling om permanent te bly indien hulle nie 'n permanente verblyfpermit het nie. Verder moet hy of sy ook permanent in die Republiek woonagtig wees of na die Republiek terugkeer vir permanente verblyf; of
- (b) indien hy of sy 'n buitelanders is wat nie in besit is van, of geag word nie in besit te wees van die permit waarna hierbo verwys word nie of indien hy of sy 'n buitelanders is wat nie vrygestel is van of geag



word vrygestel te wees nie van die verbod in artikel 10(1) van die Immigration Act 13 van 2002, waarna hierbo verwys word. As hy of sy sodanige buitelanders is, moes 'n permit vir permanente verblyf, waarna verwys word in artikel 10(2) van die Immigration Act 13 van 2002, wat **artikel 25 van die Wet op Vreemdelingebeheer 96 van 1991** vervang het, aan hom of haar uitgereik gewees het.

Selfs nadat die Wysigingswet 2010 in werking tree, sal mens jou burgerskap kan herneem as die Minister tevrede is dat die gronde vir die verlies of ontneming van die persoon se Suid-Afrikaanse burgerskap nie meer bestaan nie (a 13(b) van die Wet op Burgerskap 1995).

## 2.9 SAMEVATTING

In hierdie studie-eenheid het ons die verlies, gevolge van verlies en die herneming van Suid-Afrikaanse burgerskap ingevolge die Wet op Burgerskap 1995 en die Wysigingswet 2010 ontleed. Onthou dat jy vir die eksamen moet konsentreer op die verlies en herneming van Suid-Afrikaanse burgerskap ingevolge die Wet op Burgerskap 1995, en nie op die Wysigingswet op Burgerskap 2010 nie. In die volgende studie-eenheid ontleed ons burgerregte, voorregte en voordele. Ons behandel ook die beperking van burgerregte.

# Studie-eenheid 3

## Burgerregte, voorregte en voordele en die beperking van burgerregte

### Inhoud

---

- 3.1 Inleiding
  - 3.2 Burgers se regte, voorregte en voordele
  - 3.3 Die beperking van burgers se regte
  - 3.4 Samevatting
- 



### Leeruitkomst

---

Nadat jy hierdie studie-eenheid bestudeer het, behoort jy

- regsadvies te kan gee oor die regte, voorregte en voordele van burgers
  - die regte ingevolge die Grondwet van 1996 te kan beskryf
- 

## 3.1 INLEIDING

Die burgers van 'n land het nie net regte nie, maar ook voorregte waarop hulle in gelyke mate geregtig is (a 3(2)(a) van die Grondwet). Die regte, voorregte en voordele van burgerskap wat ontleed word, is die reg om te woon in en na die Republiek terug te keer, die reg op 'n paspoort, om die beskerming van die land se wette te geniet en die reg van volwasse burgers om te stem en om 'n kandidaat vir 'n openbare amp te wees (Currie & De Waal 2005:472). In hierdie studie-eenheid ontleed ons ook vryheid van bedryf, beroep en profesie, 'n kind se reg op 'n nasionaliteit en die reg op diplomatieke beskerming. Laastens ontleed hierdie studie-eenheid die beperking van burgers se regte ingevolge die Grondwet.

*Burgers se regte,  
voorregte en  
voordele*

## 3.2 BURGERS SE REGTE, VOORREGTE EN VOORDELE

### 3.2.1 Politieke regte

Slegs burgers van Suid-Afrika word politieke regte gewaarborg, wat insluit die reg om 'n politieke party te stig, deel te neem aan die bedrywighede

van of om lede te werf vir 'n politieke party en om hulle vir 'n politieke party of saak te beywer (a 19(1) van die Grondwet).

Suid-Afrikaanse burgers word ook nie alleen die reg om te stem in vry, regverdige en gereelde verkiesings gewaarborg nie, maar ook die reg om 'n kandidaat vir 'n openbare amp te wees, en indien verkies, die amp te beklee (a 19(3)(a) en (b) van die Grondwet). Om uitvoering te gee aan burgers se politieke regte, is die Verkiesingswet 73 van 1998 uitgevaardig wat ook hierdie reg tot burgers beperk.

Let asseblief op dat die reg om te stem uitgebrei is na gevangenes wat Suid-Afrikaanse burgers is (*August and Another v Electoral Commission and Others* (CCT8/99) [1999] ZACC 3; 1999 (3) SA 1; 1999 (4) BCLR 363 (1 April 1999)).

Die vraag of Suid-Afrikaanse burgers in ander lande daarop geregtig is om te stem, is behandel in *Richter v Minister for Home Affairs and Others* 2009 (5) BCLR 448 (KH). Die hof het eenparig beslis (per O'Regan R) dat artikel 33(1)(e) van die Verkiesingswet 73 van 1998 en die bepalinge van die verwante regulasies 'n ongeregtigde beperking van artikel 19 van die Grondwet uitmaak (wat politieke regte waarborg) deur sekere klasse geregistreerde kiesers wat nie in die Republiek van Suid-Afrika ("RSA") aanwesig is op verkiesingsdag nie te verbied om deel te neem aan verkiesings. In die lig van hierdie bevinding reik die hof 'n bevel uit wat die tydperk verleng waarbinne diegene wat op verkiesingsdag oorsee is, kennis aan die hoofverkiesingsbeampte kan gee van hul voorneme om te stem.

Die gevolg van hierdie bevel wat deur die hof uitgereik is, is dat alle Suid-Afrikaanse burgers wat as kiesers geregistreer is en wat op verkiesingsdag oorsee is, daarop geregtig is om in die verkiesing vir die Nasionale Vergadering op daardie dag te stem, mits hulle kennis van hul voorneme om te stem aan die hoofverkiesingsbeampte gegee het en die ambassade, hoë kommissariaat of konsulaat geïdentifiseer het waar hulle van voorneme is om hulle spesiale stem uit te bring.

### **3.2.2 Die reg om die Republiek binne te kom, daarin aan te bly en op enige plek daarin verblyf te neem**

Die reg om die Republiek binne te kom, daarin aan te bly en op enige plek daarin verblyf te neem, word slegs aan burgers gewaarborg (a 21(3) van die Grondwet). Met ander woorde, hierdie reg bestaan uit die reg om vryelik te beweeg en om jou woonplek binne die grense van die land te kies en die reg om die land te verlaat en daarheen terug te keer.

Dit is belangrik om daarop te let dat alhoewel burgers daarop geregtig is om enige plek in die land te woon, uitleweringswette die staat toelaat om 'n beskuldigde of veroordeelde individu (wat 'n burger kan wees)

uit te lewer aan die staat waar hy of sy 'n beskuldigde is of waar hy of sy aan 'n misdaad skuldig bevind is (Currie & De Waal 2005:479).

### **3.2.3 Die reg op 'n paspoort**

Alhoewel elkeen geregtig is op 'n reg op vryheid van beweging, beperk artikel 21(4) van die Grondwet die reg op 'n paspoort tot burgers.

Die uitleg van hierdie artikel vereis dat billike prosedures gevolg moet word en dat gebiedende redes teenwoordig moet wees wanneer die reg om 'n paspoort te gebruik, beperk word (Currie & De Waal 2005:480).

### **3.2.4 Vryheid van bedryf, beroep en professie**

Burgers het ook die reg om hul bedryf, beroep of professie vryelik te kies (a 22).

Hierdie reg word nie net beperk tot burgers nie, aangesien maatskappye of regspersone ook daarop aanspraak mag maak (Currie & De Waal 2005:490).

Alhoewel burgers daarop geregtig is om hul bedryf, beroep of professie te kies, kan hierdie reël regtens gereguleer word. Byvoorbeeld, ten einde 'n prokureur te word, moet mens, afgesien daarvan dat jy 'n LLB-graad moet behaal, ook die Raadseksamen slaag.

### **3.2.5 'n Kind se reg op 'n nasionaliteit**

Artikel 28(1) waarborg 'n kind burgerskap by geboorte, aangesien dit bepaal dat elke kind die reg op 'n naam en nasionaliteit vanaf geboorte sal hê.

Die term "nasionaliteit" in artikel 28(1) het in die praktyk dieselfde betekenis as die term "burgerskap". Dit is die geval omdat die verwysing na nasionaliteit in die bepaling oor 'n kind se regte geen praktiese implikasies het nie (Rautenbach 2008:58).

'n Kind se reg op 'n nasionaliteit kragtens artikel 28(1) is noodsaaklik, aangesien dit voorkom dat 'n kind staatloos is (Rautenbach 2008:60). Net soos ander regte, kan hierdie reg ook kragtens artikel 36 beperk word (Rautenbach 2008:61).

### **3.2.6 'n Burger se reg op diplomatieke beskerming**

Diplomatiese beskerming is die prosedure wat die staat van nasionaliteit van 'n benadeelde persoon gebruik om beskerming van daardie persoon

te verseker en om genoegdoening te bekom vir onregmatige handeling wat internasionaal gepleeg is (Fraser 2010:31).

Hierdie reg, gewaarborg deur die internasionale reg, verleen aan state die reg om hul eie burgers teenoor ander state te beskerm deur namens hulle diplomatieke beskerming te verleen (Currie & De Waal 2005:474).

Dit gebeur wanneer die staat wat oortree het, die internasionale minimum standaard verbreek het wat 'n staat moet toepas wanneer buitelanders hul binne daardie land se gebied bevind (ibid).

Vereistes vir diplomatieke beskerming is die volgende:

- (a) Die internasionale minimum standaard is verbreek.
- (b) Die benadeelde persoon of maatskappy moet die nasionaliteit van die beskermende staat hê.
- (c) Plaaslike remedies moet eers uitgeput word.
- (d) 'n Miskenning van geregtigheid moes voorgekom het.

### 3.3 DIE BEPERKING VAN BURGERS SE REGTE

*Die beperking van burgers se regte*

Alle regte, waaronder 'n burger se regte, kan beperk word deur 'n algemeen geldende regsvoorskrif as sodanige beperking redelik en regverdigbaar is in 'n oop en demokratiese samelewing gegrond op menswaardigheid, gelykheid en vryheid (a 36 van die Grondwet).

'n Algemeen geldende regsvoorskrif beteken dat die regsvoorskrif voldoende duidelik, toeganklik en presies moet wees en dat diegene wat daardeur geraak word die omvang van hul regte en verpligtinge kan vasstel (Mcquoid-Mason 2006:127).

Die redelikheid en regverdigbaarheid van die algemene regsvoorskrif word gemeet deur vas te stel of daar voldoende proporsionaliteit is tussen inbreuk op 'n fundamentele reg en die voordele wat die beperking bedoel is om te bereik (Currie & De Waal 2005:176).

Die balanseringsproses neem die volgende faktore in ag wat in artikel 36 van die Grondwet genoem word: die aard van die reg, die belangrikheid van die doel van die beperking, die aard en omvang van die beperking, die verband tussen die beperking en die doel daarvan en 'n minder beperkende wyse om die doel te bereik.

#### **(a) Aard van die reg**

Die aard van 'n reg verwys hoofsaaklik na die belang van 'n reg wat beperk word (Malherbe 2002:409).

### **(b) Die belangrikheid van die doel van die beperking**

Beperking word geag redelik en regverdigbaar te wees indien dit 'n belangrike doel in 'n grondwetlike demokrasie dien, en indien alle burgers die doel as gebiedend belangrik beskou (Mcquoid-Mason 2006:129).

### **(c) Die aard en omvang van die beperking**

Die klem op die aard en omvang van die beperking val op die vraag of die beperking 'n ernstige of relatief minder ernstige inbreuk op die reg uitmaak (Currie & De Waal 2005:181).

Met ander woorde, inbreuk op 'n reg moet nie omvangryker wees as die doel wat die beperking probeer bereik nie (*ibid*).

### **(d) Die verband tussen die beperking en die doel daarvan**

Dit bepaal in hoofsaak of die reg die doel dien waarvoor dit ontwerp is (Currie & De Waal 2005:183).

### **(e) Minder beperkende maniere om die doel te bereik**

Minder beperkend beteken in hoofsaak dat indien ander maniere gebruik kan word om dieselfde doel te bereik wat óf nie die regte enigsins sal beperk nie, óf hulle nie in dieselfde mate sal beperk nie, moet daardie maniere gebruik word (Currie & De Waal 2005:183).

Dit verplig ook diegene wat 'n reg beperk om aan te toon dat alternatiewe maatreëls oorweeg is om die doel te bereik (Malherbe 2002:414).

### **Probeer ASSEMBLIEF om die volgende aktiwiteit op jou eie te doen om te bepaal of jy hierdie studie-eenheid verstaan.**



#### Aktiwiteit

---

Die doel van hierdie aktiwiteit is om te bepaal of jy die reg ten aansien van 'n burger se regte, voorregte en voorregte op praktiese situasies kan toepas. 'n Verdere doel is om te bepaal of jy die reg rakende die beperking van regte kan bespreek.

Om hierdie aktiwiteit te doen, moet jy die volgende vrae beantwoord:

- (1) Thami is 'n Zambiese burger wat in Suid-Afrika woonagtig is. Kwalifiseer hy vir die reg om in Suid-Afrika te stem?
- (2) Thami, 'n Zambiese burger wat in Suid-Afrika woonagtig is, voel dat die Suid-Afrikaanse regering sy regte onregmatig skend. Kan hy die Zambiese regering om beskerming vra? Indien wel, op watter grondslag?
- (3) Beskryf 'n "algemeen geldende regsvoorskrif" ten opsigte van die beperking van regte.
- (4) Verduidelik die beperkingsfaktore wat in artikel 36 van die Grondwet genoem word.



- (1) *Jou antwoord hierop behoort ontkennend te wees. Thami kwalifiseer nie vir stemreg nie. Die rede hiervoor is te vinde in artikel 19 van die Grondwet, wat hierbo bespreek word.*
- (2) *Ja, Thami kan die Zambiese regering vra om in te meng deur die onregmatige skending van sy regte deur die Suid-Afrikaanse regering te voorkom. Mens verwys na hierdie proses as diplomatieke beskerming.*
- (3) *'n Algemeen geldende regsvoorskrif behels dat die reg voldoende duidelik, toeganklik en presies moet wees en dat diegene wat daardeur geraak word, die omvang van hul regte en verpligtinge moet kan vasstel.*
- (4) *Die beperkingsfaktore word as volg in artikel 36 van die Grondwet genoem:*

**(a) Aard van die reg**

*Dit verwys na die belangrikheid van die reg wat beperk word.*

**(b) Die belangrikheid van die doel van die beperking**

*Dit behels 'n belangrike doel wat alle burgers as van dwingende belang sal beskou.*

**(c) Die aard en omvang van die beperking**

*Die klem op die aard en omvang van die beperking is op die vraag of die beperking 'n ernstige of 'n relatief minder ernstige inbreuk op die reg is. Met ander woorde, die inbreuk op 'n reg behoort nie meer omvattend te wees as wat die doel van die beperking probeer bereik nie.*

**(d) Die verband tussen die beperking en die doel daarvan**

*Dit bepaal in hoofsaak of die reg die doel dien waarvoor dit ontwerp is.*

**(e) Minder beperkende maniere om die doel te bereik**

*Dit verplig diegene wat 'n reg beperk om aan te toon dat alternatiewe maatreëls oorweeg is om die doel te bereik.*

---

### 3.4 SAMEVATTING

In hierdie studie-eenheid het ons die regte, voorregte en voordele van burgers ontleed wat net tot burgers beperk is. Ons het ook **vryheid van bedryf, beroep en professie, 'n kind se reg op 'n nasionaliteit en die reg op diplomatieke beskerming** ontleed. Ons het afgesluit deur die beperking van burgers se regte ingevolge die Grondwet te ontleed. In die volgende studie-eenheid bespreek ons die Suid-Afrikaanse reg ten aansien van immigrasie en vlugteling.

# Studie-eenheid 4

## Immigrante, migrante en vlugteling

### Inhoud

---

- 4.1 Inleiding
  - 4.2 Suid-Afrikaanse immigrasiewet
  - 4.3 Permanente verblyfpermit
  - 4.4 Tydelike verblyfpermit
  - 4.5 Vlugteling
  - 4.6 Asiel
  - 4.7 Samevatting
- 



### Leeruitkomst

---

Nadat jy hierdie studie-eenheid bestudeer het, behoort jy

- die reg ten aansien van immigrante en migrante te kan bespreek en ook op 'n praktiese situasie te kan toepas
  - die reg ten aansien van vlugteling te kan bespreek en op praktiese situasies in Suid-Afrika te kan toepas
- 

## 4.1 INLEIDING

In studie-eenheid 1, 2 en 3 het ons die wette bespreek wat burgerskap in Suid-Afrika reël, waaronder burgers se regte, voorregte en voorregte, asook die beperking van burgers se regte. In hierdie studie-eenheid behandel ons die wette ten aansien van immigrante, migrante en vlugteling in Suid-Afrika. Soos genoem, is dit baie belangrik dat jy die immigrasie- en vlugtelingwette in Suid-Afrika ken en verstaan, aangesien hulle nou verwant is aan burgerregte. Dit is die geval, omdat enige buitelandse wat 'n immigrant is, maar van voorneme is om 'n burger te word, bewus moet wees van die regsbeskerming wat Suid-Afrika hom of haar kan bied. Net so kan 'n vlugteling moontlik ook daarin belangstel om meer te wete te kom van die wette wat hom of haar beskerm. Dit is dus van die uiterste belang dat jy kennis dra van die wette ten aansien van immigrasie en vlugteling sodat jy enige kliënt kan adviseer oor die kwessies waarmee hulle moontlik in Suid-Afrika te doen kan kry.



## 4.2 SUID-AFRIKAANSE IMMIGRASIEWET

### 4.2.1 Immigrante en migrante

#### 4.2.1.1 Binnekoms en vertrek

*Binnekoms  
en vertrek*

**Die terme “binnekoms en vertrek” verwys na die reg ten aansien van diegene wat Suid-Afrika binnekom en dié wat Suid-Afrika verlaat.**

**Binnekoms en vertrek word gereël deur artikel 9 van die Immigration Act 13 van 2002 (net in Engels beskikbaar en hierna genoem die Immigration Act 2002), soos gewysig deur artikel 10 van die Immigration Amendment Act 19 van 2004 (hierna genoem die Immigration Amendment Act 2004).**

Dit beteken dat wanneer iemand Suid-Afrika binnekom of hiervandaan vertrek, hy of sy moet voldoen aan die volgende bepalings van die **Immigration Act 13 van 2002, soos gewysig deur die Immigration Amendment Act 2004:**

- (i) Die Wet bepaal dat iemand wat die Republiek binnekom of daaruit vertrek, dit moet doen by 'n **binnekoms- of vertrekpunt, tensy** die Direkteur-generaal of Minister 'n sertifikaat aan **hom of haar uitgereik het** waarin toestemming aan hom of haar verleen word om die Republiek binne te kom of daaruit te vertrek by 'n ander plek as die binnekoms- of vertrekpunt.
- (ii) As jy 'n Suid-Afrikaanse burger is, word daar vereis dat jy jouself identifiseer wanneer jy die Republiek binnekom. Jy moet met ander woorde 'n geldige paspoort hê as jy Suid-Afrika wil binnekom of daaruit wil vertrek.
- (iii) 'n Ouer wat 'n kind vergesel wat onder die ouderdom van 16 jaar is, moet die kind se naam in sy of haar paspoort aanbring sodat die kind die Republiek kan binnekom of dit kan verlaat.
- (iv) 'n Buitelander wat nie die houer is van 'n permanente verblyfpermit nie, mag die Republiek alleen binnekom indien
  - (a) sy of haar paspoort geldig is vir nie minder nie as 30 dae ná die vervaltyd van die beoogde verblyf; en
  - (b) 'n geldige tydelike verblyfpermit aan hom of haar uitgereik word.

Dit is belangrik om daarop te let dat 'n buitelander wat die Republiek binnekom 'n geldige visum aan 'n immigrasiebeampte moet toon (a 10A van die Wet op Vlugtelinge van 1998, soos ingevoeg deur a 12 van die Wysigingswet op Vlugtelinge 19 van 2004).

Mense wat die volgende tydelike verblyfpermitte het, hoef nie 'n visum te toon nie:

Studiepermit, verdragpermit, sakepermit, bemanningspermit, permit vir mediese behandeling, permit vir familielid, werkpermit, permit vir afgetrede persoon, korporatiewe permit, uitruilpermit en mense met 'n permanente verblyfpermit (a 10A(b) van die Wysigingswet op Vluchteling 19 van 2004).

Met die uitsondering van burgers of houers van permanente verblyfpermitte, mag geen persoon wat reis van 'n plek buite die Republiek na 'n bestemming buite die Republiek deur die Republiek reis nie, tensy hy of sy in besit is van 'n deurgangswisum (*transit visa*) (a 10B van die Wet op Vluchteling 1998, soos ingevoeg deur a 12 van die Wysigingswet op Vluchteling 19 van 2004).

### 4.3 PERMANENTE VERBLYFPERMIT

*Permanente  
verblyfpermit*

'n Permanente verblyfpermit laat 'n persoon toe om permanent in Suid-Afrika te woon, hoewel hy of sy 'n burger van 'n ander land bly.

**Dit word gereël deur artikel 25, 26 en 27 van die Immigration Act 2002, soos gewysig deur artikel 26, 27 en 28 van die Amendment Act 2004.**

Hierdie permit kan uitgereik word op voorwaarde dat die houer:

- (i) nie verbied word nie (vanweë siekte, 'n uitstaande skuldigbevinding, vorige deportasie, verbintenis met terrorisme of die besit van bedrieglike permitte of paspoorte nie); en
- (ii) nie 'n ongewenste persoon is nie (wat onbevoeg verklaar is, 'n ongerehabiliteerde insolvent, 'n voortvlugtige is of vorige strafregtelike skuldigbevindings het nie)

Voor 'n permanente verblyfpermit aan 'n buitelandse uitgereik kan word, moet hy of sy voldoen aan enigiens van die volgende vereistes:

- (a) Hy of sy moet die houer van 'n werkpermit wees, waaronder een wat uitgereik is ingevolge 'n korporatiewe permit vir vyf jaar en hy of sy moes 'n permanente werkaanbod ontvang het.
- (b) Hy of sy moet 'n gade wees van 'n burger of permanente inwoner vir vyf jaar en die Direkteur-generaal tevrede gestel het dat 'n goeietrou-gadeverhouding bestaan.
- (c) Hy of sy moet 'n kind onder die ouderdom van 21 van 'n burger of permanent inwoner of burger wees.
- (d) Hy of sy moet 'n kind van 'n burger wees.

#### 4.3.1 Permanente verblyfpermit uitgereik op ander gronde

Let asseblief op dat daar ander gronde is waarop 'n permanente verblyfpermit uitgereik kan word.

Die Direkteur-generaal kan 'n permanente verblyfpermit aan 'n buitelanders op ander gronde uitreik as hy of sy tevrede is dat die buitelanders 'n goeie en betroubare karakter het en

- (a) 'n permanente werksaanbod ontvang het, mits
  - (i) sodanige buitelanders bewys het dat die posisie bestaan, geadverteer is en dat geen burger of permanente inwoner wat geskikte kwalifikasies het, beskikbaar was om die pos te vul nie
  - (ii) die aansoek val binne die jaarlikse perke wat op beskikbare permitte voorgeskryf word vir elke bedryf- en handelsektor, ná raadpleging met die Departement van Handel en Nywerheid, Arbeid en Onderwys en
  - (iii) die permit uitgebrei kan word na sodanige buitelanders se gade en kinders wat jonger is as 21 jaar
- (b) hy of sy, met inagneming van enige voorgeskrewe vereiste, bewys het dat hy of sy buitengewone vaardighede of kwalifikasies besit
- (c) hy of sy beoog om 'n onderneming te vestig of gevestig het in die Republiek en daarin belê het
- (d) hy of sy 'n vlugteling is wat kwalifiseer vir 'n immigrasiepermit, omdat hy of sy meer as vyf jaar in die Republiek is en gesertifiseer is dat hy of sy onbepaald 'n vlugteling sal bly
- (e) hy of sy beoog om in die Republiek af te tree indien hy of sy 'n reg op 'n pensioen het of 'n onherroeplike annuïteit of aftreerekening het wat sodanige buitelanders 'n voorgeskrewe minimum betaling vir die res van sy of haar lewe sal gee of indien dit 'n minimum voorgeskrewe netto waarde het
- (f) hy of sy bewys het dat hy of sy oor die voorgeskrewe netto waarde beskik en 'n voorgeskrewe bedrag aan die Direkteur-generaal betaal het of
- (g) hy of sy 'n familielid van 'n burger of permanente inwoner binne die eerste graad van verwantskap is

Nadat 'n buitelanders 'n permanente verblyfpermit bekom het, is hy of sy geregtig op die regte, voorregte, pligte en verpligtinge van 'n burger, behalwe daardie regte, voorregte, pligte en verpligtinge wat 'n wet of die Grondwet uitdruklik aan burgerskap toeskryf (a 25(1) van die Immigration Act van 2002).

Permanente verblyfstatus gee 'n buitelanders ook die reg om bestaansekerheidsvoordele te ontvang. Dit is beklemtoon in *Khosa and others v Minister of Social Development and others* (2004 (6) BCLR 569 (KH) (4 Maart 2004).

In hierdie saak het die applikante die grondwetlikheid van artikel 3(c) van die Wet op Maatskaplike Bystand 59 van 1992 betwis wat maat-

skaplike toelaes vir bejaarde Suid-Afrikaanse burgers voorbehou. Die applikante het aangevoer dat die uitsluiting van alle nieburgers uit die skema onbestaanbaar is met die staat se verpligtinge ingevolge artikel 27(1)(c) van die Grondwet om toegang tot maatskaplike sekerheid aan "elkeen" te verskaf. Hulle het ook geargumenteer dat die uitsluiting hul reg op gelykheid beperk het en onbillik was ingevolge artikel 9 van die Grondwet en dat die beperking onregverdigbaar was ingevolge artikel 36 van die Grondwet.

Die hof beslis dat die weglating van die woorde "of permanente inwoner" na die woord "burger" uit artikel 3(c) van die *Wet op Maatskaplike Bystand 59 van 1992*, voor wysigings deur die Wysigingswet op Welsynswette 106 van 1997, onbestaanbaar met die Grondwet is.

Die hof beslis verder dat artikel 3(c) van die *Wet op Maatskaplike Bystand 59 van 1992*, voor wysigings deur die Wysigingswet op Welsynswette 106 van 1997, gelees moet word asof die woorde "of permanente inwoner" na die woord "burger" verskyn.

As 'n buitelandse 'n permanente verblyfpermit het, is hy of sy ook geregtig op permanente werk. Dit is deur die hof herhaal in *Larbi-Ordam and Others v The member of the Executive Council for Education (North West Province) and Another*, 1998 (1) SA 745 (KH).

Hierdie saak hou verband met enkele onderwysers met permanente residensiële status wat die grondwetlikheid van regulasie 2(2) van die regulasies rakende die bepalings en voorwaardes van die indiensneming van opvoeders in die *Staatskoerant* R1743 van 13 November 1995 uitgedaag het. Hierdie regulasie het die permanente aanstelling van nie-Suid-Afrikaanse burgers as opvoeders verbied. Onderwysers met permanente residensiële status het aangevoer dat die beperkings op hul geskiktheid vir permanente aanstelling op onbillike diskriminasie neergekom het wat in stryd met artikel 8(2) van die tussentydse Grondwet is. Die hof het bevind dat regulasie 2(2) 'n onregverdigbare onbillike diskriminasie behels wat permanente inwoners van Suid-Afrika betref. Die hof het soos volg geredeneer: permanente inwoners word gekeur vir verblyf in hierdie land deur die Immigrasiekeuringsraad; sommige van hulle op grond van werwing vir spesifieke poste; hulle is oor die algemeen geregtig op burgerskap binne enkele jare nadat hulle permanente verblyf verkry het, en daar kan aangevoer word dat hulle 'n bewuste verbintenis tot Suid-Afrika gemaak het; en dat hulle daarop geregtig is om met Suid-Afrikaners in die arbeidsmark mee te ding.

*Tydlike  
verblyfpermit*

#### **4.4 TYDELIKE VERBLYFPERMIT**

As 'n buitelandse 'n tydelike verblyfpermit het, is hy of sy daarop geregtig om die Republiek binne te kom en vir 'n beperkte tyd hier te vertoef.

**Dit word gereël deur artikel 10 van die Immigration Act 2002, soos gewysig deur artikel 11 van die Immigration Amendment Act 2004.**

As 'n tydelike verblyfpermit buite die Republiek uitgereik word, word geag dat dit eers in werking tree nadat die persoon tot die land toegelaat is.

Dit moet uitgereik word op voorwaarde dat die houer nie 'n verbode of ongewenste persoon is nie.

Let op dat alleen 'n Direkteur-generaal die termyn van 'n tydelike verblyfpermit kan verleng.

#### **4.4.1 Kansellasie van 'n tydelike verblyfpermit**

'n Tydelike verblyfpermit kan deur die Direkteur-generaal gekanselleer word om redes wat in die kennisgewing bekend gemaak word.

Die kennisgewing sal ook die tydperk aandui waarbinne die houer van 'n tydelike verblyfpermit die Republiek moet verlaat.

#### **4.4.2 Beskikbare tydelike permitte**

Tydelike permitte word gereël deur artikel 10 van die Immigration Act 2002, soos gewysig deur artikel 11 van die Immigration Amendment Act 2004.

Die volgende tydelike permitte is beskikbaar ingevolge artikel 11 tot 23 van die Immigration Act 2002:

##### **Besoekerspermit**

Dit word uitgereik aan 'n buitelandse wat 'n visum het of wat 'n burger van 'n vreemde staat is en die besoeker het finansiële of ander waarborge verskaf ten opsigte van sy/haar vertrek.

Hierdie permit kan nie vir langer as drie maande uitgereik word nie, tensy dit deur die Departement van Binnelandse Sake hernu word.

Dit kan ook aan 'n buitelandse uitgereik word vir 'n tydperk wat nie langer as drie jaar is nie as die buitelandse in die Republiek met akademiese studieverlof is, of betrokke is by vrywillige of liefdadigheidsaktiwiteite of by navorsing.

##### **Diplomatiese permit**

Hierdie permit mag uitgereik word deur die Departement van Internasionale Betrekkinge en Samewerking aan 'n ambassadeur, 'n minister van 'n *buitelandse staat*, 'n beroepsdiplomaat of konsulêre beambte van 'n buitelandse regering wat deur die Suid-Afrikaanse regering erken word,

of aan 'n verteenwoordiger van 'n internasionale organisasie aanvaar deur die *Minister* van Internasionale Betrekkinge en Samewerking.

Lede van bogenoemde persone se onmiddellike familie kwalifiseer ook vir diplomatieke permitte.

### **Studiepermit**

Dit word uitgereik aan 'n buitelandse wat beoog om vir langer as drie maande in die Republiek te studeer.

### **Sakepermit**

Dit kan uitgereik word aan 'n buitelandse wat beoog om óf 'n onderneming te vestig óf om in 'n onderneming te belê waar hy of sy werk.

Lede van sy of haar onmiddellike familie kwalifiseer ook vir hierdie permit.

### **Bemanningspermit**

Hierdie permit kan uitgereik word aan 'n buitelandse wat 'n lid van die bemanning van 'n skip is.

'n Bemanningspermit kan uitgereik word op voorwaarde dat die houer daarvan instem om nie buite 'n voorafbepaalde gebied te beweeg nie.

### **Permit vir mediese behandeling**

Hierdie permit kan uitgereik word aan 'n buitelandse wat beoog om mediese behandeling vir langer as drie maande te ontvang.

Hierdie permit verleen nie die reg aan die houer om te werk nie.

### **Permit vir familielid**

Hierdie permit word uitgereik aan 'n buitelandse wat 'n lid van die onmiddellike familie van 'n burger of inwoner is, mits sodanige burger of inwoner finansiële sekerheid verleen dat hy of sy oor die middele beskik om sodanige buitelandse vir die gevraagde duur van sodanige permit te onderhou, hetsy persoonlik of deur sodanige buitelandse se bydrae.

Soos die houer van 'n bemanningspermit en die permit vir mediese behandeling, word die houer van 'n permit vir 'n familielid nie toegelaat om in Suid-Afrika te werk nie.

### **Uitruilpermit**

Hierdie permit kan uitgereik word aan 'n buitelandse wat deelneem aan 'n kulturele, ekonomiese of maatskaplike uitruilprogram wat deur 'n staatsorgaan georganiseer of geadministreer word, of deur 'n openbare hoërsonderwysinstelling, in samewerking met 'n buitelandse staatsorgaan.

Dit kan ook uitgereik word aan 'n buitelanders onder die ouderdom van 25 wat 'n werksaanbod van nie langer nie as een jaar ontvang het.

**Let asseblief dat die Immigration Act 13 van 2002 gewysig is deur die Immigration Amendment Act 3 van 2007, wat nog nie in werking getree het nie. Vir hierdie kursus is daar dus nie veel regsontwikkeling wat deur die wysigingswet teweeggebring is nie. Ons sal u in kennis stel sodra hierdie Wet in werking tree.**



#### Aktiwiteit

---

**Die doel van hierdie aktiwiteit is om vas te stel of jy die reg ten aansien van immigrante en migrante op praktiese situasies kan toepas.** Jy moet die volgende vrae vir hierdie aktiwiteit beantwoord:

Me P het 'n kind van 14 jaar wat sy saam met haar wil neem op 'n besoek aan die Verenigde Koninkryk. Aan watter vereistes moet sy voldoen om te verseker dat haar kind voldoen aan die reg ten aansien van vertrek uit Suid-Afrika?



#### Terugvoer

---

*Hierdie vraag vereis dat jy die reg ten aansien van immigrasie toepas ten opsigte van die binnekoms of vertrek uit Suid-Afrika. Jy moet veral die reg ten aansien van die vertrek van 'n ouer wat vergesel word van 'n kind onder die ouderdom van 16 jaar toepas. Jou gevolgtrekking behoort te wees dat me P haar kind se naam in haar paspoort moet invul.*

---

## 4.5 VLUGTELINGE

**Let daarop dat die Wet op Vluchteling 130 van 1998 (hierna genoem die Wet op Vluchteling 1998) gewysig is deur die Wysigingswet op Vluchteling 33 of 2008, wat nog nie in werking getree het nie. In hierdie gids val die klem op die Wet op Vluchteling 1998, aangesien die wysigings aan hierdie Wet deur die Wysigingswet van 2008 minimaal is vir die doel van hierdie studiegids. Indien nodig, sal ons 'n studiebrief aan jou stuur om enige wysigings te behandel wat deur die Wysigingswet 2008 teweeggebring word wanneer dit in werking tree.**

As vertrekpunt moet jy weet wie 'n vlugteling is. Ingevolge die Wet op Vluchteling 1998 beteken 'n vlugteling enige persoon aan wie asiel ingevolge hierdie Wet verleen is. Asiel beteken vlugtelingstatus wat ingevolge hierdie Wet erken word.

Mokgoro definieer 'n vlugteling as 'n persoon wat hom of haar buite die land van sy of haar nasionaliteit bevind, of in die geval van 'n persoon wat geen nasionaliteit het nie, 'n persoon wat buite enige staat is waar hy of sy voorheen gewoonlik gewoon het en nie in staat is nie of onwillig is om daarheen terug te keer en nie in staat is nie of onwillig is om gebruik te maak van die beskerming van daardie land weens vervolging of 'n gegronde vrees vir vervolging weens sy of haar ras, geslag, stam, geloof, nasionaliteit, lidmaatskap van 'n bepaalde maatskaplike groep of politieke mening. Eweneens kwalifiseer 'n persoon as 'n vlugteling as sy of haar lewe, fisiese veiligheid of vryheid bedreig word weens eksterne aggressie, besetting, buitelandse oorheersing of ander gebeure wat die openbare orde ernstig versteur of ontwrig (Mokgoro 2010:223, met verwysing na a 3 van die Wysigingswet op Vlugteling 33 van 2008).

Die onvermydelikheid van immigrasie oor die hele wêreld heen verplig ons om nie net immigrasie- en vlugtelingwette te implementeer nie, maar ook om hierdie wette op praktiese situasies toe te pas.

In Suid-Afrikaanse verband is dit van nog groter belang dat ons die wette ken ten aansien van vlugteling, soos die Suid-Afrikaanse Wet op Vlugteling van 1998, ter nakoming van die internasionale reg en die Grondwet van 1996 wat vlugteling hartlik verwelkom.

Om die waarheid te sê, die Wet op Vlugteling 1998 vereis dat 'n persoon nie toegang tot die Republiek verbied word of gedwing word om na sy of haar land terug te keer nie as hy of sy vervolgt kan word weens sy of haar ras, geloof, nasionaliteit, politieke mening of lidmaatskap van 'n bepaalde maatskaplike groep of sy of haar lewe, fisiese sekerheid of vryheid bedreig word op grond van gebeure wat die openbare orde ernstig versteur (a 2 van die Wet op Vlugteling 1998).

Ons moet dus die reg ten aansien van vlugtelingstatus, die beëindiging van vlugtelingstatus, die onttrekking van vlugtelingstatus en die regte en verpligtinge van vlugteling ken.

#### 4.5.1 Vlugtelingstatus

*Vlugtelingstatus*

Vlugtelingstatus word gereël deur artikel 3 van die Wet op Vlugteling 1998.

'n Persoon kwalifiseer vir vlugtelingstatus indien

- (a) hy of sy nie in staat is nie of onwillig is om gebruik te maak van die beskerming van sy of haar land weens 'n gegronde vrees vir vervolging weens sy of haar ras, geslag, stam, geloof, nasionaliteit, politieke mening of lidmaatskap van 'n bepaalde maatskaplike groep; of
- (b) hy of sy genoop is om sy of haar plek van gewone verblyf te verlaat ten einde beskerming in 'n ander land op te soek weens eksterne



aggressie of ander gebeure wat die openbare orde in sy of haar land ernstig versteur; of

- (c) hy of sy 'n afhanklike is van 'n persoon beoog in punt (a) of (b).

Let asseblief daarop dat die volgende persone nie vir vlugtelingstatus kwalifiseer ingevolge artikel 4 van die Wet op Vlugteling 1998 nie:

- (a) 'n Persoon wat 'n misdryf teen die vrede, 'n oorlogsmisdad of 'n misdad teen die mensdom gepleeg het; of
- (b) 'n persoon wat 'n misdad gepleeg het wat nie van 'n politieke aard is nie en waarvoor, indien dit in die Republiek gepleeg is, gevangenisstraf opgelê sou word; of
- (c) iemand wat skuldig was aan dade in stryd met die oogmerke en beginsels van die Verenigde Volkeorganisasie of die Organisasie vir Eenheid in Afrika; of
- (d) 'n persoon wat die beskerming van enige ander land geniet waar hy of sy gaan woon het.

#### 4.5.2 Beëindiging van vlugtelingstatus ingevolge artikel 5 van die Wet op Vlugteling

*Beëindiging van vlugtelingstatus*

'n Persoon hou op om vir vlugtelingstatus te kwalifiseer indien hy of sy

- (a) sigself vrywillig heronderwerp aan die beskerming van die land van sy of haar nasionaliteit; of
- (b) ná verlies van sy of haar nasionaliteit dit weer deur die een of ander vrywillige en formele handeling verkry; of
- (c) 'n burger van die Republiek word of die nasionaliteit verkry van 'n ander land en die beskerming van die land van sy of haar nuwe nasionaliteit geniet; of
- (d) sigself vrywillig hervestig in die land wat hy of sy verlaat het; of
- (e) nie langer kan weier om sigself aan die beskerming te onderwerp van die land van sy of haar nasionaliteit nie, aangesien die omstandighede ophou bestaan het wat sy of haar vlugtelingstatus regverdig.

Dit is egter nie van toepassing nie op 'n persoon wat vorige vervolging kan bewys weens weiering om gebruik te maak van die beskerming van sy of haar land van nasionaliteit.

#### 4.5.3 Intrekking van vlugtelingstatus

*Intrekking van vlugtelingstatus*

Die vlugtelingstatus van 'n persoon kan ingetrek word indien dit redelik en regverdigbaar is om dit te doen ingevolge artikel 36 van die Grondwet van 1996 (a 5(3) van die Wet op Vlugteling 1998).

Die volgende is gevalle wat die terugtrekking van vlugtelingstatus in-gevolge die Wet op Vlugteling van 1998 regverdig:

- (a) indien hy of sy as vlugteling erken is weens bedrog, vervalsing of vals of misleidende inligting
- (b) indien hy of sy as vlugteling erken is weens 'n fout
- (c) indien hy of sy ophou om in gevolge artikel 5 hierbo vir vlugteling-status te kwalifiseer.

'n Persoon wie se vlugtelingstatus ingetrek is, kan 'n appèl indien by die Appèlraad op Vlugteling binne 30 dae vanaf die datum van ontvangs van die besluit.

#### 4.5.4 Regte en verpligtinge van vlugteling

*Regte en ver-  
pligtinge van  
vlugteling*

Hoewel vlugteling nie Suid-Afrikaanse burgers is nie, is hulle geregtig op 'n paar van die regte waarop Suid-Afrikaanse burgers geregtig is.

Dit beteken dat Suid-Afrikanners, waaronder die regering, vlugteling nie kan behandel soos hulle wil nie of op 'n wyse wat hul waardigheid skend nie.

In *Minister of Home Affairs v Watchenuka and Others* (010/2003) [2003] ZASCA 142; [2004] 1 All SA 21 (SCA) (28 November 2003), paragraaf 25, herhaal die Hoogste Hof van Appèl nieburgers se reg op menswaardigheid in gevolge artikel 10 van die Grondwet. In hierdie saak beslis die hof dat menswaardigheid geen nasionaliteit het nie, aangesien dit inherent aan alle mense is, waaronder nieburgers, bloot omdat hulle ook mense is. Vlugteling se regte, soos gewaarborg deur artikel 27 van die Wet op Vlugteling 1998, is die volgende:

- (a) 'n formele skriftelike erkenning van vlugtelingstatus in die voorgeskrewe vorm
- (b) volle wetlike beskerming, wat die regte insluit in Hoofstuk 2 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika van 1996, behalwe daardie regte wat net op burgers van toepassing is
- (c) om aansoek te doen om 'n immigrasiepermit in gevolge die Wet op Vreemdelingebeheer 96 van 1991, soos vervang deur die Immigration Act 13 van 2002, ná vyf jaar ononderbroke verblyf in die Republiek vanaf die datum waarop asiel aan hom of haar verleen is indien die Staande Komitee sertifiseer dat hy of sy onbepaald 'n vlugteling sal bly
- (d) hy of sy is daarop geregtig dat 'n vlugtelingidentiteitsdokument met sy of haar besonderhede aan hom of haar uitgereik word
- (e) hy of sy is geregtig op 'n reisdokument
- (f) hy of sy is geregtig om werk te soek
- (g) hy of sy is geregtig op dieselfde basiese gesondheidsorg en primêre onderwys as wat die Republiek se inwoners van tyd tot tyd ontvang.

Let asseblief op dat vlugteling verplig is om die wette van die Republiek te gehoorsaam.

## 4.6 ASIEL

Ingevolge die Wet op Vlugteling 1998 beteken asiel dat vlugtelingstatus erken word ingevolge die Wet op Vlugteling 1998 en 'n asielversoeker is 'n persoon wat versoek dat hy of sy as vlugteling in Suid-Afrika erken word.

### 4.6.1 Asielzoekerspermit

*Asielzoekers-  
permit*

'n Asielzoekerspermit word gewaarborg deur artikel 22 van die Wet op Vlugteling 1998 en laat die applikant toe om tydelik in die Republiek te bly.

'n Aansoek om asiel moet persoonlik en in ooreenstemming met die voorgeskrewe prosedures by 'n Vluchtelingontvangsbeampte by 'n Vluchtelingontvangskantoor gedoen word.

Die asielzoekerspermit kan op die volgende gronde ingetrek word:

- (a) as die applikant enige voorwaardes oortree wat in daardie permit bevestig word
- (b) as bevind word dat die aansoek om asiel klaarblyklik ongegrond, misbruikend of bedrieglik is
- (c) as die aansoek om asiel verwerp is
- (d) as die applikant ongeskik is of ongeskik raak vir asiel óf omdat hy of sy daarvan uitgesluit word om vir vlugtelingstatus te kwalifiseer óf omdat hy of sy opgehou het om vir vlugtelingstatus te kwalifiseer, soos hierbo bespreek

Voor 'n onvergeselde kind en 'n geestesgestremde persoon om 'n asielzoekerspermit aansoek kan doen, moet hy of sy aan die volgende vereistes voldoen:

- (a) **Onvergeselde kind.** 'n Onvergeselde kind kwalifiseer vir 'n asielzoekerspermit as hy of sy gebring word voor die Kinderhof vir die distrik waarin hy of sy gevind is en die Kinderhof beveel dat 'n kind bygestaan moet word in sy of haar aansoek om asiel ingevolge die Wet op Vlugteling 1998.
- (b) **Geestesgestremde persoon.** 'n Geestesgestremde persoon kwalifiseer vir 'n asielzoekerspermit indien hy of sy bygestaan word in sy of haar soek om asiel ingevolge die Wet op Vlugteling 1998.



## Aktiwiteit

---

Die doel van hierdie aktiwiteit is om te bepaal of jy die vlugtelingwette op praktiese situasies kan toepas. Jy moet die volgende vrae beantwoord om hierdie aktiwiteit te doen:

- (1) Mnr T doen aansoek om vlugtelingstatus en die rede vir sy aansoek is dat hy nie meer van sy land hou nie. Dink jy dat hy vir vlugtelingstatus kwalifiseer ingevolge die Wet op Vlugteling 1998? Motiveer jou antwoord.
- (2) Vlugtelingstatus word in Suid-Afrika verleen aan mnr X, 'n gekwalifiseerde ingenieur. Twee maande later word hy aangestel as bestuurder by die Departement Handel en Nywerheid. Drie maande later ontvang hy 'n brief waarin hy ingelig word dat sy vlugtelingstatus ingetrek word op grond daarvan dat hy by 'n Suid-Afrikaanse staatsdepartement werksaam is. Hy nader jou om advies en wil weet of die brief wat sy vlugtelingstatus intrek aan die Wet op Vlugteling voldoen. Adviseer hom.



## Terugvoer

---

- (1) *Mnr T sal nie vir vlugtelingstatus kwalifiseer op grond daarvan dat hy nie meer van sy land hou nie. 'n Persoon kwalifiseer vir vlugtelingstatus indien hy of sy:*
  - (a) *nie in staat is nie of onwillig is om die beskerming van sy of haar land te gebruik weens 'n gegronde vrees vir vervolging weens ras, geslag, stam, geloof, nasionaliteit, politieke mening of lidmaatskap van 'n bepaalde maatskaplike groep; of*
  - (b) *genoep is om sy of haar plek van gewone verblyf te verlaat ten einde beskerming in 'n ander land te soek weens eksterne aggressie of ander gebeure wat die openbare orde in sy of haar land ernstig versteur; of*
  - (c) *'n afhanklike is van 'n persoon beoog in punt (a) of (b).*

*Mnr T se rede is dus nie goed genoeg nie en hy sal dus nie vir vlugtelingstatus kwalifiseer nie.*

- (2) *Die brief wat sy vlugtelingstatus intrek, voldoen nie aan die Wet op Vlugteling 1998 nie, aangesien hierdie Wet vlugteling toelaat om werk te soek. Met ander woorde, vlugteling het die reg om werk te soek ingevolge die Wet op Vlugteling. Die gevalle wat die intrekking van vlugtelingstatus ingevolge die Wet op Vlugteling 1998 regverdig, is die volgende:*
  - (a) *as 'n vlugteling erken is as vlugteling weens bedrog, vervalsing of vals of misleidende inligting*
  - (b) *as hy of sy as vlugteling erken is weens 'n fout, weglating of oorsig te goeder begaan deur die Vlugtelingstatusbepalingsbeampte; of*
  - (c) *as hy of sy ophou om te kwalifiseer vir vlugtelingstatus ingevolge artikel 5 van die Wet op Vlugteling van 1998.*

*Mnr X se vlugtelingstatus moet dus heringestel word.*

## 4.7 SAMEVATTING

In hierdie studie-eenheid het ons die wette bespreek wat immigrante, migrante en vlugteling in Suid-Afrika beheers.

Dit bring ons aan die einde van hierdie studiegids. Ons hoop dat jy dit net soveel geniet het as wat ons dit geniet het om dit te skryf. Ten einde hierdie module te slaag, moet u ook deel B wat hierop volg, bestudeer. Deel B fokus op demokrasie en openbare deelname.

# VERWYSINGS

## Boeke

Currie & De Waal *The Bill of Rights Handbook* 5 ed (2005) Juta 470.

Currie & De Waal *The Bill of Rights Handbook* 5 ed (2005) Juta 176, 472, 474, 479, 480 en 490.

Rautenbach & Malherbe *Constitutional Law* 5 ed (2008) LexisNexis 57.

Rautenbach & Malherbe *Constitutional Law* 5 ed (2008) LexisNexis 58, 60 en 61.

## Regspraak

- *August and Another v Electoral Commission and Others* (CCT8/99) [1999] ZACC 3; 1999 (3) SA 1; 1999 (4) BCLR 363 (1 April 1999).
- *Larbi-Ordam and Others v The member of the executive Council for Education* (North West Province) and Another, 1998 (1) SA 745 (CC).
- *Khosa and others v Minister of Social Development and others* 2004 (6) BCLR 569 (CC) (4 March 2004).
- *Minister of Home Affairs v Watchenuka and Others* (010/2003) [2003] ZASCA 142; [2004] 1 All SA 21 (SCA) (28 November 2003) par 25.
- *Richter v Minister for Home Affairs and Others* 2009 (5) BCLR 448 (CC).

## Hoofstuk in boek

- Klaaren, J "Post-Apartheid Citizenship in South Africa" in Aleinikoff T & Klusmeyer D (eds) *From Migrants to Citizens: Membership in a Changing World* (2000) Carnegie Endowment for International Peace 221–252

## Wetgewing

- Wet op Vluchteling 130 van 1998 (a 2, 3, 4, 5, 10A, 10B, 22 en 27).
- Immigration Act 13 van 2002 (a 9, 10, **25, 26 en 27**).
- Immigration Amendment Act 19 van 2004 (a 10, 11, **26, 27 en 28**).
- Wet op Suid-Afrikaanse Burgerskap 88 van 1995 (a 2, 3, 4, 5 en 24).

- Wysigingswet op Suid-Afrikaanse Burgerskap 69 van 1997 (a 2, 3 en 4). 1996-Grondwet (a 3).
- Wet op Suid-Afrikaanse Burgerskap 88 van 1995 (a 6, 7, 8, 10, 11, 12, 13, 13B en 26B).
- Wysigingswet op Suid-Afrikaanse Burgerskap 69 van 1997 (a 6 en 7). 1996-Grondwet (a 20).

### **Tydskrifartikel**

- Fraser, TH “Diplomatic protection in the new age of globalization, the genuine link theory cannot stand”, *tax talk*, Issue 22, May/June 2010, beskikbaar by <http://search.sabinet.co.za>.
- Klaaren, J “Constitutional citizenship in South Africa”, *International Journal of Constitutional Law* (2010), Vol 8, Issue 1, 94–110.
- Malherbe “The Constitutionality of Government Policy Relating to the Conduct of Religious Observances in Public Schools” 2002:35(3) *TSAR* 391 409.
- Mcquoid-Mason “Are the Restrictive Provisions of Sections 2(1)(c) and 5(5) of the Choice on Termination of Pregnancy Act 92 of 1996 Unconstitutional?” 2006:31(1) *Journal for Juridical Science* 127.
- Mokgoro, JY “Ubuntu, the Constitution and the Rights of Non-citizens,” *Stellenbosch Law Review* 2010, Vol 21, issue 2, 221–229.

### **Internetartikel**

- Watters, C (2010), South African citizenship and the 2010 Citizenship Amendment Bill 2010 (*Sunday Times* on 28 July 2010).
- Beskikbaar by: <http://www.polity.org.za/article/south-african-citizenship-and-the-2010-citizenship-amendment-bill-2010-07-28> (soos op 29 Maart 2011).





# DEEL B

## Demokrasie en openbare deelname

### INLEIDING


#### Beste Leerder

**Lees hierdie inleiding asseblief deeglik deur voor jy begin om die studiegids te bestudeer.**

Hierdie deel van die module handel oor demokrasie en openbare deelname. Soos jy sal sien, bevat Deel B vier studie-eenhede. Jy moet al die studie-eenhede deeglik deurwerk en seker maak dat jy kennis neem van die leeruitkomste aan die begin van elke studie-eenheid en die aktiwiteite of selfevaluasie-oefeninge doen. Hierdie aktiwiteite is baie belangrik, aangesien die doel daarmee is om die werk wat jy in elke studie-eenheid bestudeer het met die res van die module te integreer.

Die volgende diagram verteenwoordig 'n uiteensetting van die vier studie-eenhede.

#### Deel B – Demokrasie en openbare deelname



## WOORDELYS MET SLEUTELTERME

Hierdie woordelys bevat definisies van sleutelbegrippe of -woorde wat jy sal teëkom wanneer jy 'n bepaalde studie-eenheid bestudeer. Dit is belangrik, aangesien jy al hierdie woorde behoorlik moet verstaan. Lees die woordelys deur voor jy begin studeer en raadpleeg dit elke keer as jy 'n woord in die studiegids teëkom wat jy nie verstaan nie.

Verordening	'n Reël of wet gemaak deur 'n plaaslike owerheid
Grondwet	Die stelsel van basiese regsreëls en -beginsels van 'n regering of samelewing
Grondwetlike oppergesag	Die Grondwet is die hoogste reg
Regering van samewerking	Die verskillende vlakke van die regering moet saamwerk
Grondwetlikheid	Dit is die idee dat die regering sy bevoegdhede aan die Grondwet ontleen en dat hierdie bevoegdhede beperk moet word ingevolge die bepalings van die Grondwet
Raadslid	'n Lid van 'n gekose wetgewende/raadgewende liggaam
Demokrasie	Regeringsvorm deur die bevolking deur middel van gekose verteenwoordigers
Uitvoerende gesag	Het die bevoegdheid om die wette uit te voer, byvoorbeeld, die President
Fundamentele regte	Hierdie regte kom enige mens toe ten einde menswaardigheid te beskerm
Regering	Die uitoefening van gesag oor 'n staat, 'n bestuurstelsel
Regbank	Bestaan uit staatsamptenare (regters) met die bevoegdheid om sake in 'n hof aan te hoor en te beslis
Regspreekende gesag	Bestaan uit mense soos regters wat die bevoegdheid het om die reg toe te pas om geskille te besleg
Wetgewende gesag	Het die bevoegdheid om wette te maak
Koukus	Probeer wetgewers beïnvloed om 'n spesifieke aangeleentheid te ondersteun
Munisipaliteit	'n Stad of dorp met korporatiewe status en die bevoegdheid om sigself te regeer
Beleid	'n Plan wat die beginsels en doelwitte van 'n regering omvat
Parlement	Wetgewende vergadering bestaande uit verteenwoordigers van 'n volk wat die wette maak

Oppergesag van die reg	Die beginsel dat die regering slegs mag optree kragtens die reg wat deur onpartydige en onafhanklike howe afgedwing word
Skeiding van magte	Volgens hierdie beginsel moet die staat se bevoegdhede verdeel word tussen verskeie organe om outoritêre regering te voorkom en menseregte te beskerm. Die wetgewende, uitvoerende en regsprekende gesag het elkeen sy eie bevoegdhede en funksies

# Studie-eenheid 5

## Demokrasie en openbare deelname

### Inhoud

---

- 5.1 Inleiding
  - 5.2 Demokrasie
  - 5.3 Openbare deelname aan 'n demokrasie
  - 5.4 Samevatting
- 



### Leeruitkomste

---

Nadat jy hierdie studie-eenheid bestudeer het, behoort jy demokrasie en openbare deelname te kan ontleed en jy behoort

- te verstaan wat demokrasie behels
  - tussen die verskillende tipes demokrasie te kan onderskei
  - die beginsel van skeiding van magte te verstaan
  - te verstaan wat geregtelike hersiening behels
  - die rol wat die Grondwet in 'n demokratiese Suid-Afrika speel en die beginsels wat daarmee verband hou, te ontleed
  - die rol wat openbare deelnemers in 'n demokratiese land speel te skets
- 

## OORSIG

Die Suid-Afrikaanse Grondwet het 'n einde gebring aan 'n lang en bitter stryd om 'n grondwetlike demokrasie in Suid-Afrika tot stand te bring. 'n Paar van die fundamentele veranderings is dat

- dit die apartheidsbewind beëindig het
- parlementêre soewereiniteit deur die oppergesag van die Grondwet vervang is
- dit 'n afdwingbare en regverdigbare Handves van Regte bevat
- die sterk en sentrale regering van die verlede vervang is deur 'n demokratiese regering gegrond op grondwetlikheid, die oppergesag van die reg en skeiding van magte.

## 5.1 INLEIDING

Hierdie studie-eenheid ontleed die begrip van demokrasie. Dit ondersoek basies die verskillende vorme van demokrasie, die beginsels van

demokrasie, demokrasie en geregtelike hersiening, skeiding van magte en regering van samewerking. Dit fokus ook op die regeringsvorm in Suid-Afrika.

Die Suid-Afrikaanse Grondwet maak voorsiening vir 'n breë verteenwoordigende grondwetlike demokrasie gegrond op algemene stemreg. Die klem op openbare deelname stel egter elemente bekend wat dit, altans in formele sin, onderskei van baie van die demokrasieë wat al langer bestaan.

## 5.2 DEMOKRASIE

Demokrasie is een van die grondliggende waardes van die Republiek van Suid-Afrika. Soos die aanhef tot die Grondwet dit stel, moet die regering gegrond wees op die wil van die mense. Die woord "demokrasie" is afgelei van twee ou Griekse woorde: *demos* (die mense) en *kratos* (krag). Dit impliseer dat demokrasie verwys na regering deur die mense. Dit veronderstel dus vrye politieke bespreking, dat verskille tussen mense geduld word asook die reg van alle burgers om aan politieke besluitneming deel te neem.

Die teenoorgestelde van 'n demokrasie is 'n diktatoriale of despotiese regime waar die staat deur 'n diktator of despotiese heerser regeer word wat die staat of die land regeer soos hy goed dink en wette maak soos dit hom behaag.

### 5.2.1 Vorme van demokrasie

Daar is drie tipes demokrasie: verteenwoordigende demokrasie, deelnemende demokrasie en direkte demokrasie.

#### 5.2.1.1 Direkte demokrasie

Direkte demokrasie beteken dat alle belangrike politieke besluite deur die bevolking self geneem word. Hierdie vorm van demokrasie kan moontlik werk in 'n baie klein politieke gemeenskap waar mense gereeld bymekaarkom (bv in die stadsaal) om sake van gemeenskaplike belang te bespreek en besluite daaroor te neem.

Direkte demokrasie is egter nouliks 'n opsie in 'n moderne staat wat gewoonlik te dig bevolk is om voorsiening te maak vir gereelde, direkte deelname deur alle burgers aan staatsaangeleenthede. Moderne demokrasieë volg dus 'n stelsel van verteenwoordigende demokrasie.

### 5.2.1.2 *Verteenwoordigende demokrasie*

Verteenwoordigende demokrasie vereis dat al die inwoners van die staat (dws almal bo 'n sekere ouderdom, bv 18 jaar, en wat nie om 'n ander rede gediskwalifiseer word nie) via direkte verteenwoordiging 'n sê behoort te hê in die manier waarop die staat regeer word, gewoonlik deur verteenwoordiging in die wetgewende liggaam. Let op dat 'n verteenwoordigende demokrasie deur 'n verkiesingsproses geskep word. Hierdie verkiesings moet redelik gereeld gehou word.

Verteenwoordigende demokrasie is indirekte demokrasie, aangesien gesag gegrond is op die wil van die bevolking, soos uitgedruk deur hul gekose verteenwoordigers. Dit is 'n politieke demokrasie wat die erkenning van politieke regte, asook vry en regverdigte verkiesings behels.

Dit beteken dat verteenwoordigers tot hul ampte verkies word en besluite namens die kiesers moet neem. Die gekose verteenwoordigers moet met ander woorde die standpunte van diegene wat vir hulle gestem het, direk verteenwoordig.

Verteenwoordigende demokrasie word dus gekenmerk deur verkiesings wat gereeld gehou word. Hierdie stelsel is die geskikste vir dig bevolkte gemeenskappe wat die moderne staat kenmerk. Mens kan dit egter kritiseer weens die gebrek om geleenthede te bied vir betekenisvolle politieke deelname deur die bevolking, aangesien geredeneer word dat politieke partye op groot ondernemings staatmaak om hul verkiesingsveldtogte te finansier en uiters onwillig is om iets te doen wat hul borge moontlik kan vervreem.

Diegene wat ten gunste van verteenwoordigende demokrasie is, redeneer dat dit die beste stelsel is, aangesien verkiesings steeds 'n invloedryke/magtige meganisme is om die regering teenoor die bevolking aanspreeklik te hou, want indien die regering die belange en aspirasies van die breë bevolking uit die oog sou verloor, is dit waarskynlik dat hy nie aan die einde van sy ampstermyn weer verkies sal word nie.

Hulle redeneer ook dat vryheid van die pers, vryheid van inligting en vryheid van assosiasie en die beginsel van skeiding van magte kan voorkom dat enige enkele groep of instelling te sterk word en dat dit demokratiese debat en mededinging bevorder.

### 5.2.1.3 *Deelnemende demokrasie*

Dit is die vorm van verteenwoordigende demokrasie waar individue of instellings wat die bevolking verteenwoordig aan die politiek moet deelneem of aan besluite wat hulle raak.



### Aktiwiteit

---

Definieer “demokrasie”.



### Terugvoer

---

*Demokrasie is 'n stelsel van regering deur die bevolking deur middel van verkose verteenwoordigers. Dit verseker politieke, maatskaplike en regs-gelykheid. Die regering is gegrond op die wil van die bevolking.*

---



### Aktiwiteit

---

Sou jy sê dat 'n land soos Suid-Afrika demokraties of outokraties is? Gee redes vir jou antwoord.



### Terugvoer

---

*Suid-Afrika is sedert 1994 'n voorbeeld van 'n demokrasie. 'n Demokrasie is 'n vorm van regering waarin die wil van die bevolking van die hoogste belang is. Ons stem in verkiesings vir ons tipe regering. 'n Diktatuur is die teenoorgestelde van 'n demokrasie. Dit is 'n vorm van regering deur 'n heerser wat algehele gesag of mag het wat dikwels deur geweld verkry is. Voorbeelde van 'n diktatuur is Kuba en Noord-Korea.*

*Daar bestaan 'n verhouding tussen demokrasie en gesag. Jy moet besef dat die regering en sy burgers in 'n demokrasie en grondwetlike bedeling, wat vandag bestaan, wettige (regmatige) gesag het, aangesien die regering 'n mandaat het om te regeer. Dit is egter altyd onderworpe aan die Grondwet. Onder apartheid het niemand in werklikheid wettige gesag gehad nie. Sowel die regering as sy burgers het onwettige (onregmatige) gesag gehad, aangesien hulle geen mandaat van die bevolking gehad het om te regeer nie.*

---

## 5.2.2 Beginsels van demokrasie

Alhoewel die politieke instellings van moderne demokrasieë in belangrike opsigte van mekaar verskil, is daar 'n aantal kenmerke wat gemeenskaplik aan die meeste demokratiese gemeenskappe is. Die volgende kenmerke word algemeen beskou as onontbeerlik vir 'n demokratiese regering:

- vrye en gereelde verkiesings (gewoonlik een keer elke vier of vyf jaar)
- 'n veelpartystelsel
- algemene stemreg, wat beteken dat alle burgers oor 'n sekere ouderdom die reg het om te stem

- die beskerming van minderhede
- meganismes om die aanspreeklikheid van die regering teenoor die kiesers te verseker

#### *5.2.2.1 Voordele van demokrasie*

Daar is 'n aantal voordele aan 'n demokratiese samelewing, waarvan een voordeel is dat mense 'n sê het in die regering en voel dat hulle deel van 'n gemeenskap is. 'n Demokrasie verseker dat almal gelyk behandel word en is 'n vereiste vir 'n vryemarkstelsel.

#### *5.2.2.2 Nadele of risiko's verbonde aan demokratiese regering*

Daar is ook nadele verbonde aan 'n demokrasie in die sin dat die minderheid soms met die meerderheid moet saamstem, selfs al wil hulle dit nie doen nie. Sommige vryhede gaan dan verlore. Demokrasie en vrymarkeconomieë kan ook groter welvaartongelykheid tot gevolg hê.

Bestuur in 'n demokrasie kan ook gedisorganiseerd en ondoeltreffend wees; daar kan moontlik onrealistiese verwagtinge aan die regering gestel word, en indien nie daaraan voldoen word nie, kan dit tot teleurstelling lei.

### **5.2.3 Demokrasie en die Grondwet van 1996**

Ons bespreek nou in die besonder demokrasie in Suid-Afrika. Demokrasie is een van die grondliggende waardes van die Suid-Afrikaanse Grondwet van 1996. Die belang daarvan word vasgelê in die aanhef wat herhaal dat die regering op die wil van die bevolking gegrond moet word. Demokrasie kom ook voor in baie ander dele van die Grondwet, soos in artikel 1, 7(1), 36(1), 39(1), 57(2)(b), 61(3), 70(1)(b), 70(2)(b)–(c), 116(1)(b), 160(8)(b), 181(1), en 195(1) van die Grondwet. Lees asseblief bogenoemde artikels van die Grondwet om jou begrip te verbeter van die belang van demokrasie in Suid-Afrika en die rol wat dit speel.

Let asseblief op dat hoewel demokrasie 'n uiters belangrike rol in ons grondwetlike bedeling speel, word dit nie in die Grondwet gedefinieer nie. In Suid-Afrikaanse verband neem "demokrasie" die vorm van verteenwoordigende demokrasie waarvolgens elke volwasse Suid-Afrikaanse burger daarop geregtig is om te stem vir 'n verteenwoordiger van sy of haar keuse in vry en regverdigde verkiesings en om sy of haar wil in die parlement, provinsiale wetgewer of munisipale raad uit te druk.

#### *5.2.3.1 Die beginsel van skeiding van magte*

Jy moet altyd in gedagte hou dat Suid-Afrika sowel 'n grondwetlike demokrasie as 'n verteenwoordigende demokrasie is. Dit beteken dat dit verkose verteenwoordigers in die parlement, provinsiale wetgewers en in munisipale rade nie vrystaan om enige wette te maak wat hulle wil nie, aangesien hulle gebonde is aan die norme en waardes wat in die Grondwet beliggaam word. Dit is die geval, omdat die Grondwet



die hoogste reg van die land is en enige regsvoorskrif wat daarmee onbestaanbaar is, sal ongeldig verklaar word.

Ons Grondwet maak ook voorsiening vir die beginsel van skeiding van magte. Die beginsel van skeiding van magte is gegrond op die *trias politica*-beginsel, wat verwys na die verdeling van die regering se gesag in drie vertakkings, naamlik die wetgewende, die uitvoerende en die regsprekende gesag.


Die **wetgewende gesag** het die bevoegdheid om regsreëls te skep, te wysig en te herroep. Hierdie bevoegdheid berus by die **parlement**.

Die **uitvoerende gesag** het die bevoegdheid om regsreëls uit te voer en af te dwing. Hierdie bevoegdheid berus by die **President**.

Die **regsprekende gesag** het die bevoegdheid om regsreëls te interpreteer en om sodanige reëls op konkrete situasies toe te pas. Hierdie bevoegdheid berus by die **howe**.

**SKEIDING VAN MAGTE, OF DIE TRIAS POLITICA-LEERSTUK, IS 'N TERM WAT NET NA DIE VERDELING VAN STAATSGESAG TUSSEN DIE WETGEWENDE, DIE UITVOERENDE EN DIE REGSPREKENDE GESAG VERWYS.**

'n Diagrammatiese opsomming van die vertakkings van die regering verskyn hieronder:



Die leerstuk van skeiding van magte kan een van die volgende, of al die volgende beteken:

- **eerstens**, die formele verdeling van staatsgesag tussen die wetgewende, uitvoerende en regsprekende gesag.
- **tweedens**, die skeiding van personeel sodat een persoon nie terselfdertyd funksies in meer as een vertakking van die regering vervul nie.
- **derdens**, 'n skeiding van funksies sodat een vertakking van die regering hom nie die funksies en bevoegdhede van 'n ander vertakking van die regering wederregtelik toe-eien nie.
- **vierdens**, wigte en teenwigte, waarvolgens aan een vertakking van die regering die bevoegdheid verleen word om die ander vertakkings in bedwang te hou en om dus die gewenste balans tussen die drie komponente van die regeringsgesag te handhaaf.

Die beginsel van skeiding van magte behels die skeiding van mag tussen die wetgewende, die uitvoerende en die regsprekende gesag, met toepaslike wigte en teenwigte om aanspreeklikheid, deelnemendheid en openlikheid te verseker.

In *Ex Parte Chairperson of the Constitutional Assembly: In re certification of the Constitution of the Republic of South Africa*, 1996 (4) SA 747 (KH) bevind die hof dat daar nie 'n universele model vir skeiding van magte is nie, en dat dit nie absoluut is nie.



#### Aktiwiteit

---

Bespreek kortliks die leerstuk van skeiding van magte of die *trias politica*-leerstuk in Suid-Afrika.



#### Terugvoer

---

***Trias politica* of skeiding van magte** word gebruik om staatsgesag te verdeel tussen die wetgewende, uitvoerende en regsprekende gesag.

*Skeiding van magte is uiters noodsaaklik sodat 'n demokrasie doeltreffend kan funksioneer. Dit voorkom die misbruik van gesag deur een vertakking van die regering. Ten einde politieke vryheid in 'n land te verseker, moet daar skeiding van magte wees.*

---



#### Lees

---

##### 5.2.3.2 Geregtelike hersiening en demokrasie

Die Suid-Afrikaanse Grondwet maak ook voorsiening vir 'n aantal wigte en teenwigte. Die belangrikste hiervan is **geregtelike hersiening** wat

aan die hof of regsprekende gesag die bevoegdheid verleen om as waghond oor die wetgewende en uitvoerende gesag op te tree en om te verseker dat alle wette deur en optrede van die uitvoerende en wetgewende gesag geldig en bestaanbaar met die Grondwet is.

Dit beteken dat die hof die bevoegdheid het om enige wetgewende of administratiewe optrede wat ongrondwetlik is as sodanig te verklaar.

Soos voorheen genoem, verleen geregtelike hersiening aan die hof of die regsprekende gesag die bevoegdheid om as waghond op te tree oor die wetgewende en uitvoerende vertakking en om te verseker dat alle wette en regsreëls en optrede van die wetgewende en uitvoerende vertakkings van die regering geldig en bestaanbaar met die Grondwet is.

Met ander woorde, die hof het die bevoegdheid om enige ongrondwetlike wetgewing of administratiewe optrede as ongeldig te verklaar.

Sommige mense kan dalk redeneer dat dit ondemokraties is dat die regsprekende gesag (wat nie 'n verkose liggaam is nie) die bevoegdheid het om wetgewing wat deur die parlement (wat 'n verkose liggaam is) uitgevaardig is, ongeldig te verklaar.

Die volgende argument kan egter aangevoer word om geregtelike hersiening te verdedig teen die aantyging dat dit ondemokraties is:

- Die Suid-Afrikaanse Grondwet is opgestel deur die verteenwoordigers van die bevolking wat in die Grondwetlike Vergadering byeengekom het. Om die waarheid te sê, die Grondwet moes deur 'n tweederde-meerderheid van die lede van die Grondwetlike Vergadering aanvaar word en was die produk van 'n lang proses van onderhandelings en demokratiese oorleg. Dit verduidelik in 'n mate waarom die Grondwet voorkeur bo enige gewone wetgewing geniet.
- Demokrasie veronderstel deurtastende politieke debat waarin burgers die vrymoedigheid het om hul standpunte te stel en algemeen aanvaarde oortuigings te bevraagteken. Geregtelike hersiening kan 'n bydrae hiertoe lewer: deur mense se politieke regte of vryheid van uitdrukking te beskerm, kan regters vry en onbelemmerde openbare debat verseker.
- Regters kan ondersoek instel na die grondwetlikheid van wetgewing, maar dit beteken nie dat hulle eenvoudig die wetgewer se siening deur hul eie sienings kan vervang nie. Wanneer 'n regter 'n regsvoorskrif as ongrondwetlik verklaar, maak hy of sy nie 'n nuwe regsvoorskrif as ongrondwetlik verklaar, maak hy of sy nie 'n nuwe regsvoorskrif of skryf vir die wetgewer voor hoe 'n nuwe regsvoorskrif moet lyk nie. Dit is die wetgewer se diskresie om 'n wet of regsvoorskrif te wysig wat ongeldig verklaar is, en die enigste voorwaarde is dat die gewysigde wet of regsvoorskrif grondwetlik moet wees.



## Selfassessering

---

Lees die volgende gedeelte gegrond op die hipotetiese geval en beantwoord dan die vraag wat volg:

*Die meeste mense in die land het bruin oë. In die nasionale verkiesing het die meeste mense dus vir die Bruinoogparty gestem en hierdie party het nou die meerderheid setels in die Nasionale Vergadering. Die parlement vaardig wetgewing uit waarin verklaar word dat mense met blou oë nie meer toegelaat word om eiendom in sekere gebiede te koop nie. Die mense met blou oë is woedend en nader die Konstitusionele Hof om hierdie wet as ongrondwetlik te laat verklaar op grond daarvan dat dit teen mense met blou oë diskrimineer.*

*Die advokaat vir die regering redeneer dat die wil van die meerderheid Suid-Afrikaners deur die parlement verteenwoordig word en dat dit ondemokraties sou wees om die wet ongeldig te laat verklaar. Die Konstitusionele Hof verklaar dat die wet ongeldig is. Die parlement is onwrikbaar in hul oortuiging dat die wil van die mense moet seëvier en aanvaar 'n wet ingevolge waarvan die beslissing van die Konstitusionele Hof deur die parlement hersien kan word.*

Beantwoord nou die volgende vraag:

*Stem jy saam met die argument wat die advokaat vir die regering aanvoer? Gee 'n volledige verduideliking vir jou antwoord. (10)*

Om hierdie vraag te beantwoord, moet jy die volgende doen:

- *Bespreek verteenwoordigende demokrasie.*
- *Bespreek grondwetlike demokrasie.*
- *Definieer en bespreek die leerstuk van skeiding van magte.*
- *Verduidelik die belang van hierdie begrippe en bring hulle in verband met skeiding van magte.*
- *Verwys na die teenmeerderheidsdilemma (counter-majoritarian dilemma).*
- *Bepaal of die bestaan van 'n oppermagtige, beregbare Grondwet onbestaanbaar met demokrasie is.*

---

### 5.2.3.3 Demokrasie en die Suid-Afrikaanse kiesstelsel

'n Kiesstelsel is die meganisme deur middel waarvan kiesers hul reg uitoefen om vir die verteenwoordigers van hul keuse te stem. Dit sit basies die prosedures vir die verkiesing van politieke verteenwoordigers uiteen: dit wil sê, die manier waarop stemme uitgebring word, word in setels in die wetgewende raad omgeskep.

Artikel 46(1) van die Grondwet bepaal dat lede van die Nasionale Vergadering gekies moet word ingevolge 'n kiesstelsel wat deur nasionale wetgewing voorgeskryf word en wat in die algemeen proporsionele verteenwoordiging tot gevolg het.

Sien ook artikel 105(1) van die Grondwet wat 'n soortgelyke bepaling ten aansien van provinsiale wetgewers bevat, en artikel 157(2) wat oor die verkiesing van munisipale rade handel.

Die stelsel van proporsionele verteenwoordiging beteken dat partye 'n sekere aantal setels in die parlement kry ooreenkomstig die persentasie stemme wat hulle in 'n verkiesing behaal het.

As jou party byvoorbeeld 15% van die stemme in die land kry, beteken dit hy kry 15% van die setels in die parlement. Net lede van partye kan vir 'n verkiesing staan. Kiesers stem vir die party waarvan hulle hou, en nie vir 'n persoon van wie hulle hou nie. Elke party kies sy eie lys kandidate vir die parlement. Die party hou al sy setels in die parlement. Partye het sentrale beheer oor die keuse van parlamentslede (LPs).

Proporsionele verteenwoordiging kan beskou word as die mees inklusiewe stelsel van verteenwoordiging, omdat dit aan sowel meerderheids- as minderheidspartye die reg verleen om hul kiesafdelings in die wetgewende gesag te verteenwoordig.

### 5.3 OPENBARE DEELNAME AAN 'N DEMOKRASIE

Weet jy hoe jy as Suid-Afrikaanse burger aan jou land se staatsake kan deelneem?

#### 5.3.1 Die belang van openbare deelname

Die Suid-Afrikaanse Grondwet maak voorsiening vir 'n breë verteenwoordigende grondwetlike demokrasie gegrond op algemene stemreg. Die klem op openbare deelname voer egter elemente in wat dit, altans in formele sin, onderskei van baie ander demokrasieë wat al baie langer bestaan. Openbare deelname doen die volgende:

- Dit moedig landsburgers aan om aktief by openbare sake betrokke te wees, hulself met die staat se instellings te identifiseer en om vertrouwd te raak met die wette wanneer hulle gemaak word.
- Dit verhoog die burgerlike waardigheid van diegene wat deelneem deur hulle die geleentheid te bied om hul stem te laat hoor en in ag geneem te word.
- Dit bevorder die gees van demokratiese en pluralistiese skikking wat bedoel is om wette op te lewer wat bes moontlik algemeen aanvaar sal word en doeltreffend in die praktyk sal wees.
- Dit versterk die legitimiteit van wetgewing in die oë van die mense.

Laastens dien dit as teenwig vir die geheime beïnvloeding van parlamentslede en invloedkopery vanweë die openlike en openbare aard daarvan. Deelnemende demokrasie is van spesiale belang vir diegene in ons land wat oor relatief min mag beskik weens die wanverhouding tussen welvaart en invloed (*Doctors for Life International v Speaker of the National Assembly and Others* (CCT12/05) [2006] ZACC 11; 2006 (12) BCLR 1399 (KH); 2006 (6) SA 416 (KH) par 115).

Dit is belangrik dat mens nie openbare deelname moet beskou as synde in stryd met die verteenwoordigende element van demokrasie nie, maar eerder dat hulle mekaar onderling ondersteun. Algemene verkiesings, wat byvoorbeeld die fondament van verteenwoordigende demokrasie is, sou betekenisloos wees sonder omvangryke deelname deur kiesers (*ibid*).

In Suid-Afrikaanse verband is openbare deelname, wat die publiek toelaat om aan die maak van wette deel te neem, van die uiterste belang, aangesien dit deel vorm van 'n demokratiese regering wat aanspreeklik, deelnemend en deursigtig is (*Doctors for Life* par 121).

Ons demokrasie sluit dus die grondliggende beginsel van deelnemende demokrasie in, met die gevolg dat Suid-Afrika se regering gedeeltelik verteenwoordigend en gedeeltelik deelnemend is (*Doctors for Life* par 116).

### **Openbare deelname sluit in dat mense**

- vir verkiesings staan
- ingelig word
- gemeenskapsvergaderings hou en bywoon
- by burgerlike en politieke organisasies aansluit
- protes aanteken en petisies indien
- belasting betaal
- besluitnemers kookus en aan besluitnemingsprosesse deelneem, byvoorbeeld in parlementêre komitees
- skriftelike/mondelinge voorleggings aan komitees maak

In "Doctors for Life" (*Doctors for Life International v Speaker of the National Assembly and Others* (CCT12/05) [2006] ZACC 11; 2006 (12) BCLR 1399 (KH); 2006 (6) SA 416 (KH)) beslis die hof dat internasionale reg deelname omvat as algemene reg om deel te neem aan die bestuur van openbare sake, en meer spesifieke, 'n reg om te stem en/of om tot 'n openbare amp verkies te word (*Doctors for Life* par 105).

Die algemene reg om deel te neem aan die bestuur van openbare sake sluit in deelname aan openbare debat en dialoog met gekose verteenwoordigers by openbare verhore deur te verseker dat burgers die nodige inligting het en voldoende geleentheid om hul reg op politieke deelname uit te oefen (*Doctors for Life* par 105).

#### *5.3.1.1 Kookus*

Om te kookus beteken om mense wat wette maak, soos parlamentslede, daarvan te oortuig om 'n standpunt te ondersteun wat jy glo is reg.

'n Mens kan koukus deur

- vergaderings te hou met besluitnemers, soos parlamentslede, vir jou gebied
- voorleggings te maak en petisies in te dien by komiteevergaderings/ openbare verhore
- formele briewe te skryf waarin jy jou standpunt stel
- met die media te praat
- nuuskonferensies te hou
- verslaggewers te help met stories en openbare veldtogte te voer deur briewe te skryf.

### 5.3.2 Openbare deelname en die Grondwet

Openbare deelname word in die aanhef tot die Grondwet gewaarborg, wat verklaar dat die Grondwet “die grondslag lê vir ’n demokratiese en oop samelewing waarin regering gegrond is op die wil van die bevolking” (*Doctors for Life* par 110).

Dit beteken dat ons as burgers ’n grondwetlike reg het om deurlopend betrokke te wees by, en deel te neem aan regeringsprosesse om te verseker dat die mense vir wie ons stem hulle pligte uitvoer, soos belowe.

Die grondliggende waardes van ons grondwetlike demokrasie sluit ’n “veelpartystelsel van demokratiese regering in om aanspreeklikheid, deelnemendheid en openlikheid te verseker. ’n Verbintenis tot die beginsel van aanspreeklikheid, deelnemendheid en openlikheid toon dat ons grondwetlike demokrasie nie net verteenwoordigend is nie, maar ook deelnemende elemente bevat (*Doctors for Life* par 111).

Dit word ook uitgedruk in grondwetlike bepalings wat vereis dat nasionale en provinsiale wetgewers openbare betrokkenheid by hul prosesse moet vergemaklik (sien a 59, 72 en 118).

### 5.3.3 Faktore wat betekenisvolle openbare deelname beïnvloed

Dit is vanselfsprekend dat deelname deur die publiek nie net ’n noodsaaklike deel van ’n demokrasie is, maar ook ’n grondwetlike reg. Daar is egter sekere faktore wat betekenisvolle deelname kan beïnvloed, waarvan sommige hier bespreek word:

- Beperkte mediatoegang, lae opvoedkundige vlakke en geografiese isolasie van regeringsentra, probleme ten aansien van tyd en geld, beïnvloed alles betekenisvolle deelname deur ’n groot aantal mense in die samelewing.
- Gebrek aan belangstelling is een van die hoof faktore vir niedeelname.

- Mense met 'n hoër sosio-ekonomiese status en wat hoër kwalifikasies het, wil meer by die politiek betrokke raak en voel dit is hul burgerlike plig om aan die politiek deel te neem. Mense wat hulle ook met 'n sekere groep identifiseer, sal meer aktief deelneem. Iemand wat voel dat hy/sy deur die politieke stelsel vervreem word en dat die regering nie in voeling is met die behoeftes van die bevolking nie, sal minder geneig wees om deel te neem. Sosiale en ekstroverte persoonlikhede sal ook meer deelneem.
- Fisiese faktore soos nabyheid, weer en terrein kan deelname beïnvloed.
- Streekverskille, dit wil sê afstand vanaf die sentra waar politieke prosesse plaasvind, beïnvloed deelname.

Hierdie faktore doen aan die hand dat die regering proaktief moet werk om te verseker dat gehoor gegee word aan die stem van die breë publiek.

### 5.3.4 Die voor- en nadele van burgerlike deelname

Openbare deelname het sowel voor- as nadele, en ons bespreek sommige daarvan hier:

#### **Voordele:**

- (1) **Vermindering van sielkundige lyding en apatie.** Burgers moet voel dat hulle die vermoë het om die regering in sy besluitneming te beïnvloed.
- (2) **Positiewe toepassing van burgerlike deelname.** Burgerlike deelname kan afhanklikheid in onafhanklikheid verander, dit wil sê, dit kan armes verander van passiewe verbruikers van ander se dienste tot produseerders van daardie dienste. Dit verbeter dienslewering, byvoorbeeld vullisverwydering, indien burgers betrokke raak by burgerlike dienslewering.
- (3) **Bereidwilligheid om ontneming te verduur.** Burgerlike deelname kan daartoe lei dat burgers bereid is om die feit te aanvaar dat die regering moontlik nie sekere dienste kan lewer nie.
- (4) **Beteueling van gesagsmisbruik.** Burgerlike deelname kan 'n waardevolle kontrole van regeringsgesag wees. Dit is waarom die owerheid dit nie altyd aanmoedig nie.
- (5) **Verspreiding van inligting.** Doeltreffende verspreiding van akkurate inligting is noodsaaklik vir burgerlike deelname.

#### **Nadele:**

- (1) **Verwagting dat die doelwitte van openbare bestuur ondersteun sal word.** Dikwels wanneer die regering burgerlike deelname-groepe borg/inspan, doen hy dit om sy eie oogmerke te bereik. Die regering is ten gunste van burgerlike deelname-aktiwiteite wat nie met regeringsdoelwitte inmeng nie, maar hulle eerder onder-



steun. Daar word van burgers verwag om gehoorsaam te wees en bloot die regering se planne uit te voer.

- (2) **Lae vlakke van burgerlike deelname.** Die meeste burgerlike deelnemingsaktiwiteite lei nie tot groter deelname nie. Tensy mense die hulpbronne en motivering het om deel te neem, bly deelname laag.
- (3) **Bedreiging van professionele beeld van openbare administrasie.** Baie staatsamptenare beskou burgerlike deelname as 'n oorlas, aangesien dit die kundigheid van beamptes kan betwis.
- (4) **Potensiaal vir konflik.** Burgerlike deelname kan konflik tussen burgers en staatsamptenare veroorsaak, omdat die verskillende groepe verskillende oogmerke het oor wat hulle met burgerlike deelname wil bereik.
- (5) **Gebrek aan reaksie van die regering.** Daar is min bewys dat die regering op toenadering deur burgerlike deelnemingsgroepe reageer.
- (6) **Tyd, koste en voordele.** Burgerlike deelname kos tyd en geld. Hoë koste teenoor lae voordele raak daardie deel van die samelewing wat regeringsdienste die meeste nodig het – armes en onopgevoedes.
- (7) **Verteenwoordigheid.** Net 'n klein, aktiewe elitegroep maak ooit deel uit van programme vir burgerlike deelname.
- (8) **Deelnemingsmeganismes.** Baie burgerlike deelnemingsaktiwiteite is ontoeganklik vir die gewone burger.
- (9) **Houding van openbare bestuurders.** Staatsamptenare hou dikwels nie van burgerlike deelname nie, omdat politici voel dat hulle presies weet wat die publiek nodig het en nie enige insette van die publiek nodig het nie. Hulle voel ook dat burgerlike deelname omslagtig en tydrowend is en hul tekortkominge aan die kaak kan stel.
- (10) **Gebrek aan inligting.** Daar word nie voldoende inligting aan burgers voorsien om optimaal te kan deelneem nie. As die publiek swak ingelig is, kan hulle nie hoë vlakke van opregte burgerlike deelname volhou nie.
- (11) **Korrupsie.** Korrupsie kom voor waar beamptes omgekoop word of geld ontvang in ruil vir bedrieglike aktiwiteite.



#### Aktiwiteit

---

Verduidelik in jou eie woorde wat jy dink openbare deelname in 'n demokrasie beteken.



#### Terugvoer

---

*Openbare deelname in 'n demokrasie beteken eerstens dat mens op alle vlakke aan die bestuur van die land deelneem. In jou antwoord moet jy verteenwoordigende en deelnemende demokrasie noem. Verteenwoordigende demokrasie beteken regering*

*deur 'n groep mense wat deur ons, die kiesers, in behoorlik georganiseerde verkiesings gekies word. Hierdie verteenwoordigers word deur ons gekies en neem namens ons besluite. Die Suid-Afrikaanse Grondwet maak voorsiening vir verteenwoordigende demokrasie. Suid-Afrika beskou openbare deelname aan 'n demokrasie as belangrik. Deelnemende demokrasie is 'n vorm van verteenwoordigende demokrasie waarin ons (die burgers) aktief betrokke is by die regering se besluitneming. Deelnemende demokrasie versterk verteenwoordigende demokrasie deur meer deelname deur die samelewing in te sluit. Openbare deelname vind plaas deur 'n algemene verkiesing en op baie ander maniere.*

---

## **5.4 SAMEVATTING**

In hierdie studie-eenheid het ons die begrip “demokrasie” en “openbare deelname” ondersoek. Ons het ook die beginsel van skeiding van magte, geregtelike hersiening en regering van samewerking bespreek. In die volgende studie-eenheid bespreek ons die regering van Suid-Afrika, soos neergelê in die Grondwet.

# Studie-eenheid 6

## Regering in 'n Suid-Afrikaanse demokrasie

### Inhoud

---

- 6.1 Inleiding
  - 6.2 Staatsgesag
  - 6.3 Drie regeringsvertakkings
  - 6.4 Die regeringsvorm en die staat
  - 6.5 Regering van samewerking
  - 6.6 Samevatting
- 



### Leeruitkomste

---

In die vorige studie-eenheid het ons die begrip “demokrasie” en “openbare deelname” ondersoek. Ons het ook die beginsel van skeiding van magte, geregtelike hersiening en regering van samewerking bespreek. In hierdie studie-eenheid bespreek ons die regering van Suid-Afrika, soos deur die Grondwet neergelê.

Nadat jy hierdie studie-eenheid bestudeer het, behoort jy die rol te kan ondersoek wat die regering in 'n Suid-Afrikaanse demokrasie speel. Jy behoort


- te kan bespreek hoe die Suid-Afrikaanse regering in 'n demokrasie werk
- 'n "regering" te kan definieer
- kortliks die drie regeringsfere te kan bespreek en tussen hulle te kan onderskei
- tussen nasionale, provinsiale en plaaslike regering te kan onderskei
- die rol van die provinsiale wetgewers in die provinsiale regering te kan bespreek (a 104)
- die provinsiale uitvoerende gesag te kan bespreek (a 125)
- die verskillende modelle van plaaslike regering te kan bespreek
- die totstandkoming en funksies van munisipaliteite te kan bespreek
- die rol van raadslede in die plaaslike regering te kan aantoon
- te verstaan wat 'n verordening is.

## 6.1 INLEIDING

In die vorige studie-eenheid het ons bespreek wat demokrasie en openbare deelname is; nou moet ons bespreek hoe die Suid-Afrikaanse regering gestruktureer is ten einde te voldoen aan die vereistes van demokrasie. Hierdie studie-eenheid ondersoek die drie sfere van regering en die drie vertakkings van die regering. Verder ontleed dit die regeringsvorm in Suid-Afrika krities, asook die manier waarop regering van samewerking deur die Grondwet ondersteun word.

## 6.2 STAATSGESAG

Staatsgesag word in die volgende drie sfere van regering ingedeel:



Hierdie drie sfere van regering is voorheen "vlakke" van regering genoem, maar omdat al drie sfere outonoom is (onafhanklik of selfregerend), word daar nie meer na hulle as "vlakke" verwys nie.

Hierdie sfere van regering is onderskeidend, onderling afhanklik en onderling verbonde. Hulle moet met mekaar saamwerk en saam aan die algemene welsyn van die land as geheel werk.

**Regering van samewerking handel hoofsaaklik oor die wisselwerking tussen die nasionale, provinsiale en plaaslike regeringsfere.**

### 6.2.1 Nasionale regering

Die nasionale regering maak en voer wette uit oor kwessies wat die hele land raak, byvoorbeeld kwessies oor ekonomiese beleid, verdediging en verhoudings met ander lande. Dit bestaan uit die nasionale wetgewende gesag en die nasionale uitvoerende gesag.

Die nasionale parlement maak wette wat die hele land moet nakom. Die parlement bestaan uit die Nasionale Vergadering en die Nasionale Raad van Provinsies.

Die uitvoerende struktuur op nasionale vlak bestaan uit die President, Adjunk-president, kabinetsministers en interdepartementele komitees.

### 6.2.2 Provinsiale regering

Die provinsiale regering bestaan uit die provinsiale wetgewer en die provinsiale uitvoerende gesag. Die provinsiale regering is net soos die nasionale regering daarop geregtig om sy eie sake te bestuur of homself te regeer sonder inmenging deur die nasionale regering.

Die provinsiale regering vaardig wette uit deur middel van sy provinsiale wetgewers wat 'n bepaalde provinsie, en nie die hele land raak nie. Sy wette moet egter bestaanbaar wees met die nasionale wette.

'n Provinsie se uitvoerende gesag voer ook beleid uit wat 'n bepaalde provinsie, en nie die hele land raak nie. Provinsiale uitvoerende rade moet ook hul funksies uitvoer op 'n wyse wat voldoen aan die vereistes van die nasionale uitvoerende gesag.

Indien 'n provinsie versuim om die Grondwet na te kom, mag die nasionale regering tussenbeide tree om te verseker dat doeltreffende regering in daardie spesifieke provinsie gehandhaaf word.

Die provinsiale regerings het 'n plig om die munisipaliteite te ondersteun, aangesien plaaslike en provinsiale regering gesamentlik die verantwoordelikheid dra om noodsaaklike dienste te lewer en nasionale standaarde vir dienslewering te handhaaf.

Die provinsies kan hul eie grondwette opstel, maar hierdie grondwette mag nie strydig met die nasionale Grondwet wees nie.

### 6.2.3 Plaaslike regering

Hoofstuk 7 van die Grondwet het 'n belangrike uitwerking op plaaslike regering. Vir die eerste keer in die Suid-Afrikaanse geskiedenis word voorsiening gemaak vir outonome plaaslike regering wat onafhanklik is en sy eie bevoegdhede en funksies het.


Dit beteken dat plaaslike regering beskou word as 'n sfeer van regering in eie reg en dit is nie meer 'n funksie, of net een van die arms van die provinsiale of nasionale regering nie. In *Fedsure v Greater Johannesburg Metropolitan Council* 1999 (1) South Africa 374 (KH) verklaar die Konstitusionele Hof dat plaaslike regering verskil van die vorm wat dit gehad het toe die parlement oppermagtig was. In daardie stadium was hulle afhanklik van hoër wetgewende liggame en kon hulle te eniger tyd beëindig word. Dit het nou alles verander. Plaaslike regerings het nou die bevoegdheid om wette te maak en af te dwing.

Hoofstuk 7 bevorder onderlinge regeringverhoudings tussen plaaslike en provinsiale regering. Dit is die regeringsfeer wat die naaste is aan ons as burgers en lewer baie dienste wat die lewens affekteer van die inwoners wat in sy jurisdiksiegebied woon. Artikel 151 van hoofstuk 7 bepaal dat plaaslike regering uit munisipaliteite bestaan.

'n Munisipaliteit het die reg om op eie inisiatief die plaaslike regeringsake van sy eie gemeenskap te reël, maar dit is onderworpe aan nasionale en provinsiale wetgewing.

#### 6.2.3.1 *Die verskillende plaaslike regeringsmodelle*

- **Metropolitaanse rade.** Die groter stedelike gebied van Suid-Afrika het metropolitaanse rade. Hulle is gevestig in Kaapstad en Durban, groter Johannesburg, Pretoria, die Vaaldriehoek en die Noordoosrand. Die metropolitaanse rade het die meeste gesag. Soms neem 'n sterk metro-politaanse stelsel die "plaaslik" uit plaaslike regering. Dit verwyder die regering van die bevolking en dit word dan moeilik om aanspreeklikheid af te dwing.
- **Distriksrade.** Onder apartheid was daar streeksdiensterade. Hierdie rade is geherstruktureer as distriks-, dienste- of streeksrade.
- **Verteenwoordigende en landelike rade.** Hulle is ook munisipaliteite, maar neem besluite in meer afgeleë gebiede wat yl bevolk is en waar byna geen tradisionele munisipale dienste gelewer word nie.
- **Tradisionele leiers.** Artikel 211 van die Grondwet erken "tradisionele leierskap". Artikel 212 verklaar dat nasionale wetgewing voorsiening kan maak vir tradisionele leierskap op plaaslike vlak oor aangeleenthede wat plaaslike gemeenskappe raak.



### Aktiwiteit

Wat is die drie sfere van regering?



### Terugvoer

*Die sfere van regering verwys na die beginsel van samewerkende regering, naamlik dat daar samewerking moet wees tussen die plaaslike, nasionale en provinsiale sfere. Regering van samewerking is 'n ander manier waarop staatsgesag versprei word onder die drie sfere van regering, naamlik die nasionale, provinsiale en plaaslike sfere (sien a 40 en 41 van die Grondwet). Dit verseker dat al drie regeringsfere met mekaar saamwerk en mekaar in sekere aangeleenthede help. Hulle moet op mekaar kan staatmaak en hulle funksies en aktiwiteite koördineer.*



### Aktiwiteit

Wat is die verskil tussen provinsiale en plaaslike regering?



## Terugvoer

---

*Provinsiale regering reël sake in 'n spesifieke provinsie, soos in Gauteng of KwaZulu-Natal. Kan jy die nege provinsies in Suid-Afrika noem?*

*Plaaslike regering is outonoom en reël sake wat met plaaslike aangeleenthede verband hou. 'n Plaaslike regering moet daarvoor voorsiening maak dat almal wat binne sy jurisdiksiegebied val toegang tot water, sanitasie, vervoer, elektrisiteit, primêre gesondheidsorg, ensovoorts, in 'n veilige en gesonde omgewing het. Plaaslike regering is die vertakking van die regering wat die naaste aan die bevolking is. Een voorbeeld van plaaslike regering is die Munisipaliteit van Ekurhuleni wat bestaan uit verskillende voorstede aan die Oos-Rand, soos Boksburg en Germiston.*

---



## Aktiwiteit

---

Waarom is munisipaliteite tot stand gebring? Noem hulle bevoegdhede en funksies.



## Terugvoer

---

*Munisipaliteite (a 155 van die Grondwet) is ingestel om plaaslike bestuur te voorsien waartoe die publiek deurlopend insette kan lewer. 'n Munisipale raad moet voortdurend verslag aan sy kiesers en aan sy gemeenskap lewer. Munisipaliteite verseker dat sekere dienste soos water en vullisverwydering aan die gemeenskap gelewer word. Hulle bevorder ook maatskaplike en ekonomiese ontwikkeling op die gebied van byvoorbeeld kinderswagsdienste. Munisipaliteite bevorder ook 'n veilige en gesonde omgewing deur byvoorbeeld primêre gesondheidsorgdienste te voorsien. Hulle moedig gemeenskappe aan om betrokke te raak by plaaslikeregeringsaangeleenthede.*

---

## 6.3 DRIE REGERINGSVERTAKKINGS



### Lees

---

Baie studente verwar die vertakkings van die regering met die sferes van die regering. Die vertakkings verwys na die regsprekende, wetgewende en uitvoerende gesag (*trias politica*). Die sferes van regering verwys na die beginsel van regering van samewerking: die plaaslike, nasionale en provinsiale sferes, soos hierbo bespreek.


Soos in die vorige studie-eenheid bespreek, is daar binne elke regering-sfeer drie vertakkings van regering, naamlik die wetgewende, uitvoerende en regsprekende vertakkings.



Hier is 'n vinnige opsomming van die funksies van elke vertakking van die regering:

- **Wetgewende gesag** het die bevoegdheid om regsreëls te skep, te wysig en te herroep.
- **Uitvoerende gesag** het die bevoegdheid om regsreëls uit te voer en af te dwing.
- **Regspreekende gesag**, wat die derde vertakking van die regering is, is van toepassing op al drie sfere van die regering en het die bevoegdheid om regsreëls uit te lê en op konkrete situasies toe te pas.

Die volgende diagram illustreer die drie regeringsfere en die drie vertakkinge van die regering en hul funksies:



Ons bespreek nou elke vertakking in meer besonderhede, asook die wyse waarop die vertakkinge inpas by die verskillende regeringsfere, naamlik die plaaslike, provinsiale en nasionale sfeer.

### 6.3.1 Wetgewende gesag

Soos jy onthou, is die funksie van die wetgewende gesag om regsreëls te skep, te wysig en te herroep.

#### **Wetgewende gesag op nasionale vlak**

Soos voorheen genoem, word die nasionale wetgewer vir die hele land op nasionale vlak die parlement genoem, wat bestaan uit die Nasionale Vergadering en die Nasionale Raad van Provinsies.

Die wetgewende gesag op nasionale vlak word deur die kiesers in nasionale en provinsiale verkiesings gekies.

- (a) Die nasionale wetgewende gesag wat by die parlement berus verleen aan die Nasionale Vergadering die bevoegdheid om
  - (i) die Grondwet te wysig
  - (ii) wetgewing uit te vaardig oor enige aangeleentheid, waaronder 'n aangeleentheid binne 'n funksionele gebied genoem in Bylae 4
  - (iii) enige van sy wetgewende bevoegdhede, behalwe die bevoegdheid om die Grondwet te wysig, aan enige wetgewende liggaam in 'n ander regeringsfeer toe te wys
- (b) Die nasionale wetgewende gesag wat by die parlement berus verleen aan die Nasionale Raad van Provinsies die bevoegdheid om
  - (i) deel te neem aan die wysiging van die Grondwet in ooreenstemming met artikel 74
  - (ii) wetgewing uit te vaardig in ooreenstemming met artikel 76 oor enige aangeleentheid binne 'n funksionele gebied genoem in Bylae 4 en enige ander aangeleentheid vereis deur die Grondwet om in ooreenstemming met **artikel 76** uitgevaardig te word
  - (iii) enige ander wetgewing wat deur die Nasionale Vergadering uitgevaardig is, in ooreenstemming met artikel 75 te oorweeg.

#### **Wetgewende gesag op provinsiale vlak – provinsiale wetgewer**

Die wetgewers op provinsiale vlak word deur die kiesers in nasionale en provinsiale verkiesings vir 'n tydperk van vyf jaar gekies.

Die wetgewende gesag van 'n provinsie berus by sy provinsiale wetgewer en verleen aan die provinsiale wetgewer die bevoegdheid om:

- (a) 'n Grondwet vir die provinsie uit te vaardig of om enige grondwet wat dit ingevolge artikel 142 en 143 uitgevaardig het, te wysig
- (b) wetgewing vir die provinsie uit te vaardig ten aansien van

- (iii) enige aangeleentheid binne 'n funksionele gebied genoem in Bylae 4
  - (iv) enige aangeleentheid binne 'n funksionele gebied genoem in Bylae 5
  - (v) enige aangeleentheid buite daardie funksionele gebied en wat uitdruklik aan die provinsie deur nasionale wetgewing toegeken word
  - (vi) enige aangeleentheid waarvoor 'n bepaling van die Grondwet die uitvaardiging van provinsiale wetgewing beoog
- (c) enige van sy wetgewende bevoegdhede aan 'n munisipale raad in daardie provinsie te toe ken.

Aangeleenthede waarna in Bylae 4 verwys word, verteenwoordig konkur-  
rente nasionale en provinsiale wetgewende bevoegdhede. Konkurrente  
wetgewende gesag beteken dat sowel die nasionale as die provinsiale  
wetgewer wette kan maak wat oor sekere aangeleenthede handel.

Eksklusiewe wetgewende gesag oor aangeleenthede genoem in Bylae  
5 beteken dat net die provinsies die bevoegdheid het om wette te maak  
oor sekere aangeleenthede en dat die nasionale wetgewer oor die alge-  
meen nie bevoegdheid ten aansien van hierdie aangeleentheid het nie.

'n Provinsiale wetgewer bestaan uit "staande" of "portefeulje"-komitees  
wat gegrond is op bevoegdhede wat in die Grondwet aan die provinsies  
toegeken word. Hulle portefeuljes stem ooreen met die portefeuljes wat  
aan die uitvoerende raad toegeken is en waaroor die komitees toesig het.

Portefeuljekomitees bestaan uit verskeie partylede wat proporsioneel  
verteenwoordig word.

Hier is 'n paar van die bevoegdheidsgebiede wat deur Bylae 4 en 5  
voorsien word. (Die oorspronklike gebiede in die Grondwet word hier  
omskryf.) Ons noem net 'n paar van hulle.

#### **BYLAE 4**

#### **KONKURRENTE NASIONALE EN PROVINSIALE WETGEWENDE BEVOEGDHEID**

(Plaaslike regeringsaangeleenthede onder toesig van die nasionale en  
provinsiale regering)

<b>DEEL A</b>	<b>DEEL B</b>
Landbou	Lugbesoedeling
Dierebeheer en -siektes	Bouregulasies
Onderwys op alle vlakke behalwe tersiêre vlak	Kindersorgfasiliteite

DEEL A	DEEL B
Omgewing	Plaaslike toerisme
Gesondheidsdienste	Munisipale alle hawens en beplanning en gesondheidsdienste
Behuising	Munisipale openbare vervoer
Bevolkingsontwikkeling	Munisipale openbare werke ten aansien van die behoeftes van munisipaliteite
Openbare vervoer	
Toerisme	
Handel	
Voertuiglisensiëring	
Welsynsdienste	

## BYLAE 5

### EKSKLUSIEWE PROVINSIALE WETGEWENDE BEVOEGDHEID

Plaaslike regeringsaangeleent-hede onder toesig van provinsiale regering

DEEL A	DEEL B
Abattoirs	Strande
Ambulansdienste	Begraafplase en lykdienslokale
Dranklisensies	Beheer oor openbare steurnisse
Provinsiale beplanning	Omheinings
Provinsiale ontspanning en -geriewe	Lisensiëring van honde, voedselverkope
Provinsiale sport	Plaaslike geriewe en sportfasiliteite
Provinsiale paaie en verkeer	Munisipale paaie
	Geraasbesoedeling
	Vullisverwydering
	Verkeer en parkering



#### Aktiwiteit

Wat is die funksie van die provinsiale wetgewer?



*Die provinsiale wetgewer is beklee met die wetgewende bevoegdheid om wette vir 'n spesifieke provinsie te maak. Elke provinsie het sy eie provinsiale wetgewer (a 104) met sy eie reëls.*

---

### **Wetgewende bevoegdheid op plaaslike vlak**

Wetgewende bevoegdheid op plaaslike vlak berus by die munisipale raad.

Die munisipale raad bestaan uit die volgende:

- Gekose lede (raadslede) – gekose lede wat die wetgewende bevoegdheid het om verordeninge uit te vaardig en beleid vir hulle gebied goed te keur
- Burgemeester – politieke hoof van die Raad, gekies deur die Raad
- Uitvoerende of Burgemeesterskomitee – bestaan uit raadslede met spesifieke portefeuljies verantwoordelik daarvoor om toesig te hou oor die werk van die munisipale bestuur en departementshoofde
- Munisipale bestuurder – hoof van die Raad se administrasie
- Munisipale raadsbeamptes – mense wat vir die administrasie werk
- Wykskomitees – raadgewende komitees met die bevoegdheid om aanbevelings te maak oor enige aangeleentheid wat die wyk raak

Let asseblief op dat 'n wykskomitee bestaan uit 'n raadslid en 'n maksimum van tien mense uit die wyk wat deur die gemeenskap gekies word. Wette wat deur plaaslike regerings uitgevaardig word, word "verordeninge" genoem. Hierdie verordeninge moet nagekom word deur die mense wat in daardie gebied woon. 'n Munisipaliteit mag 'n verordening uitvaardig, maar sulke verordeninge mag nie met nasionale of provinsiale wetgewing bots nie.

#### **6.3.2 Uitvoerende gesag**

Blaai terug na die diagram by 2.2.4 om te sien waar die uitvoerende gesag by die vertakkings van die regering inpas. Ons herinner jou weer daaraan dat die funksie van die uitvoerende gesag is om regsreëls uit te voer en af te dwing.

#### **Uitvoerende gesag op nasionale vlak**

Soos voorheen genoem, bestaan die uitvoerende struktuur op nasionale vlak uit die President, Adjunk-president, kabinetsministers en interdepartementele komitees. Die President is die hoof van die land en word deur die Nasionale Vergadering uit sy lede gekies.

Die President se pligte sluit in:

- toekenning van kabinetsportefeuljes
- ondertekening van wetsontwerpe wat dan wet word
- dien as opperbevelhebber van die weermag

Die President werk nou saam met die Adjunk-president en die kabinet. Die kabinet bestaan uit ministers, soos die Minister van Landbou en Grondsake. Elke minister bestuur 'n departement waarin staatsamptenare die administratiewe werk doen.

Die ministers kan nie hul eie wette maak nie, alhoewel hulle nuwe wette kan ontwerp of ou wette kan wysig en die parlement vra om hierdie wette uit te vaardig.

Ministers moet seker maak dat hulle regeringsbeleid volg. Die parlement kan ministers ook vra om te verduidelik waarom hulle beleid op 'n sekere manier toepas. Op hierdie wyse word die uitvoerende gesag deur die wetgewende gesag aanspreeklik gehou.

Sommige van die funksies van die uitvoerende gesag op nasionale regeringsvlak is die volgende:

- om wette en beleid op te stel
- om wette uit te voer wat deur die parlement uitgevaardig is
- om beleid uit te voer



#### Aktiwiteit

---

- Waaruit bestaan die uitvoerende gesag op nasionale vlak?
- Noem 'n paar funksies van die uitvoerende gesag.



#### Terugvoer

---

- Die uitvoerende gesag bestaan uit die kabinet wat weer bestaan uit die President, Adjunk-president en verskillende ministers. Die President is die hoof van die uitvoerende gesag op nasionale vlak.*
- Die uitvoerende gesag is verantwoordelik vir die daaglikse bestuur van die land. Sommige van sy funksies is om*
  - wetsontwerpe aan te neem, te onderteken en te promulgeer wat deur die parlement aanvaar is
  - wetsontwerpe na die parlement terug te verwys om die grondwetlikheid daarvan te bevestig
  - eerbewyse te verleen
  - kabinetsvergaderings te belê
  - kommissies van ondersoek aan te stel
  - oortreders te begenadig, ensovoorts

## Uitvoerende gesag op provinsiale vlak

Ons bespreek nou die bevoegdheid om regsreëls op provinsiale vlak uit te voer en af te dwing. Onthou om terug te blaai na die diagram by 2.2.4 om jou te help om te verstaan waar die uitvoerende gesag op provinsiale vlak by die regeringstruktuur inpas.

Die uitvoerende gesag van 'n provinsie berus by die premier van daardie provinsie. Die premier oefen die uitvoerende gesag uit, tesame met die ander lede van die Uitvoerende Raad deur

- (a) provinsiale wetgewing in die provinsie te implementeer
- (b) alle nasionale wetgewing binne die funksionele gebiede genoem in Bylae 4 en 5 te implementeer, behalwe waar die Grondwet of 'n parlements wet anders bepaal
- (c) nasionale wetgewing in die provinsie te administreer buite die funksionele gebiede genoem in Bylae 4 en 5, waarvan die administrasie aan die provinsiale uitvoerende gesag ingevolge 'n parlements wet toegestaan is
- (d) provinsiale beleid te ontwikkel en te implementeer
- (e) die funksies van die provinsiale administrasie en sy departement te koördineer
- (f) provinsiale wetgewing voor te berei en aan te voer
- (g) enige ander funksie uit te voer wat aan die provinsiale uitvoerende gesag verleen is ingevolge die Grondwet of 'n parlements wet

'n Premier word deur die wetgewende gesag uit sy lede by die eerste sitting gekies.

Die Premier van 'n provinsie is daarvoor verantwoordelik om

- (a) wetsontwerpe aan te neem en te onderteken
- (b) 'n wetsontwerp terug te verwys na die provinsiale wetgewer vir oorweging van die grondwetlikheid daarvan
- (c) 'n wetsontwerp na die Konstitusionele Hof te verwys vir 'n besluit oor die wetsontwerp se grondwetlikheid
- (d) die wetgewende gesag te ontbied na 'n buitengewone sitting om spesiale sake af te handel
- (e) kommissies van ondersoek aan te stel
- (f) 'n referendum in die provinsie uit te roep in ooreenstemming met nasionale wetgewing

Die Premier en die LUR'e is individueel en kollektief aanspreeklik teenoor die provinsiale wetgewende gesag vir die uitoefening van hul bevoegdhede.



### Aktiwiteit

---

Wat is die rol van die provinsiale uitvoerende gesag?



*Die provinsiale uitvoerende gesag (a 125) berus by die Premier van elke provinsie wat deur die wetgewende gesag aangestel word. Die Premiers dwing die wette in hul eie provinsies af, tesame met die LUR'e.*

---

### **Uitvoerende gesag op plaaslike vlak**

Die uitvoerende gesag van 'n munisipaliteit berus by die Munisipale Raad.

#### **6.3.3 Die regsprekende gesag**

Laastens bespreek ons die rol van die regsprekende gesag. Die regsprekende gesag bestaan uit regters en landdroste wat beslissings maak in hofsake gegrond op die reg en wetgewing.

Hierdie beslissing help dan om te verduidelik wat die reg of 'n wet in 'n spesifieke geval beteken. Op hierdie manier gaan die hof die wette na wat die wetgewende gesag gemaak het.

Iemand kan 'n saak hof te neem as hy of sy glo dat die optrede van die uitvoerende gesag strydig met 'n wet of die Grondwet is. Op hierdie wyse kontroleer die hof die werk van die uitvoerende gesag. Die regsprekende gesag moet onafhanklik van die uitvoerende en die wetgewende gesag wees. Op hierdie wyse kan hy besluite neem wat billik is, selfs al is dit strydig met wat die wetgewende of uitvoerende gesag wil hê.

Soos reeds in studie-eenheid 1 genoem, verleen geregtelike hersiening die bevoegdheid aan die regsprekende gesag om as waghond oor die wetgewende en uitvoerende gesag op te tree en om enige wetgewing of administratiewe optrede as ongrondwetlik te verklaar. Die hof is slegs aan die Grondwet gebonde, aangesien dit die hoogste reg van die land is. Dit beteken dat hulle moet verseker dat hulle niks doen wat teen die Grondwet is nie.

Die Konstitusionele Hof is die hoogste hof in die land wat daarvoor verantwoordelik is om grondwetlike kwessies uit te lê en daaroor te beslis, terwyl die Hoogste Hof van Appèl die hoogste hof vir niegrondwetlike kwessies is. Die meeste sake word in die vele Hoë Hofe en landdroshofe aangehoor.



## **VOORBEELDE:**

- (1) Die parlement (die wetgewende gesag) vaardig 'n nuwe wet uit wat bepaal dat alle skoolkinders 'n gratis middagete moet kry. Die Minister van Onderwys (die uitvoerende gesag) gee die Departement van Onderwys instruksies om die nuwe wet te implementeer. Thokozile Mkhize kry egter nie 'n gratis middagete by haar skool nie. Thokozile se pa en ma gaan hof toe en dring daarop aan dat die skool hul dogter middagete moet gee. Die hof mag die skool dwing om middagete aan Thokozile te verskaf in ooreenstemming met die nuwe wet.
- (2) Die parlement vaardig 'n wet uit wat verklaar dat dokters wat Rastafariërs is nie by staatshospitale mag werk nie. Die Departement van Gesondheid gee aan alle hospitale instruksies om alle Rastafariërdokters te ontslaan. Hierdie dokters gaan hof toe en voer aan dat hierdie wet ongrondwetlik is, omdat dit teen hulle op grond van hul godsdiens diskrimineer en strydig is met hul regte in die Grondwet. Die hof mag die parlement opdrag gee om die afdanking van hierdie dokters te staak, aangesien dit ongrondwetlik is, indien al die nodige feite bewys word.

## **6.4 DIE REGERINGSVORM EN DIE STAAT**

Die toepassing van die beginsel van skeiding van magte in Suid-Afrika het gelei tot die aanvaarding van 'n regeringstelsel met sowel parlementêre as presidensiële kenmerke. Sowel die 1993-Grondwet as die nuwe Grondwet is uitstekende voorbeelde van grondwette met sowel presidensiële as parlementêre eienskappe. Presidensiële eienskappe is te vinde in die feit dat die President die hoof is van sowel die staat as van die regering.

Parlementêre eienskappe is geleë in die feit dat die President deur die parlement gekies word en nie direk deur die kiesers nie, en dat hy/sy moet bedank as die parlement 'n mosie van wantroue in hom/haar aanvaar. Nog 'n kenmerk van 'n parlementêre stelsel is dat lede van die uitvoerende komitee (die kabinet) parlamentslede moet wees.

### **6.4.1 Parlementêre eienskappe**

Die volgende parlementêre eienskappe kan in die Suid-Afrikaanse stelsel geïdentifiseer word:

- Die staatshoof is nie die hoof van die regering nie (bv die Britse Eerste Minister is die hoof van die regering en daar is 'n staatshoof, nl die monarg of koningin).

- Die staatshoof en die kabinet is ook deel van die parlement.
- Die hoof van die regering is die leier van 'n politieke party met 'n duidelike meerderheid in die parlement.
- Die president word deur die Nasionale Vergadering (NV) uit sy lede by die eerste sitting gekies of wanneer daar 'n vakature vir die posisie van president is, en word nie direk deur die kiesers gekies nie (a 81 van die 1996-Grondwet).
- Die president en sy kabinet is individueel en kollektief aanspreeklik teenoor die NV vir die uitoefening van hul bevoegdhede en hul pligte (a 92 van die 1996-Grondwet).
- Aangesien die president deur die NV uit sy lede gekies word, moet hy in Suid-Afrika bedank as die NV 'n voorstel van wantroue in hom/haar aanvaar (a 102 van die 1996-Grondwet). Die NV kan deur die president ontbind word (a 50 van die 1996-Grondwet).
- Afgesien van hoogstens twee ministers, moet kabinetsministers gekies word en moet hulle dus lede van die NV wees (a 91 van die 1996-Grondwet).

#### 6.4.2 Presidensiële eienskappe

Die volgende presidensiële kenmerke kan ook in Suid-Afrika geïdentifiseer word:

- Die hoof van die regering word deur die bevolking self gekies (bv die Amerikaanse president).
- Anders as in die Westminster-stelsel, waar die staatshoof en die hoof van die regering afsonderlik en onderskeibaar is (Rautenbach & Malherbe 2003:180), verrig die president in Suid-Afrika tweeledige funksies as staatshoof en hoof van die regering/uitvoerende gesag (a 83). Dit is soortgelyk aan die posisie in die Verenigde State van Amerika.
- Sodra die president in Suid-Afrika gekies is, hou hy/sy op om 'n parlamentslid te wees (a 87).
- In die VSA kan die president wetgewing veto. In Suid-Afrika, alhoewel die president nie wetgewing mag veto nie, mag hy 'n wetsontwerp terugverwys na die NV indien hy voorbehoude het oor die grondwetlikheid daarvan (a 79).

Soos gesien kan word, bepaal die verhouding tussen die wetgewende en die uitvoerende gesag of 'n land 'n parlementêre of 'n presidensiële stelsel het.

Ons het die volgende verskille tussen die parlementêre en presidensiële regeringstelsel in tabelformaat uiteengesit om jou te help:

<b>PRESIDENSIËLE STELSEL</b>	<b>PARLEMENTÊRE STELSEL</b>
(1) Die hoof van die regering is ook die hoof van die staat. Dit is byvoorbeeld die geval in die Verenigde State van Amerika.	(1) Die staatshoof en die hoof van die regering is twee verskillende mense. In die Westminster-stelsel, wat die standaardvorm van 'n parlementêre stelsel is, is daar byvoorbeeld 'n simboliese staatshoof (monarg), en die werklike regeringsgesag berus by die Eerste Minister.
(2) Die hoof van die regering is nie 'n lid van die wetgewende gesag nie en is nie daarteenoor verantwoordelik nie. Die Amerikaanse President is nie 'n lid van die Kongres nie, en ook nie die lede van sy kabinet nie	(2) Die hoof van die regering en sy/haar kabinet is lede van die wetgewende gesag en is aan hulle verantwoordelik. Mens kan dus die gevolgtrekking maak dat daar 'n vollediger skeiding van magte (in die sin van 'n skeiding van personeel) in 'n presidensiële stelsel as in 'n parlementêre stelsel is.
(3) Die hoof van die regering (President) word dikwels direk deur die bevolking gekies. In die VSA word die president byvoorbeeld gekies en sy verkiesing is onafhanklik van die verkiesing van die wetgewende gesag.	(3) Die hoof van die regering is die leier van die party met 'n duidelike meerderheid in die parlement

Suid-Afrika het beide presidensiële en parlementêre kenmerke. Die presidensiële kenmerke sluit in dat die president sowel die staatshoof as hoof van die regering is, maar nie 'n parlamentslid is nie. Die parlementêre kenmerk is dat die president die leier van 'n party met 'n duidelike meerderheid in die parlement is.

Uit bogenoemde is dit duidelik dat Suid-Afrika 'n hibriede regeringsvorm aanvaar het wat deur sowel parlementêre as presidensiële eienskappe gekenmerk word. Soos aangetoon, bly dit egter 'n parlementêre stelsel, aangesien hierdie kenmerke die oorhand het oor die presidensiële kenmerke.

## 6.5 REGERING VAN SAMEWERKING

Dit is die tweede manier waarop staatsgesag versprei kan word onder die drie regeringsfere: die nasionale, provinsiale en plaaslike sfeer.

Die Grondwet beklemtoon deur middel van regering van samewerking dat die nasionale, provinsiale en plaaslike sferes min of meer as gelyke vennote in die regering optree.

Regering van samewerking (ingevolge a 40 van die Grondwet) beklemtoon dat hierdie drie sferes onderskeidend, onderling afhanklik en onderling verbonde moet wees.

Die stelsel van regering van samewerking is noodsaaklik ten einde die provinsiale en plaaslike sferes te help om hul eie sake te bestuur en hul funksies te verrig.

Met ander woorde, die rigiede gesagshierargie wat in die verlede aan die orde van die dag was, het heeltemal verander.

Die Grondwet vereis dat hierdie regeringsferes ingevolge artikel 41 van die Grondwet die volgende beginsels van regering van samewerking nakom en eerbiedig:

Alle regeringsferes en alle staatsorgane binne elke sferes moet die nasionale eenheid van die Republiek bewaar, die welsyn van die mense van die Republiek verseker, doeltreffende, deursigtige, verantwoordingspligtige en samehangende regering vir die Republiek voorsien, getrou wees aan die Grondwet en die Republiek en sy mense, en nie hulself enige bevoegdheid of funksies toe-eien nie, behalwe dié wat aan hulle opgedra is, hul bevoegdhede uitoefen en hul funksies verrig op 'n wyse wat nie inbreuk maak op die geografiese, funksionele of institusionele integriteit van regering in 'n ander sferes nie en, baie belangrik, in goeie trou met mekaar saamwerk deur mekaar te ondersteun, mekaar van inligting te voorsien en met mekaar oorleg te pleeg, hul optrede en wetgewing met mekaar te koördineer, ensovoorts.

Regering van samewerking word so vurig in die Grondwet beskerm dat indien daar 'n tussenregeringsgeskil is waarby staatsorgane betrokke is, sodanige staatsorgane redelike pogings moet aanwend om die geskil te besleg en alle ander middele moet uitput voordat hulle 'n hof nader om die geskil te besleg.

Indien so 'n proses nie gevolg is nie, kan 'n hof die geskil na die betrokke staatsorgane terugverwys.

Regering van samewerking is ook van toepassing op konkurrente wetgewende bevoegdhede tussen die wetgewende liggame van die verskillende regeringsferes. Dit beteken dat die wetgewende liggame van die verskillende regeringsferes op sekere gebiede bevoeg is om wette te maak.

Die belang van konkurrente wetgewende bevoegdhede is deur die hof bevestig in *Premier of the Province of Western Cape v President of the Republic of South Africa* 1999 (4) BCLR 382 (KH) waarin voormalige

Regter-President Chaskalson gesê het dat samewerking op die gebied van die uitvaardiging van wette ten aansien van konkurrente gebiede noodsaaklik is.



#### Aktiwiteit

---

Wat is regering van samewerking?



#### Terugvoer

---

**Die regeringsfere** verwys na die beginsel van regering van samewerking ingevolge waarvan die plaaslike, nasionale en provinsiale sfeer met mekaar moet saamwerk. Regering van samewerking verwys na 'n regeringsvorm wat politieke buigsaamheid, onderhandeling en kompromis ondersteun en minder staatmaak op die rigiede verspreiding van bevoegdhede tussen die drie regeringsfere. Dit vereis koördinering van die funksies van die sfere om saam te werk vir die algemene welsyn van die bevolking as geheel.

---

### 6.5.1 Strukture wat regering van samewerking ondersteun

Daar is reeds 'n aantal strukture in werking wat die nasionale, provinsiale en regeringsfere in staat stel om hul aktiwiteite te bespreek en te koördineer.

Die Grondwet het byvoorbeeld die Nasionale Raad van Provinsies geskep sodat die provinsies 'n sê kan hê in die nasionale wetgewende proses en om 'n forum te verskaf vir openbare oorweging van kwessies wat die provinsies raak.

Die Grondwet het 'n Finansiële en Fiskale Kommissie tot stand gebring wat gereeld aan die parlement en die provinsiale wetgewers verslag doen.

Let asseblief op dat sommige strukture wat regering van samewerking ondersteun, tot stand gebring is reeds voor die Grondwet in werking getree het. Dit is interessant om daarop te let dat hierdie strukture nog steeds bestaan. Dit sluit onder meer in die Interregeringsforum (IRF), waar provinsiale premiers en nasionale ministers ontmoet om openbare beleid op provinsiale vlak te bespreek.

Die parlement het ook wetgewing aanvaar om samewerking tussen die drie regeringsfere te bevorder, soos wetgewing oor omgewingsbeskerming en finansiële aangeleenthede.

Probeer nou die volgende vraag beantwoord:

(**WENK:** Beantwoord hierdie vraag eers nadat jy hierdie studie-eenheid bestudeer het en alleen dan as jy daarvan oortuig is dat jy die studiemateriaal deeglik verstaan.)



### Aktiwiteit

---

Is die volgende stelling waar of vals? Gee redes vir jou antwoord:

- Die beginsel van regering van samewerking en die *trias politica*-leerstuk is een en dieselfde ding.



### Terugvoer

---

**Dit is VALS, om die volgende redes:**

- *Die trias politica-leerstuk handel oor die verdeling van staatsgesag tussen die drie vertakings van die regering, naamlik die wetgewende, uitvoerende en regsprekende gesag. Die wetgewende gesag maak, wysig en herroep wette. Die uitvoerende gesag implementeer en dwing wetgewing af en die regsprekende gesag interpreteer en pas wetgewing en die reg op konkrete situasies toe.*
- *Hierdie leerstuk is belangrik, omdat dit voorkom dat gesag in die hande van een liggaam gekonsentreer word; die beginsel van regering van samewerking word beliggaam in artikel 40 en 41 van die Grondwet.*
- *Volgens hierdie beginsel moet die drie regeringsfere, naamlik die nasionale, provinsiale en plaaslike regeringsfere, mekaar bystaan en respekteer.*
- *Artikel 40 bepaal dat die drie regeringsfere onderling afhanklik, onderling verbonde en onderskeidend is en artikel 41 sit die riglyne uiteen ingevolge waarvan hierdie drie sfere met mekaar moet saamwerk.*
- *Samewerking tussen die drie regeringsfere is belangrik ten einde die vermoë en infrastruktuur van die swakker provinsies en munisipaliteite te ontwikkel.*

## 6.6 SAMEVATTING

In hierdie studie-eenheid het ons die wyse ondersoek waarop die Suid-Afrikaanse regering werk. Ons het dit gedoen deur die drie regeringsfere en vertakings van die regering, asook hul funksies te ondersoek.

Ons sal nog moet sien of Suid-Afrika die grondwetlike beginsels van regering van samewerking in 'n politieke werklikheid kan omskep. Alhoewel meer as 16 jaar van demokrasie reeds verstryk het, is dit nog te vroeg om die sukses van die Suid-Afrika se demokrasie te bepaal. Die sukses van hierdie vorm van staatsgesag sal uiteindelik van die volgende afhang:

- of die provinsies die politieke wil het en die institusionele vermoë kan ontwikkel om hul outonomie te laat geld

- of doeltreffende masjinerie in werking gestel kan word om regerings-optrede in die nasionale, provinsiale en plaaslike sfeer te koördineer
- of die provinsies in staat sal wees om hul belange in die nasionale wetgewende proses deur middel van die Nasionale Raad van Provinsies in te voer
- die rol van die howe in interregeringsverhoudings.

In die volgende studie-eenheid bespreek ons openbare deelname op nasionale regeringsvlak.

# Studie-eenheid 7

## Openbare deelname aan nasionale regering

### Inhoud

---

- 7.1 Inleiding
  - 7.2 Openbare deelname aan die wetgewende proses
  - 7.3 Openbare deelname aan die beleidnemingsproses
  - 7.4 'n Paar strukture wat openbare deelname aan die uitvoerende vertakking van die regering ondersteun
  - 7.5 Samevatting
- 



### Leeruitkomste

---

Nadat jy hierdie studie-eenheid bestudeer het, behoort jy

- 'n paar interessante feite oor openbare deelname gedurende die wetgewende proses te kan noem
  - openbare deelname tydens die beleidsmakingstadium te kan bespreek
  - 'n paar van die strukture te kan verstaan wat openbare deelname aan die uitvoerende vertakking van die regering ondersteun
- 

## 7.1 INLEIDING

In die vorige studie-eenheid het ons die begrip “demokrasie” bespreek en die wyse waarop die Suid-Afrikaanse regering gestruktureer word om demokrasie te bevorder.

In hierdie studie-eenheid ontleed ons hoe die struktuur van ons regering openbare deelname op die nasionale vlak van regering moontlik maak. Ons doen dit deur openbare deelname te ontleed tydens die proses waarvolgens wette en beleid in Suid-Afrika gemaak word. Laastens bespreek ons in hierdie studie-eenheid ook sommige van die strukture wat openbare deelname aan die uitvoerende vertakking van die regering ondersteun.

Openbare deelname handel oor toegang tot gesag en beleidmakers. In die meeste stelsels het sekere mense of belangegroepes groter toegang tot gesag en besluitnemers as andere. Die neiging bestaan dat toegangspatrone die sosio-ekonomiese omgewing en ongelykhede in die samelewing weerspieël. Selfs demokratiese stelsels wat relatief goed



funksioneer, is geneig om die sienings van magtige en georganiseerde individue en groepe bo dié van armes en swak georganiseerde groepe te bevoordeel.

## 7.2 OPENBARE DEELNAME AAN DIE WETGEWENDE PROSES

Onthou dat ons in die vorige studie-eenheid gesê het dat dit die parlement se funksie is om wetgewing op nasionale vlak op te stel of te herroep. Dit is dus van die uiterste belang dat jy nie net die belang van openbare deelname tydens die opstel van wette in die parlement verstaan nie, maar ook die manier waarop die publiek aan die opstel van wette op nasionale vlak deelneem.

Openbare deelname aan die wetgewende proses is uiters belangrik, aangesien dit die kern van ons grondwetlike demokrasie vorm (*Doctors for Life International v Speaker of the National Assembly and Others* (CCT12/05) [2006] ZACC 11; 2006 (12) BCLR 1399 (KH); 2006 (6) SA 416 (KH) (17 Augustus 2006) par 1).

Om die waarheid te sê, openbare deelname tydens die wetgewende proses op nasionale vlak word deur artikel 59(1) en 72(1)(a) van die Grondwet gewaarborg, wat inderdaad die belang van openbare betrokkenheid gedurende die wetgewende proses beklemtoon.

Mens kan nie die belang van openbare deelname aan die wetgewende proses oorbeklemtoon nie, aangesien dit openbare debat en dialoog met verkose verteenwoordigers toelaat (*Doctors* par 106).

Dit is die moeite werd om daarop te let dat hierdie reg saamgelees kan word met die reg op vryheid van uitdrukking wat insluit die vryheid om inligting te soek, te ontvang en mee te deel (*Doctors* par 106).

Dit is ook uiters belangrik dat mens daarop let dat die reg op openbare deelname ook saamgelees kan word met politieke regte, veral die reg om te stem, soos gewaarborg in artikel 19 van die Grondwet. Dit plaas 'n grondwetlike verpligting op die wetgewer om openbare deelname aan die wetgewende proses moontlik te maak (*Doctors* par 106). Dit beteken dat die wetgewer stappe moet doen om te verseker dat die publiek deelneem aan die wetgewende proses (*ibid* par 120).

Dit voldoen aan die vorm van demokratiese regering wat in die Grondwet beoog word, naamlik verteenwoordigende en deelnemende demokrasie wat aanspreeklik, deelnemend en deursigtig is en voorsiening maak vir deelname deur die publiek aan die wetgewende proses (*Doctors* par 121).

Die volgende is twee aspekte van die plig om openbare deelname te vergemaklik:

- (i) Die eerste is die plig om betekenisvolle geleentheid vir openbare deelname aan die wetgewende proses te verskaf.
- (ii) Die tweede is die plig om maatreëls in te stel om te verseker dat die bevolking die vermoë het om gebruik te maak van die geleentheid wat voorsien word (*Doctors* par 129).

Openbare betrokkenheid by die wetgewende proses vereis toegang tot inligting en die fasilitering van leer en verstaan ten einde betekenisvolle betrokkenheid deur gewone burgers te bereik (*Doctors* par 131).

Ten einde te voldoen aan sy verpligting om openbare deelname tydens die wetgewende proses te verseker, het die parlement die idee van 'n volksvergadering (*People's Assembly*) ontwikkel wat 'n gesamentlike onderneming van die parlement en die provinsiale wetgewers is.

Die doel van 'n volksvergadering is om die publiek in staat te stel om invloed te hê op besluitneming ten aansien van wette wat hulle raak en om betekenis te verleen aan die idee van 'n volksvergadering wat daarna streef om die lewenskwaliteit van alle Suid-Afrikaners te verbeter en om demokrasie te versterk.

#### **Die volgende is 'n paar van die doelwitte van die volksvergadering:**

- om 'n geleentheid te skep vir die publiek, veral vir die mees gemarginaliseerde gemeenskappe, om betrokke te raak by die parlement en die provinsiale wetgewers
- om 'n middel te verskaf deur middel waarvan mense se sienings aangehoor kan word oor kwessies wat hulle raak.

Openbare deelname aan die wetgewende proses behels die volgende:

Die NV en NRVP en provinsiale wetgewers het die volgende bevoegdheid:

- om enige persoon te ontbied om voor hulle te verskyn om getuienis te lewer of om dokumente te toon en wat enige instelling of persoon vereis om daaraan verslag te doen
- om petisies, versoë en voorleggings van enige belangstellende persoon of instelling te ontvang
- Hulle moet ook hul sake openlik behartig en hul sittings en dié van hul komitees in die openbaar hou.
- Hulle kan die publiek alleen van die sittings van hul komitees uitsluit indien dit redelik en regverdigbaar is om dit te doen in 'n oop en demokratiese samelewing ingevolge artikel 36 van die Grondwet.
- Hulle moet ook toegang aan die publiek verleen tot hul verrigtinge en dié van hul komitees.

Openbare toegang tot die parlement laat die publiek toe om teenwoordig te wees wanneer wette gemaak en daaroor gedebatteer word. Dit stel lede van die publiek in staat om hulle vertrouwd te maak met die wet-

gewende proses en om dus in die toekoms daaraan te kan deelneem. Dit stel hulle ook in staat om vertoë en voorleggings in te dien wat verseker dat die publiek 'n sê in die wetgewende proses het. Verder maak hierdie bepalings dit vir die publiek moontlik om mondelinge voorleggings aan te bied by die sittings van regeringsinstellings.



#### Aktiwiteit

---

Bespreek die rol van die volksvergadering.



#### Terugvoer

---

*Ten einde te voldoen aan sy verpligting om openbare deelname tydens die wetgewende proses te verseker, het die parlement die idee van 'n volksvergadering ontwikkel. Die doel van die volksvergadering is om die publiek in staat te stel om invloed uit te oefen op besluitneming ten aansien van wette wat hulle raak en om betekenis te gee aan die idee van 'n volksvergadering wat daarna streef om die lewenskwaliteit van alle Suid-Afrikaners te verbeter en om demokrasie te versterk.*

*Sommige van die doelwitte van die volksvergadering is*

- *die skepping van 'n geleentheid vir die publiek, veral aan daardie gemeenskappe wat die meeste gemarginaliseer is, om met die parlement en provinsiale wetgewers in gesprek te tree*
  - *om 'n middel te verskaf sodat die bevolking hul stemme kan laat hoor oor kwesies wat hulle raak*
- 

### 7.3 OPENBARE DEELNAME AAN DIE BELEIDNEMINGSPROSES

Die liggaam wat verantwoordelik is vir beleidvorming is die uitvoerende gesag. Voor ons die wyse bespreek waarop die publiek aan hierdie proses deelneem, is dit belangrik om tussen wetgewing en beleid te onderskei.

**Wetgewing** sit die standarde, prosedures en beginsels uiteen wat gevolg moet word. Diegene wat versuim om wetgewing na te kom, kan hof toe geneem word.

**Beleid** sit die doelwitte en beplande aktiwiteite van die regering uiteen, maar wetgewing is nodig om beleid te implementeer.

Let asseblief op dat 'n beleidsdokument nie 'n wet is nie. Dit identifiseer dikwels 'n behoefte aan nuwe wette ten einde sy doelwitte te bereik (*Paralegal Manual*: hfst 3).

Openbare deelname aan die beleidneming neem die volgende vorme aan:

- deelname deur mediadruk
- deur die regering bewus te maak van die behoefte aan 'n nuwe beleid onder oorweging
- deur ministers en raadgewers te ontmoet
- deur die parlement bewus te maak van die behoefte aan nuwe beleid (via parlementêre komitees)
- deur deel te word van die raadgewende komitees of taakmag
- deur die betrokke departement te ontmoet
- deur kommentaar op besprekingsdokumente te lewer
- deur kommentaar te lewer op konsep- en hersiene konsepbeleid
- deur die media in te span om openbare debat te stimuleer (<http://www.paralegaladvice.org>)

*Izimbizo* en openbare vergaderings is ook 'n belangrike konsultasie-metode, aangesien hulle die publiek in staat stel om direk met die uitvoerende gesag in gesprek te tree. 'n *Imbizo* is 'n inisiatief deur 'n munisipaliteit waartydens vrae beantwoord word, probleme aangehoor word en na advies van die publiek oor die munisipaliteit se programme en dienste geluister word.



#### Aktiwiteit

---

Onderskei tussen 'n wet en beleid.



#### Terugvoer

---

*'n Wet sit standaarde, prosedures en beginsels uiteen wat gevolg moet word. Diegene wat versuim om die wet te gehoorsaam, kan hof toe geneem word. Beleid sit die doelwitte en beplande aktiwiteite van die regering uiteen, maar wetgewing is nodig om beleid te implementeer. Let asseblief op dat 'n beleidsdokument nie wetgewing is nie. Dit identifiseer dikwels 'n behoefte aan nuwe wetgewing ten einde sy doelwitte te kan bereik.*

---

### 7.3.1 Stadia in besluitneming en die wetgewende proses (en openbare deelname)

#### STADIUM 1

Beleid word by 'n konferensie van die regerende party gemaak. Daar is debatte en die regerende party besluit op sy doelwitte vir spesifieke kwessies. Hulle kan byvoorbeeld besluit dat die beleid oor toegang tot onderwys moet wees dat alle kinders skool toe moet gaan (ver-

pligte onderwys). Die party se lede probeer dan om hierdie beleid te implementeer.

## **STADIUM 2**

Die uitvoerende gesag (Minister) stel beleid oor 'n kwessie op. Die parlement moet beleid goedkeur en nuwe wette aanvaar om regsdrag aan die beleid te verleen. Dit kan egter 'n lang proses wees waartydens debatte deur die regerende party met die opposisiepartye en die publiek gevoer word oor die beleid of wet wat deur die regerende party voorgestel is. Gedurende hierdie tyd stel die betrokke staatsdepartement besprekingsdokumente op oor die beleid/wet wat "Groenskrifte" en "Witskrifte" genoem word om voorsiening te maak vir kommentaar.

Die publiek word die geleentheid gegee om aan hierdie debat deel te neem deur parlementêre komiteevergaderings by te woon. 'n Konkrete voorbeeld: die regerende party verklaar sy beleid van verpligte onderwys vir alle kinders onder die ouderdom van 17 jaar. Die Minister van Onderwys lig sy/haar departement in oor die behoefte aan 'n beleidsdokument wat hieroor uitgereik moet word. 'n "Grondskrif" word opgestel (wat sleutelkwessies identifiseer en alternatiewe voorstel). Dit word openbaar gemaak en die publiek word uitgenooi om kommentaar daarop te lewer.

## **STADIUM 3**

Die beleid word deur die betrokke departement en ministerie gefinaliseer. Die finale beleid word opgestel en as 'n "Witskrif" gepubliseer (dit vorm die grondslag vir wetgewing). Debat word daarvoor gevoer en dit word deur die parlement aanvaar.

## **STADIUM 4**

Die wetgewing word aanvaar. Voor 'n nuwe wet egter in die parlement ter tafel gelê kan word, word dit 'n konsepwet genoem, maar nadat dit in die parlement ter tafel gelê is, word dit 'n wetsontwerp genoem. Die kabinet moet die wetsontwerp goedkeur en vir openbare kommentaar vrystel.

As die publiek enige veranderinge daaraan wil maak, bring die departement en die betrokke ministerie hierdie veranderinge aan. Die konsepwetgewing word dan deur die minister in die parlement ter tafel gelê. Sodra 'n konsepwet ter tafel gelê is, word 'n nommer daaraan toegeken, byvoorbeeld B6 van 2007, en dit gaan deur die proses om wetgewing te word. As die parlement tot die wetsontwerp instem, word dit na die President gestuur wat dit onderteken, waarna dit wet word en deel van die reg van Suid-Afrika.

Daar is baie maniere waarop die publiek aan die wetgewende vertakking van die regering kan deelneem. Raadpleeg die verwysings aan die einde van deel B van hierdie studiegids as jy verder navorsing wil doen.



#### Aktiwiteit

---

Bespreek die proses waarvolgens beleid wetgewing word.



#### Terugvoer

---

*'n Party stel aanvanklik beleid op oor spesifieke kwessies. Die lede van die party stel dan hierdie beleid voor en daar word met die opposisieparty en die publiek debat daaroor gevoer. Omdat die parlement beleid moet goedkeur en nuwe wetgewing moet aanvaar om regs krag daaraan te verleen, stel die uitvoerende gesag besprekingsdokumente, genoem "Groenskrifte" en "Witskrifte" op (om sleutelkwessies te identifiseer en alternatiewe voor te stel). Die beleid word deur die betrokke departement en ministerie gefinaliseer. 'n Finale beleid word opgestel en as 'n "witskrif" gepubliseer (dit vorm die grondslag vir die uiteindelijke wetgewing). Daarna word dit openbaar gemaak en die publiek word uitgenooi om kommentaar daarop te lewer. Die beleid word deur die betrokke departement en ministerie gefinaliseer. Debat word daaroor gevoer en dit word in die parlement aanvaar. Voor 'n nuwe wet in die parlement ter tafel gelê word, word dit 'n konsepwet genoem, maar sodra dit in die parlement ter tafel gelê is, word dit 'n wetsontwerp genoem. Die kabinet moet die wetsontwerp goedkeur en dit vir openbare kommentaar vrystel. As die publiek enige veranderings daaraan wil maak, bring die departement en betrokke ministerie hierdie veranderings aan. Die konsepwet word dan in die parlement deur die minister ter tafel gelê. Sodra 'n wetsontwerp ter tafel gelê is, word 'n nommer daaraan toegeken, byvoorbeeld B6 van 2007, en dit gaan dan deur die proses totdat dit wet word. As die parlement die wetsontwerp goedkeur, word dit na die President gestuur wat dit onderteken, waarna dit wet word en deel van die Suid-Afrikaanse reg.*

---

## 7.4 'N PAAR STRUKTURE WAT OPENBARE DEELNAME AAN DIE UITVOERENDE VERTAKKING VAN DIE REGERING ONDERSTEUN

Die Grondwet maak in artikel 181 voorsiening vir die totstandkoming van staatsinstellings om grondwetlike demokrasie in die Republiek te versterk. Daar word na hulle as "Hoofstuk 9-instellings" verwys.

Die instellings is onafhanklik en slegs aan die Grondwet en die reg onderworpe (a 181(2)). Ander staatsorgane moet hierdie instellings bystaan en beskerm om die onafhanklikheid, onpartydigheid, waardigheid en doeltreffendheid van hierdie instellings te verseker. Hierdie instellings is verantwoordingspligtig teenoor die Nasionale Vergadering, en moet

minstens een keer per jaar oor hul bedrywighede en die verrigting van hul funksies aan die Vergadering verslag doen.

Hier is 'n paar voorbeelde van die strukture wat openbare deelname ondersteun.

**Openbare Beskermer** – die Openbare Beskermer ondersoek enige optrede van die regering wat na bewering onbehoorlik is. Hy/sy doen verslag daaroor en doen gepaste regstellende stappe oor daardie onbehoorlike optrede. Die Openbare Beskermer doen jaarliks aan die Nasionale Vergadering verslag.

**Die Ouditeur-generaal** ouditeer (inspekteer) en doen verslag oor die rekenings en finansiële bestuur van staatsdepartemente. Hy/sy dien auditverslae by enige wetgewende liggaam (soos die parlement) in.

**Kommissies van ondersoek** stel slegs ondersoek in na aangeleenthede rakende die uitvoerende gesag en hierdie ondersoekverslae word deur die parlement oorweeg.

Ingevolge die **Wet op Spesiale Ondersoekeenhede en Spesiale Tribunale 74 van 1996** het die President die bevoegdheid om spesiale ondersoekeenhede aan te stel om ondersoek te doen na bewerings van onregmatige optrede deur staatsamptenare en na korrupsie.

**Die media** (koerante, radio, televisie, internet, ens) doen verslag oor politici se werkverrigting. Die media tree as openbare waghond op.

**Politieke partye** – politieke partye dien as skakel tussen die regering en sy burgers. Politieke partye onderrig ons, die burgers, en tree as waghond oor die regering op. Met ander woorde, in Suid-Afrika is politieke partye die middel waardeur die meerderheid van die burgers aan die politieke proses deelneem. Politieke partystrukture kan dus gebruik word om te verseker dat burgers se standpunte en griewe deur die stelsel syfer en daarbenewens bied hulle kanale vir die verspreiding van inligting op voetsoolvlak.

Ons moet ook nie vergeet nie dat die **algemene publiek** beheer oor die uitvoerende gesag kan uitoefen deur middel van openbare debatte en kritiek en deur talryke belangegroepes soos vakbonde, kerke, ensovoorts. Dit word moontlik gemaak deur elke burger se reg op vryheid tot inligting (a 32 van die Grondwet) en die reg op vryheid van spraak (a 16).

## 7.5 SAMEVATTING

In hierdie studie-eenheid het ons op openbare deelname aan nasionale regering gekonsentreer. In die volgende en finale studie-eenheid ondersoek ons openbare deelname aan provinsiale en plaaslike regering.

# Studie-eenheid 8

## Openbare deelname aan provinsiale en plaaslike regering

### Inhoud

---

- 8.1 Inleiding
  - 8.2 Openbare deelname aan provinsiale regering
  - 8.3 Openbare deelname aan plaaslike regering
  - 8.4 Samevatting
- 



### Leeruitkomste

---

Nadat jy hierdie studie-eenheid bestudeer het, behoort jy

- openbare deelname aan die provinsiale wetgewende proses te kan beskryf
  - openbare deelname aan die plaaslike wetgewende proses te kan bespreek
  - die rol te kan verduidelik wat tradisionele leiers speel in openbare deelname aan plaaslike regering
- 

## 8.1 INLEIDING

So belangrik as wat die ontleding van openbare deelname aan nasionale regering is, soos in die vorige studie-eenheid gedoen, net so belangrik is dit om openbare deelname aan provinsiale en plaaslike regering te ontleed. Hierdie studie-eenheid dek hierdie onderwerp.

Die doel van openbare deelname aan wetgewende en beleidnemings-aktiwiteite is om arm mense die geleentheid te gee om hul omstandighede, hul behoeftes en griewe bekend te stel. Die regering het hom verbind tot openbare deelname deur die armste sektore van die samelewing en het verklaar dat die transformasie van die parlement en die wetgewers plaasgevind het binne die raamwerk wat poog om openbare deelname aan wetgewende proses en beleid deur middel van openbare verhore oor alle wetsontwerpe en beleide aan te moedig.

Die ondervinding van die laaste paar jaar dui egter daarop dat hoofsaaklik diegene wat toegang tot hulpbronne het en wat georganiseer is, van hierdie prosesse gebruik gemaak het.



Die belangrikste beperking op openbare deelname aan die wetgewende proses is 'n gebrek aan vermoëns en hulpbronne onder die armes en gemarginaliseerdes en dit is juis hulle deelname wat nodig is. Hoewel openbare deelname dikwels as 'n vorm van bemagtiging beskou word, bestaan die gevaar dat slegs diegene wat reeds bemagtig is die voordele hiervan kan geniet.

## 8.2 OPENBARE DEELNAME AAN PROVINSIALE REGERING

### 8.2.1 Openbare deelname aan die provinsiale wetgewende proses

Openbare deelname aan die provinsiale wetgewende proses word gewaarborg deur artikel 118(1)(a) wat vereis dat provinsiale wetgewers openbare betrokkenheid by die wetgewende en ander prosesse van die wetgewer, asook dié van sy komitees vergemaklik.

Bogenoemde artikel plaas 'n verpligting op die **provinsiale wetgewers** om openbare betrokkenheid by hul onderskeie wetgewende prosesse te vergemaklik (*Doctors*).

Openbare deelname aan die provinsiale wetgewende proses is dieselfde as openbare deelname aan die nasionale wetgewende proses, aangesien die provinsiale wetgewers die bevoegdheid het om

- enige persoon of instelling te dagvaar om getuienis voor hulle af te lê of om dokumente voor te lê
- petisies, voorleggings of verdoë van enige belanghebbende persoon of instelling te ontvang
- hul werksaamhede op 'n oop wyse te verrig en hul sittings en dié van hul komitees in die openbaar te hou

Provinsiale wetgewers kan die publiek slegs van hul sittings en dié van hul komitees uitsluit indien dit redelik en regverdigbaar is om dit te doen in 'n oop en demokratiese samelewing ingevolge artikel 36 van die Grondwet. Hulle moet ook die publiek tot hul verrigtinge en tot dié van hul komitees toelaat.

Let asseblief op dat vergaderings in camera, agter geslote deure, gehou sal word indien 'n aangeleentheid wat as sub judice (nog onbeslis en onder geregtelike oorweging) beskou word, aan komitees voorgelê word voor die verantwoordelike lid die werklike begroting in die openbaar bekend maak of indien die aangeleentheid handel oor sake wat verband hou met openbare veiligheid wat vir 'n tydperk van die publiek weerhou moet word.



### Aktiwiteit

---

Wat is die doel van openbare deelname en kan alle mense in die land van die prosesse gebruik maak?



### Terugvoer

---

*Die doel van openbare deelname aan wetgewende en beleidsaktiwiteite is dikwels om arm mense die geleentheid te bied om hul behoeftes en griewe te lug. Dit is egter hoofsaaklik diegene wat toegang tot hulpbronne het en wat beter georganiseer is wat van hierdie prosesse gebruik maak. Armes en gemarginaliseerdes is nie in staat om dit te doen nie, as gevolg van 'n gebrek aan kapasiteit en hulpbronne. Hoewel openbare deelname dikwels beskou word as 'n vorm van bemagtiging, bestaan die gevaar dat slegs diegene wat alreeds bemagtig is die voordele daarvan kan geniet.*

---



### Aktiwiteit

---

In watter omstandighede mag die provinsiale wetgewer die publiek van hul sittings uitsluit?



### Terugvoer

---

*Die provinsiale wetgewer mag die publiek alleen van die sittings van hul komitees uitsluit indien dit redelik en regverdigbaar is om dit te doen in 'n oop en demokratiese samelewing ingevolge artikel 36 van die Grondwet. 'n Vergadering sal in camera, agter geslote deure, gehou word indien 'n geleentheid wat sub judice (nog onbeslis en onder geregtelike oorweging) beskou word, aan 'n komitee voorgelê word of voor die verantwoordelike lid die werklike begroting in die openbaar bekend maak of indien die aangeleentheid handel oor sake wat verband hou met openbare veiligheid wat 'n tyd lank van die publiek weerhou moet word.*

---



### Lees

---

Lees die volgende opsomming van die *Doctors for Life*-saak:

Die belang van openbare deelname aan die provinsiale wetgewende proses is deur die hof herhaal in *Doctors for Life International v Speaker of the National Assembly and Others* (CCT12/05) [2006] ZACC 11; 2006 (12) BCLR 1399 (KH); 2006 (6) SA 416 (KH) (17 Augustus 2006).

In die gevallestudie was die applikant se klag dat die NRVP en die provinsiale wetgewers gedurende die wetgewende proses, wat gelei het tot die aanvaarding van hierdie wette, nie hul grondwetlike verpligtinge nagekom het om openbare betrokkenheid by hul wetgewende prosesse te vergemaklik nie,

soos vereis deur onderskeidelik die bepalinge van artikel 72(1)(a) en 118(1)(a) van die Grondwet.

Die hof het 'n bevel uitgereik waarin verklaar is dat die parlement versuim het om sy grondwetlike verpligting na te kom om openbare betrokkenheid te vergemaklik voor die wetgewing uitgevaardig is, soos vereis deur artikel 72(1)(a) van die Grondwet. Die hof beslis dat daardie wetgewing aanvaar is op 'n wyse wat onbestaanbaar is met die Grondwet en die betrokke wetgewing is ongeldig verklaar. Die ongeldigheidsbevele is vir 'n tydperk van 18 maande opgeskort om die parlement in staat te stel om die wette te verorden op 'n wyse wat met die Grondwet bestaanbaar is.

In sy uitspraak verklaar die hof dat die frase "openbare betrokkenheid vergemaklik" 'n breë begrip is wat verband hou met die plig om openbare deelname aan die wetgewende proses te verseker. Die sleutelwoorde in hierdie frase is "vergemaklik" en "betrokkenheid". Om te "vergemaklik" beteken om "dit maklik of makliker te maak", "te bevorder" of "aan te help". Die frase "openbare betrokkenheid" word algemeen gebruik om die proses te beskryf waarvolgens die publiek toegelaat word om deel te neem aan die besluitnemingsproses (bl 1403–2006 (12) BCLR 1399 (KH)).

## 8.2.2 Openbare deelname aan die beleidnemingsproses

Jy of jou organisasie kan op die volgende maniere deelneem aan die beleidnemingsproses:

- Woon sittings van parlementêre komitees by waartydens beleid bespreek word.
- Dien 'n skriftelike voorlegging by 'n komitee in.
- Stuur 'n petisie en 'n brief of dokument onderteken deur baie mense.

## 8.3 OPENBARE DEELNAME AAN PLAASLIKE REGERING (A 151 VAN DIE GRONDWET)

### 8.3.1 Openbare deelname aan die uitvaardiging van verordeninge

**'n Verordening is 'n reël of wetgewing wat deur 'n plaaslike owerheid gemaak is.**

Ons neem deel aan die maak van verordeninge deur 'n munisipaliteit (a 156(2)).

Geen verordening mag uitgevaardig word nie, tensy alle lede van die munisipale raad redelike kennis gegee is van die beoogde verordening.

Wanneer 'n verordening vir openbare kommentaar gepubliseer word, moet sodanige kommentaar deur die raad oorweeg word, en na oorweging deur die raad aanvaar word.

Ingevolge artikel 162 mag 'n munisipale verordening slegs afgedwing word nadat dit in die *Staatskoerant* van die betrokke provinsie gepubliseer is.

Hierdie munisipale verordeninge moet vir die publiek toeganklik wees, soos vereis deur artikel 32 van die Grondwet, wat elke burger se reg op toegang tot inligting wat deur die staat gehou word, waarborg.



#### Aktiwiteit

---

Verduidelik hoe die publiek aan die maak van verordeninge deelneem.



#### Terugvoer

---

*Ons neem deel aan die maak van verordeninge deur 'n munisipaliteit (a 156(2)). Geen verordening mag aanvaar word nie, tensy redelike kennisgewing van die beoogde verordening aan alle lede van die munisipale raad gegee is. Wanneer 'n verordening vir openbare kommentaar gepubliseer word, moet sodanige kommentaar deur die raad oorweeg word, en ná oorweging, aanvaar word. Kragtens artikel 162 mag 'n munisipale verordening slegs afgedwing word nadat dit in die Staatskoerant van die betrokke provinsie gepubliseer is. Hierdie munisipale verordeninge moet vir die publiek toeganklik wees, soos vereis deur artikel 32 van die Grondwet, wat elke burger se reg op toegang tot inligting wat deur die staat gehou word, waarborg.*

---

### 8.3.2 Maniere waarop mens aan plaaslike regering kan deelneem

Die publiek neem op plaaslike vlak deel deur middel van wyksraadslede en wykskomitees, wat as die direkte skakel tussen die plaaslike raad en die publiek dien. Die raadslid is daarvoor verantwoordelik om te verseker dat die bevolking ingelig word oor raadsbesluite, ontwikkelings en begrotingsplanne vir enige raadsprogramme wat hulle sal raak (*Paralegal Manual* hfst 3).

Artikel 16 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels 32 van 2000 reël sommige van die volgende sleutelgebiede wat gemeenskapsdeelname vereis:

- Assessering en goedkeuring van die begroting
- Beplanning en ontwikkeling van die geïntegreerde ontwikkelingsplan
- Gereelde monitering van raadsaktiwiteite
- Prestasiebestuur om te verseker dat teikens behaal word
- Direkte advies en ondersteuning oor aangeleenthede wat na raadslede verwys word

- Koukus, bywoning van vergaderings en verhore belê deur wyksraadslede (*ibid*)

Ingevolge artikel 17 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels 32 van 2000 bestaan die volgende stelsels sodat gemeenskappe aan die besluitnemingsproses kan deelneem:

- die proses vir die ontvangs, prosessering en oorweging van petisies
- die prosedures waarvolgens die publiek in kennis gestel word van kwessies wat deur die raad oorweeg word en 'n proses wat voorsiening maak vir openbare kommentaar
- prosedures vir openbare vergaderings en verhore deur raadslede en munisipale beamptes
- gereelde deel van inligting oor die stand van die munisipaliteit se sake deur middel van konsultasie met gemeenskapsorganisasies en tradisionele leiers (*ibid*)



#### Aktiwiteit

---

Hoe neem die publiek aan plaaslike regering deel?



#### Terugvoer

---

*Die publiek neem op plaaslike vlak deel deur middel van wyksraadslede en wykskomitees wat dien as direkte skakel tussen die plaaslike raad en die publiek. Die raadslid is daarvoor verantwoordelik om te verseker dat almal ingelig word oor die raad se besluite, ontwikkelings, begrotingsplanne en enige raadsprogram wat hulle raak.*

---

### 8.3.3 Instellings wat demokrasie ondersteun

Hoofstuk 9 van die Grondwet maak voorsiening vir 'n aantal onafhanklike "staatsinstellings wat grondwetlike demokrasie ondersteun". Uit die oogpunt van openbare toegang en deelname is die belangrikste van hierdie instellings die Openbare Beskermer, wie se rol dit is "om ondersoek in te stel na enige optrede in staatsake, of in die openbare administrasie in enige regeringsfeer, wat na bewering of vermoedelik onbehoorlik is of enige onbehoorlikheid of benadeling tot gevolg het". Dit is van die uiterste belang dat "die Openbare Beskermer vir alle persone en gemeenskappe toeganklik moet wees".

Daar bestaan geen twyfel nie dat die werk van die Openbare Beskermer belangrike vordering verteenwoordig ten aansien van die bevordering van die gewone burger se toegang tot die regering en sy of haar vermoë om die herstel van 'n onreg te verkry.

Ander liggame wat daarop ingestel is om die regte van burgers te versterk, sluit in die Menseregtekommissie, die Kommissie vir die Bevordering en Beskerming van die Regte van Kulturele, Godsdienstige en Taalgemeenskappe, die Kommissie vir Geslagsgelykheid, die Ouditeur-Generaal en die Verkiesingskommissie.



#### Aktiwiteit

---

Noem 'n paar van die instellings wat demokrasie ingevolge Hoofstuk 9 van die Grondwet ondersteun.



#### Terugvoer

---

*Hoofstuk 9 van die Grondwet maak voorsiening vir 'n aantal onafhanklike "staatsinstellings wat grondwetlike demokrasie ondersteun", naamlik die Openbare Beskermer, die Menseregtekommissie, die Kommissie vir die Bevordering en Beskerming van die Regte van Kulturele, Godsdienstige en Taalgemeenskappe, die Kommissie vir Geslagsgelykheid, die Ouditeur-Generaal en die Verkiesingskommissie.*

---

### 8.3.4 Die rol van tradisionele leierskap in openbare deelname op plaaslike regeringsvlak

Weet jy van enige tradisionele leiers in jou gemeenskap? Watter rol speel hulle na jou mening in gemeenskapsontwikkeling?

#### 8.3.4.1 *Stadia in die ontwikkeling van tradisionele owerhede in Suid-Afrika*



#### Lees

---

Voor ons die rol bespreek wat tradisionele leiers deesdae in ons gemeenskappe speel, is dit interessant om te kyk na hoe hul rol oor die jare verander het. Ons bespreek hul geskiedenis kortliks, waarna ons op hul rol in die nuwe demokratiese Suid-Afrika konsentreer. Hierdie studiemateriaal maak 'n belangrike deel van hierdie module uit.

In die koloniale tyd was die stamhoof, volgens sy onderdane, die belangrikste en magtigste lid van sy volk. Daar is van hom verwag om geskille regverdig te beoordeel, om verstandig te regeer, om vir behoeftiges te sorg en om na die welsyn van sy mense om te sien. Die heerser het ook 'n reeks bevoegdhede en voorregte van 'n meer sekulêre aard gehad. Hy kon sy onderdane beveel om op sy lande te werk en om arbeid vir openbare werke te verskaf; hy kon belasting hef en 'n bydrae van die oes

of jagtog eis; hy was daarop geregtig om die beste grond vir sy wonings te kies en hy kon eis dat onderdane sy landerye ploeg en oes (Bennet 103).

Dit is ooglopend dat hierdie vorm van regering skerp van 'n moderne demokrasie verskil het. Tradisionele leiers het geen spesiale opleiding nodig gehad nie; hulle het slegs op grond van afkoms vir hul amp gekwalifiseer. Geen onderskeid is getref tussen die allesinsluitende regeringsbevoegdhede van regsprekende, administratiewe en wetgewende kategorieë nie, soos in Westerse regeringsvorme nie, en die heersers was nie onderworpe aan noukeurige ondersoek deur 'n onafhanklike regsprekende gesag nie. Wat na 'n sorgwekkende konsentrasie van mag in een persoon lyk, is normatief beperk deur slegs 'n verpligting om raadslede te raadpleeg en om altyd tot voordeel van die bevolking op te tree (Bennet, TW. 2004. *Customary Law in South Africa*. Juta).

Die belangriker beperking van die mag van tradisionele heersers het voortgevloei uit die werklikheid van daaglikse politiek. Die heerser het in voeling met sy mense gebly deur middel van raadslede. Soos mens kan verwag, het die status en funksie van hierdie beamptes verskil, en so ook die samestelling en take van die rade wat hulle gevorm het. Alle heersers was geneig om op hul senior familielede te steun vir raad. Hierdie individue het 'n hegte raad gevorm wat oor die algemeen privaat byeengekom het. 'n Soortgelyke, meer verteenwoordigende eenheid wat ook privaat byeengekom het, het bestaan uit lede van die familieraad tesame met gemeenskapsleiers, veral krygers. Hierdie vergaderings van die heersende aristokrasie moet onderskei word van volksvergaderings, waar alle (manlike) volwassenes in die koninkryk byeengeroep is om aangeleenthede van nasionale belang te bespreek, soos die instel van nuwe wetgewing of heffings, die organisasie van kollektiewe werkgroepe, en by geleentheid, die oplossing van nasionale geskille (Bennet 105).

Geen belangrike besluit kon sonder bespreking in die raad geneem word nie en die rade was dus in 'n posisie om optrede wat in eiebelang geneem is of wat wispelturig was, na te gaan en om uiting te gee aan openbare mening (*ibid*).

Die voorkoloniale verhouding tussen tradisionele owerhede en hul volgelinge is dus dikwels uitgebeeld as 'n dinamiese proses van bemiddeling tussen die heerser en sy volgelinge. Besluite is geneem in oorleg met verskillende rade op verskillende vlakke.

Onder die aanslag van kolonialisme en kapitalisme is die verhouding tussen tradisionele heersers en hul volgelinge egter ernstig ondermyn. Die koloniale beleid van indirekte regering (in SA, die Swart Administrasie Wet 38 van 1927) het tradisionele leiers in regeringsfunksionarisse verander. Hul posisies is van toe af deur die koloniale staat gewaarborg en hulle was nie meer afhanklik van die steun van hul volgelinge nie.

Tradisionele regeringsinstellings is onderwerp aan statutêre reëls wat 'n wetgewende superstruktuur bo tradisionele strukture ingevoer het. Tradisionele heersers is erken en aangestel deur die regering en hul posisies is nie meer bepaal ingevolge die gewoontereg en -prosedures nie (Rautenbach, Bekker & Goolam).

Dit was egter die geval voor die nuwe demokratiese bedeling in Suid-Afrika. Vandag erken ons Grondwet die instelling, status en rol van tradisionele leierskap.

#### *8.3.4.2 Die Grondwet en tradisionele owerhede in Suid-Afrika*

Aangesien die Suid-Afrikaanse inheemse bevolking uit 'n diversiteit van kulturele gemeenskappe bestaan en omdat ons Grondwet dit erken, erken die staat dat daar 'n behoefte is aan geskikte ondersteuning en kapasiteitsbou vir instellings van tradisionele leierskap. Tradisionele leiers en rade kan ook 'n belangrike rol in die ontwikkelingsprogramme en dienslewering van plaaslike regering speel. Die regering beskou tradisionele leiers as vennote in die implementering van sy programme.

Artikel 211 van die Grondwet erken tradisionele leiers as volg:

- (1) Die instellings, status en rol van tradisionele leierskap, volgens die gewoontereg, word behoudens die Grondwet erken.
- (2) 'n Tradisionele owerheid wat 'n stelsel van gewoontereg naleef, kan funksioneer behoudens enige toepaslike wetgewing en gebruike, waarby ingesluit is enige wysiging of herroeping van daardie wetgewing of gebruike.
- (3) Die howe moet die gewoontereg toepas wanneer die reg toepasbaar is, behoudens die Grondwet en enige wetgewing wat spesifiek oor gewoontereg handel.

Artikel 212 sien die rol van tradisionele leiers as volg:

- (1) Nasionale wetgewing kan voorsiening maak vir 'n rol vir tradisionele leierskap as 'n instelling op plaaslike vlak betreffende aangeleenthede wat plaaslike gemeenskappe raak.
- (2) Ten einde aangeleenthede te behandel in verband met tradisionele leierskap, die rol van tradisionele leiers, die gewoontereg en die gewoontes van gemeenskappe wat 'n stelsel van gewoontereg naleef, kan
  - (a) nasionale of provinsiale wetgewing voorsiening maak vir die instelling van huise van tradisionele leiers en
  - (b) nasionale wetgewing 'n raad van tradisionele leiers instel.



#### 8.3.4.3 Wetgewing wat spesifiek oor tradisionele leierskap handel

Verskeie wette is uitgevaardig en 'n verskeidenheid van programme is geïmplementeer om te verseker dat tradisionele leierskap 'n belangrike bydrae tot die ontwikkeling van die samelewing lewer.

- (i) Die doel van die **Traditional Leadership and Governance Framework Act 41 van 2003** was om 'n nasionale raamwerk uiteen te sit wat die plek en rol van tradisionele leierskap in die nuwe stelsel van demokratiese bestuur sal definieer.

Verder moet die instellings van tradisionele leierskap getransformeer word om in harmonie te wees met die Grondwet en die Handves van Regte. Ingevolge artikel 2(3) van hierdie Wet moet die gemeenskap die betrokke gewoontereg en gebruike verander en aanpas sodat dit voldoen aan die vereistes van die Handves van Regte, deur veral

- (a) onbillike diskriminasie te voorkom
- (b) gelykheid te bevorder
- (c) geslagsverteenvoording in die opvolging tot tradisionele leierskapposies in toenemende mate te bevorder

- (ii) Hierdie Wet is nou gewysig deur die **Traditional Leadership and Governance Framework Amendment Act 23 van 2009**. Die Wysigingswet beoog om onder andere die Wet dermate te wysig om definisies te vervang of in te voeg, en ook om die verkiesing van plaaslike huise van tradisionele leiers te reël. Dit reël ook die rol van tradisionele leiers.

- (iii) Die **National House of Traditional Leaders Act 22 van 2009** baan die weg vir die totstandkoming van die Nasionale Huis van Tradisionele Leiers. Hierdie Wet sit die wyse uiteen waarop die instelling gestruktureer moet word. Die Wet verklaar dat minstens een derde van die lede vroue moet wees. Lede word in elke provinsiale huis uit die geledere van senior tradisionele leiers gekies.

Die bevoegdheide en pligte van hierdie instelling word ook uiteengesit. Dit moet onder andere nasiebou, stabiele gemeenskappe, die bewaring van kultuur en tradisies en sosio-ekonomiese ontwikkeling en dienslewering bevorder. Die Huis kry ook opdrag om gewoontereg aan te pas by die bepalings van die Handves van Regte in die Grondwet.

Die parlement mag ook wetsontwerpe na die Huis vir oorweging verwys. Die Huis het ook die bevoegdheid om raad te gee en aanbevelings te maak aan die regering oor kwessies wat binne sy jurisdiksiegebied val, en om kabinetsministers te adviseer oor tradisionele aangeleenthede. Die Huis sal geraadpleeg word oor

ontwikkelingsprojekte wat 'n direkte uitwerking op landelike gemeenskappe het.

Soos hierbo gesien, moet samewerkende verhoudings en vennootskappe met die nasionale regering tot stand gebring word in belang van ontwikkeling en dienslewering. Die aanbevelings wat deur die tradisionele huise aan die regering gemaak word, dwing die huise om die publiek te betrek en om hul sienings te bekom.

Wat aanspreeklikheid betref, word van die Huis verwag om 'n elke jaar 'n verslag aan die parlement voor te lê waarin sy aktiwiteite en program van optrede uitvoerig uiteengesit word.

- (iv) Die volgende instellings moet ingevolge wetgewing en die Grondwet geskep word om erkenning te verleen aan tradisionele leiers en gewoontereg.
- **Tradisionele rade.** Wetgewing het die samestelling van tradisionele rade verander om voorsiening te maak vir die elemente van demokrasie (40% van die lede moet verkies word) en geslagsverteenvoording (een derde van die lede moet vroue wees). Wetgewing het ook die moontlikheid geskep dat munisipaliteite en tradisionele rade regering van samewerking kan bereik. 'n Sterk stem is aan tradisionele rade verleen en hulle mag nou vennootskappe en diensleweringsooreenkomste met die regering in alle sferes sluit.
  - **Huise van tradisionele leiers.** Die Grondwet gee opdrag dat huise van tradisionele leiers tot stand gebring word deur middel van óf provinsiale óf nasionale wetgewing.

Die **Traditional Leadership and Governance Framework Act 41 van 2003** maak voorsiening vir die totstandkoming van plaaslike huise van tradisionele leiers.

Die nasionale en provinsiale huise van tradisionele leiers verbeter die samewerkende verhoudings in die nasionale en provinsiale regering, terwyl die totstandkoming van plaaslike huise van tradisionele leiers sal verdiep en die verhoudings tussen munisipaliteite en tradisionele leiers oor gewoontereg en ontwikkelingsinisiatiewe sal versterk.

### 8.3.5 Ander wetgewing wat openbare deelname op plaaslike vlak beklemtoon

Die doel van artikel 4 van die **Promotion of Administrative Justice Act van 2000** is om die vorige situasie reg te stel toe die algemene publiek geen of min insette kon lewer by die promulgasie van gedelegeerde

wetgewing of voor administratiewe besluite van algemene toepassing geneem is (dws besluite wat die publiek in die algemeen, en nie net een persoon raak nie) en om aan die algemene publiek die reg te verleen om aangehoor te word oor kwessies van openbare besorgdheid deur middel van 'n openbare verhoor of kennisgewing-en-kommentaar-prosedure.

Artikel 4 is van toepassing op die algemene administratiefregtelike verhouding en maak voorsiening vir situasies waar die regte van die publiek deur administratiewe optrede geraak word.

'n Voorbeeld van administratiewe optrede wat moontlik 'n invloed op die publiek kan hê, is te vinde in die Wet op Lewende Mariene Hulpbronne 18 van 1998, wat voorsiening maak vir die toekenning van visvangkwotas. Die verlening of weiering van sulke kwotas het 'n algemene impak op die visvangbedryf ('n groep of klas van die publiek) as sodanig.

In hierdie gevalle waar die regte van die publiek betrokke is, moet 'n administrateur besluit om

- (a) 'n openbare verhoor te hou (a 4(1)(a))
- (b) 'n kennisgewing-en-kommentaar-prosedure te volg (a 4(1)(b))
- (c) 'n kombinasie van die twee te aanvaar (a 4(1)(c))
- (d) waar aan die administrateur die bevoegdheid verleen word deur enige bemaagtigende bepaling om 'n prosedure te volg wat billik, maar verskillend is, om daardie prosedure te volg (a 4(1)(d))
- (e) 'n ander gepaste prosedure te aanvaar wat gevolg aan artikel 4 gee (a 4(1)(e))

Alle wetgewing wat voorsiening maak vir openbare deelname, soos die bepalings van die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur 107 van 1998 (NEMA) op die omgewingsimpakbepalingsproses (OIB-proses), moet voldoen aan die bepalings van PAJA. Gedurende die OIB-proses word individue wat deur die voorgenome optrede geraak word, by wyse van individuele kennisgewing ingelig, en die algemene publiek word in kennis gestel op die betrokke eiendom, in 'n kennisgewing in 'n plaaslike/provinsiale/nasionale koerant of in die betrokke *Staatskoerant*. Die kennisgewing moet aandui dat 'n aansoek by die bevoegde owerheid ingevolge die OIB-regulasies ingedien sal word. Dit moet die aard en ligging van die aktiwiteit verklaar, waar meer inligting oor die voorgenome aktiwiteit verkry kan word en die manier waarop vertoë ten aansien van die aansoek ingedien kan word. Die volgende is 'n voorbeeld van 'n amptelike kennisgewing van 'n openbaredeelnemingsproses waarvolgens mense in kennis gestel word van spesifieke ontwikkelings sodat hulle kommentaar daarop kan lewer, beswaar daarteen kan maak of ander insette kan lewer.

## 8.4 SAMEVATTING

Soos duidelik blyk, is dit van die uiterste belang dat die publiek aan die provinsiale wetgewende proses deelneem, soos in hierdie studie-eenheid herhaal is. Ons het gekonsentreer op openbare deelname aan sowel die provinsiale as die plaaslike regering, asook op die rol wat tradisionele leiers op plaaslikeregeringsvlak speel.

# VERWYSINGS

## Boeke

Bennet, TW. 2004 *Customary Law in South Africa*. Juta.

Mcquoid-Mason, D, Mchunu, M, Govender, K, O'Brien, EL & Curd Larkin MC. 1994. *Democracy for All: Education Towards a Democratic Culture*. (1994) Durban: Street Law, Centre for Socio-Legal Studies, University of Natal, National Institute for Citizen Education in the Law (NICEL).

Rautenbach, Bekker, Goolam. 2010. *Introduction to legal pluralism* 3rd edition. Lexis Nexis.

*The new choice English dictionary*, New edition, 1999, Php.

## Internet

- *Paralegal Manual*, ch 3. Democracy and public participation, available at [http://www.paralegaladvice.org.za/docs/03\\_full.html](http://www.paralegaladvice.org.za/docs/03_full.html), accessed on 20 April 2011.
- Burger, D. Government Communication and Information System available at <http://www.info.gov.za/aboutgovt/tradlead.htm>, accessed on 2 May 2011.
- <http://www.info.gov.za/aboutgovt/tradlead.htm>.
- <http://paralegaladvice.org.za>.
- [http://pmg.org.za\(parlinfo\)/](http://pmg.org.za(parlinfo)/), accessed on 11 May 2011.
- <http://www.paralegaladvice.org.za>.
- [mayihlome.wordpress.com](http://mayihlome.wordpress.com).
- <http://www.parliament.gov.za>, accessed on 11 May 2011.
- <http://southafrica.info/gov.htm>.

## Regspraak

- *Doctors for Life International v Speaker of the National Assembly and Others* (CCT12/05) [2006] ZACC 11; 2006 (12) BCLR 1399 (KH); 2006 (6) SA 416 (KH).
- Municipal Systems Act 32 of 2000.
- *Fedsure versus Greater Johannesburg Metropolitan Council* 1999 (1) South Africa 374 (CC).

## **Wetgewing**

- Promotion of Administrative Justice Act 3 van 2000 (net in Engels).
- National House of Traditional Leaders Act 2009.
- The Constitution of the Republic of South Africa, 1996.
- Traditional Leadership and Governance Framework Act 41 van 2003.
- Traditional Leadership and Governance Framework Amendment Act 2009.
- Marine Living Resources Act 18 of 1998.
- Wet op Lewende Mariene Hulpbronne 18 van 1998.
- Die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur 107 van 1998.
- Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika 1996.

**Ons hoop dat u hierdie kursus net soveel geniet het as wat ons dit geniet het om dit aan te bied.**